

KOMMUNIKASIE DEUR KONFRONTASIE:  
CHRISTELIKE SENDING EN DIE  
'ISLAMIC PROPAGATION CENTRE INTERNATIONAL'

deur

Johan Carstens

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir  
die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

in die vak

SENDINGWETENSKAP

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF J N J KRITZINGER

NOVEMBER 1992

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I

RELEVANSIE EN METODOLOGIE

	Bl.
1.1. Relevansie.....	1
1.2. Doel van die studie.....	2
1.3. Navorsingsmetodes.....	3
1.4. Teologiese Raamwerk.....	4
1.5. Bronne.....	5
1.6. Indeling van die stof.....	6

HOOFSTUK II

DIE ISLAMIC PROPAGATION CENTRE INTERNATIONAL.


2.1. Die Islamic Propagation Centre International.....	7
2.1. Historiese agtergrond van Moslem-en Christen disputasie.....	8
2.1.1. Sosio-politieke agtergrond.....	8
2.1.2. Redevoeringe.....	10
2.2. Die verhouding tussen Moslems en Christene in Suid-Afrika.....	11
2.2.1. Die koms van Moslems na Suid-Afrika.....	11
2.2.2. Sosio-Politieke Agtergrond.....	13
2.3. Onderstrominge in Islam.....	16
2.4. Die Ahmadiyya beweging.....	18
2.5. Die ontstaan van die IPCI.....	21
2.6. Resente ontwikkelinge.....	23

## OPSOMMING

Hierdie studie kom voort uit die groeiende behoefte onder Christene in Suid-Afrika om die evangelie aan Moslems te kommunikeer. Die vertrekpunt van die studie is in 'n charismaties-evangeliese teologie, 'n tradisie wat tot op hede nog nie ernstige teologiese aandag aan getuienis teenoor Moslems gegee het nie. Dit gee 'n oorsig oor die herkoms van Suid-Afrikaanse Moslems en konsentreer dan op die uitdaging wat aan Christene gestel word deur die aktiwiteite van Mnr. Ahmed Deedat en die Islamic Propagation Centre International (IPCI). Die ontstaan van die IPCI en die inhoud van hulle openbare debatte en publikasies word eerstens ontleed. Daarna word die programme van drie Christengroepe, wat pertinent op die aktiwiteite van die IPCI reageer, beskryf en geëvalueer. In 'n slothoofstuk word riglyne neergelê vir 'n alternatiewe benadering teenoor Moslems wat klem lê op die plaaslike gemeente en op vriendskapevangelisasie.

## SUMMARY

This study emerges from a growing desire of Christians in South Africa to communicate the gospel to Muslims. The starting point of the study is in a charismatic-evangelical theology, a tradition which has not yet given serious theological attention to Christian witness to Muslims. It gives a survey of the origin of South African Muslims and then concentrates on the challenge presented to Christians by the activities of Mr. Ahmed Deedat and the Islamic Propagation Centre International (IPCI). First of all the development of the IPCI and the content of its public debates and publications are analysed. Then the programmes of three Christian groups that have reacted pertinently to the IPCI are described and evaluated. In a closing chapter some guidelines are given for an alternative approach to Muslims which emphasises the local congregation and friendship evangelism.



01492899

## VOORWOORD.

Met die voltooiing van hierdie verhandeling wil ek graag my dank uitspreek teenoor verskeie persone en instansies wat my in die proses bygestaan, bemoedig en die verhandeling moontlik gemaak het.

Professor J N J Kritzinger vir die wyse wat hy my deur die verhandeling gelei het en die voorbeeld van akademiese deeglikheid wat hy deurgaans gestel het.

My vrou Lillian, kinders en familie vir die verdraagsaamheid en bemoediging.

My huisgemeente en Kollegepersoneel, vir die vertrou.

Die deelnemers aan hierdie studie John Gilchrist, Gerhard Nehls, Anis Shorrosh en Ahmed Deedat vir die openhartigheid en beskikbaarstelling van kosbare inligting.

Die Here Jesus Christus, vir die krag en motivering van hierdie studie.

Baie dankie.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I

RELEVANSIE EN METODOLOGIE

	Bl.
1.1. Relevansie.....	1
1.2. Doel van die studie.....	2
1.3. Navorsingsmetodes.....	3
1.4. Teologiese Raamwerk.....	4
1.5. Bronne.....	5
1.6. Indeling van die stof.....	6

HOOFSTUK II

DIE ISLAMIC PROPAGATION CENTRE INTERNATIONAL.

2.1. Die Islamic Propagation Centre International.....	7
2.1. Historiese agtergrond van Moslem-en Christen disputasie.....	8
2.1.1. Sosio-politieke agtergrond.....	8
2.1.2. Redevoeringe.....	10
2.2. Die verhouding tussen Moslems en Christene in Suid-Afrika.....	11
2.2.1. Die koms van Moslems na Suid-Afrika.....	11
2.2.2. Sosio-Politieke Agtergrond.....	13
2.3. Onderstrominge in Islam.....	16
2.4. Die Ahmadiyya beweging.....	18
2.5. Die ontstaan van die IPCI.....	21
2.6. Resente ontwikkelinge.....	23

HOOFSTUK 3

DIE AKTIWITEITE VAN DIE SENTRUM.

	Bl.
3.1. Lektuur.....	25
3.2. Oudio- en Videokassette.....	26
3.3. Debatte.....	27
3.4. Hoof temas van die IPCI.....	27
3.4.1. Die Bybel as die Woord van God.....	28
3.4.2. Die Kruis en Opstanding.....	34
3.4.3. Die Goddelikheid van Christus.....	40
3.4.4. Mohammed as profeet.....	44
3.5. Ten slotte.....	46

HOOFSTUK 4

SIM-LIFE CHALLENGE.

4.1. Agtergrond.....	47
4.2. Reaksie op die aktiwiteite van die IPCI.....	49
4.2.1. Openbare debatte met Deedat.....	50
4.2.2. Lesings en opleiding.....	50
4.2.3. Publikasies.....	50
4.2.4. Evangelisasiespanne.....	51
4.3. Benadering tot Islam.....	52
4.3.1. Konfrontasie.....	53
4.3.2. Vriendskapevangelisasie.....	55
4.3.3. Die gebruik van die Qur'an.....	56
4.4. Weerleggings van Deedat.....	56
4.4.1. Die Bybel as die Woord van God.....	57
4.4.2. Die Kruisgebeure.....	62

4.4.3. 'Jesus Christ according to Islam'.....	65
4.4.4. 'Is Mohammad mentioned in the Bible?'.....	67
4.5. Reaksie op die aktiwiteite van Life Challenge.....	68
4.6. Interne evaluering.....	71

## HOOFSTUK 5

### JESUS TO THE MUSLIMS.

	Bl.
5.1. Agtergrond.....	77
5.2. Reaksie op die aktiwiteite van die IPCI.....	78
5.2.1. Openbare debatte.....	78
5.2.2. Lesings en opleiding.....	79
5.2.3. Publikasies.....	79
5.2.4. Evangelisasiespanne.....	79
5.3. Benadering tot Islam.....	80
5.3.1. Konfrontasie.....	81
5.3.2. Vriendskapsevangelisasie.....	84
5.3.3. Die gebruik van die Qur'an.....	85
5.3.4. Politieke betrokkenheid.....	85
5.4. Weerleggings van Deedat.....	86
5.4.1. Die Bybel as die Woord van God.....	87
5.4.2. Die Kruisgebeure.....	92
5.4.3. 'Jesus Christ according to Islam'.....	97
5.4.4. 'Is Mohammad mentioned in the Bible?'.....	100
5.5. Reaksie op die aktiwiteite van Jesus to the Muslims.....	102
5.6. Interne evaluering.....	103

HOOFSTUK 6

ANIS SHORROSH EVANGELICAL ASSOCIATION.

	B1.
6.1. Agtergrond.....	108
6.2. Reaksie op die aktiwiteite van die IPCI.....	109
6.2.1. Openbare debatte.....	109
6.2.2. Lesings in Suid-Afrika.....	110
6.2.3. Publikasies.....	112
6.3. Benadering tot Islam.....	113
6.3.1. Konfrontasie.....	113
6.3.2. Klemverskuiwing.....	114
6.3.3. Polarisering.....	116
6.3.4. Verdediging.....	117
6.3.5. Die gebruik van die Qur'an.....	117
6.4. Weerleggings van Deedat.....	118
6.4.1. 'Is Mohammad mentioned in the Bible?'.....	118
6.4.2. 'Jesus Christ according to Islam'.....	121
6.4.3. Die Kruisgebeure.....	122
6.5. Reaksie op die aktiwiteite van Anis Shorrosh.....	129
6.6. Interne evaluering.....	136

HOOFSTUK 7

ALTERNATIEWE MODEL.

7.1. Inleiding.....	140
7.2. Deedat - Wat het hy vermag?.....	141
7.2.1. Die IPCI en sy publikasies.....	141
7.2.2. Deedat as fenomeen.....	143
7.3. Drie Christenmodelle.....	144
7.3.1. Openbare Konfrontasie.....	144



7.3.2. Konfrontasie deur getuienis.....	145
7.3.3. Konfrontasie deur kennis.....	145
7.4. Benadering tot Islam.....	145
7.4.1. Ontmoeting en reaksie.....	146
7.4.2. Opsommend.....	149
7.5. Die gemeente-gesentreerde benadering.....	150
7.5.1. Koinonia en die Ummah.....	151
7.5.2. Die gemeente - 'n adres.....	154
7.5.3. Gemeente en sending.....	155
7.5.4. Opleiding.....	156
7.5.5. Vriendskapevangelisasie.....	157
7.6. Vrae vir verdere navorsing.....	158
7.7. Ten slotte.....	160

ADDENDUM I.

Lys van Arabiese- en ander woorde.....	162
--	-----

ADDENDUM II.

Lys van gepubliseerde materiaal beskikbaar van die IPCI.....	164
---	-----

ADDENDUM III.

Lys van gepubliseerde lesings beskikbaar van die IPCI op kassette.....	165
---	-----

ADDENDUM IV.

Lys van gepubliseerde materiaal beskikbaar van SIM/Life Challenge.....	168
---	-----

ADDENDUM V.

Lys van gepubliseerde materiaal beskikbaar van Jesus to the Muslims.....	169
---	-----

ADDENDUM VI.

Lys van gepubliseerde materiaal beskikbaar van Anis Shorrosh Evangelistic Association.....	170
---	-----

BRONNELYS.

BRONNELYS.....	171
----------------	-----

## HOOFSTUK I

### RELEVANSIE EN METODOLOGIE

#### 1.1. RELEVANSIE

Die onderwerp van hierdie studie het sy oorsprong in 'n groeiende behoefte onder Christene om die boodskap van Jesus Christus effektief aan hulle Moslemnaaste te kan kommunikeer.

In hulle ontmoeting met Moslems kom Christene in Suid-Afrika te staan voor 'n heel besondere en dikwels felle aanval op die geloofwaardigheid van die Evangelie. Deel van hierdie aanval het sy oorsprong in die 'Islamic Propagation Centre International' (vervolgens aangedui as die IPCI, of die Sentrum), met sy hoofkantoor in Durban. Die stigter en direkteur van die sentrum is Mnr Ahmed Deedat, 'n Suid-Afrikaanse Moslem van Indiese afkoms.

Die IPCI, onder leiding van Mnr Ahmed Deedat, probeer om enersyds verteenwoordigend vir die Moslemwêreld op te tree en andersyds om die Christenwêreld tot verantwoording te roep ten opsigte van uitsprake en teologiese aansprake oor die Bybel, die Drie-eenheid en die kruisdood van Jesus Christus.

Die standpunte van die IPCI word in Suid-Afrika versprei deur middel van lektuur (hoofsaaklik pamflette) en openbare debatte tussen Mnr Ahmed Deedat en sekere Christene wat tot hierdie debatte ingestem het. Die inhoud van die lektuur asook die openbare debatte word versprei deur middel van oudio- en video kassette.

As gevolg van die skerp aanval van die kant van die IPCI op die Evangelie, veroorsaak hierdie aktiwiteite van die Sentrum 'n groot struikelblok vir die verkondiging van die Evangelie aan die Moslems en dra dit beslis ook by tot die polarisasie van die

verteenwoordigers van beide godsdiensgroepe en bemoeilik dan ook die eerlike ontmoeting tussen hierdie partye.

In hulle uitreiking na Moslems in Suid-Afrika, het 'n paar Christene spesifieke strategieë ontwikkel om die negatiewe propaganda van die IPCI teen te werk. In hierdie studie wil ek die aktiwiteite van die Sentrum, asook die strategieë van dié Christenorganisasies en individue wat spesifiek daarop reageer, noukeurig ontleed. In die lig daarvan wil ek dan voorstelle maak vir 'n alternatiewe benadering binne die Suid-Afrikaanse konteks.

#### 1.2. DIE DOEL VAN DIE STUDIE.

Die doel van hierdie studie is dus om te luister wat die Moslemwêreld via die IPCI vir die kerk wil sê. Hierdie 'luister' moet veral ook konsentreer op die plaaslike konteks waarbinne Moslems en Christene mekaar ontmoet. Die kern van die IPCI se argumente moet vasgevat word en sover as moontlik moet die invloede en motiewe agter die argumente geïdentifiseer en na vore gebring word. Daar moet ook na die kritiese stemme binne die Moslemgemeenskap geluister word om te bepaal tot watter mate die IPCI wel 'n mondstuk van die Moslemwêreld is. Op sigself is hierdie taak nie so maklik nie aangesien daar binne die Ummah van Islam baie onderstrominge is en dit nie 'n monolitiese godsdienst is soos wat dit op die oog af blyk te wees nie.

Die hoofdoel van my studie is dus om eerstens vas te stel waarom Deedat die Sentrum op die been gebring het, wat hy deur sy publikasies en debatte bereik het en 'n inhoudelike evaluering van argumente, soos in die IPCI se publikasies uiteengesit, te gee. Aangesien die Sentrum se aktiwiteite direk en indirek met die boodskap van die Evangelie te doen het, is daar dan ook 'n deurlopende interaksie met, en gepaardgaande reaksie van die Christengemeenskap, plaaslik sowel as internasionaal. Dit bring tweedens mee dat die aard van hierdie Christenreaksie vasgelê

moet word om te sien of dit werklik tot die kern van die Sentrum se argumente deurgedring het en of die metodes wat aangewend is enige noemenswaardige invloed binne en buite die Christengemeenskap gehad het. Dié modelle moet geëvalueer word met betrekking tot hulle effektiwiteit en aanpasbaarheid binne die Suid-Afrikaanse konteks en die ontvanklikheid van die Christenboodskap by Moslems. Bogenoemde evaluasie word gedoen met in agneming van die onderskeie doelstellings wat deur die verskillende organisasies self bepaal is.

Die drie missionêre modelle wat in die studie ondersoek word is LifeChallenge se konfrontasie deur getuienis, Jesus to the Muslims as 'n model van konfrontasie deur kennis en dan ook 'n model van openbare konfrontasie in die persoon van Anis Shorrosh.

Eerstens Gerhard Nehls vanweë sy besondere benadering van georganiseerde evangelisasiewerk en die boeke wat hy geskryf het as antwoord op die polemieke rondom die uitsprake van die IPCI. Tweedens John Gilchrist, omdat hy as Suid-Afrikaner reeds op openbare platforms met Deedat aan debatte deelgeneem het en ook heelwat literatuur vir Christengebruik daar gestel het. Dr Anis Shorrosh is 'n relatiewe nuweling op die toneel, maar hy is vir die studie belangrik aangesien hy van buite die Suid-Afrikaanse konteks Deedat wil antwoord en as Arabiese Christen baie naby aan die kultuurwêreld van Arabiese Moslems beweeg.

Ten slotte is dit my doel om in die lig van hierdie evaluasies van die drie Christenreaksies enkele positiewe voorstelle te maak oor 'n sinvolle alternatiewe Christenreaksie op die uitdaging van die IPCI. Hierdie is veral gerig op die evangelies/charismatiese kringe waar ek myself teologies in tuisvind. Hiermee sluit ek by die siening van Parshall (1980:58) aan dat 'n metodologie ontwikkel moet word wat gerig is op die besondere konteks van 'n bepaalde land, sonder om Bybelse kernwaarhede prys te gee.

### 1.3. NAVORSINGSMETODES.

In die ondersoek na hierdie modelle het ek van die bestaande literatuur van die IPCI (Deedat), Gerhard Nehls (Life Challenge), John Gilchrist (Jesus to the Muslims) en Anis Shorrosh gebruik gemaak. Hierdie studiemateriaal is deur middel van persoonlike onderhoude met bogenoemde persone aangevul.

Die argumente wat ontleed is en die geanaliseerde doelstellings sal so ver as moontlik vergelykend langs mekaar gestel word en vervolgens geëvalueer word.

### 1.4. TEOLOGIESE RAAMWERK.

Ek skryf vanuit 'n agtergrond wat tuis hoort onder die sg. pinkster-'evangelicals'. Daar moet egter in ag geneem word dat die term 'evangelical' nie 'n eenvoudige afbakening van 'n sekere groep Christene is nie, aangesien die term 'evangelical' ten minste ses onderskeibare groeperinge verteenwoordig (Pomer-ville 1985:6):

Pentecostal-charismatics make up one of six distinguishable evangelical groupings: the new evangelicals, the separatist fundamentalists, confessional evangelicals, the Pentecostal and Charismatic Movements, the radical evangelicals and ecumenical evangelicals.

As deel van die 'evangelicals' onderskryf ek die basiese beginsels van die 'evangelicals' soos deur Woodward (1982:89) saamgevat, nl. 'n persoonlike verhouding met God in Jesus Christus, redding deur genade en geloof, die gesag van die Skrif en die noodsaaklikheid van die maak van bekeerlinge.

Die term 'Pinkster' is ook 'n wye begrip: "After eight decades of twentieth century Pentecost there is as yet no standard Pentecostal Theology in the mould of the Western post-Reformation theological establishment" (Clark 1989:30). Vir die doel van hierdie studie is dit dan ook nie nodig om hier te poog om

sodanige Pinksterteologie daar te stel nie behalwe om te sê dat Pinkster ook 'n dimensie van vernuwing, van die ervaring soos deur die eerste kerk beleef, beteken:

To every believer there is an experience of God's Spirit available according to the baptism found in the history of the first-century church in Acts (Clark 1989:17).

Pinkster is ook die verwagting dat God (en die krag van God) aktief, vandag in die wêreld betrokke is en dan wel deur die derde Persoon van die Drie-eenheid, die Heilige Gees. Hierdie betrokkenheid van God (en die mens) staan nie los van die gemeente (Efes. 3:10) nie, maar "Through the church, the Spirit of Jesus Christ influences every aspect of life and utilizes in His service all the gifts" (Bavinck 1960:165).

Ek skryf dus vanuit 'n pinkster-evangeliese agtergrond waarin die maak van bekeerlinge 'n belangrike maatstaf in die meet van sukses is. Ongelukkig kom nie een van die persone of modelle wat in hierdie verhandeling behandel word vanuit die pinkstergemeenskap nie. Dit wys enersyds op die moontlike gebrek aan betrokkenheid van die pinkstergemeenskap in hierdie gebied of andersyds op die gebrek aan boekstaving van betrokkenheid en metodiek.

#### 1.5. BRONNE.

Vir die studie van die IPCI is hoofsaaklik van geskrewe en video-materiaal van die Sentrum gebruik gemaak. Aan die Christelike kant is die beskikbare materiaal van drie persone gebruik (1.2.).

Aanhalings uit die Bybel is uit die nuwe Afrikaanse vertaling tensy anders aangedui. Alle aanhalings uit die Qur'an is uit die Engelse vertaling van A Yusuf Ali. Laastens is ook gebruik gemaak van koerantartikels van beide die sekulêre media sowel as dié vanuit die Moslemwêreld.

#### 1.6. INDELING VAN DIE STOF.

Hoofstuk 2 beskryf kortliks die herkoms van Moslems in Suid-Afrika en die agtergrond van Moslems ten tye van die ontstaan van die IPCI. Voorts word gekyk na die ontstaan van die Sentrum en sy plek en verhouding ten opsigte van die Moslem- sowel as die Christenwêreld. Die moontlike teologiese verband tussen sommige van die Sentrum se argumente en dié van die Ahmadiyya-beweging word ondersoek en daar word ook gekyk na die relevansie van die Sentrum plaaslik sowel as internasionaal.

Hoofstuk 3 handel oor die Sentrum en sy publikasies. Die hoofargumente word geïdentifiseer en geanaliseer. Daar word ook gekyk na die aanvaarbaarheid van die publikasies binne die Moslemkringe asook die Christenwêreld.

In hoofstukke 4, 5, en 6 gee ek aandag aan dié drie figure wat op 'n heel spesifieke wyse gereageer het op die werke van die IPCI, naamlik Nehls, Gilchrist en Shorrosh.

In hoofstuk 7 volg ten slotte 'n teologiese beoordeling van hierdie benaderings en word 'n alternatiewe benadering voorgestel.

---

## HOOFSTUK 2

### DIE ISLAMIC PROPAGATION CENTRE INTERNATIONAL.

More than 12000 people gathered outside the gates of London's famous Royal Albert Hall in the middle of December last year. Only 7500 found their way in. Others waited outside on that chilly night to hear the outcome of the debate between the two scholars of Christianity on the theme "Is Jesus God?". One of them was Ahmad Deedat, a Muslim scholar of the Bible from South Africa. At 10 o'clock when the corridors of the hall rang with shouts of 'Deedat, Deedat' the people outside new who had won the argument (Arabia 1986:93).

Ahmed Deedat, die man wat die Islamic Propagation Centre tot stand gebring het, word deur Lance Lambert (1988:6) beskryf as "the greatest Islamic evangelist in the world who boasts that he has brought more White people to conversion to Islam, than any other living Muslim". In 'n onderhoud met Arabia (1986:93) verklaar Deedat self dat:

Around five thousand people have so far converted to Islam in South Africa after listening to his discourses with Christians. Hundreds of young Muslims are now better read on Christianity than ever before.

Die IPCI speel ook 'n belangrike rol in die verkondiging van Islam aan die Swart gemeenskap in Suid-Afrika, aldus Professor Dionne Crafford (1986:6), in sy verslag aan die 1986 Algemene Sinode van die N G Kerk:

Sedert 1960 het Islam besondere moeite begin doen om Islam onder Swartmense te propageer. Vir hierdie doel word veral organisasies soos die Islamic Propagation Centre in Durban ingespan.



Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die IPCI binne 'n sterk polemiese Moslemtradisie staan, wat primêr binne die Suid-Afrikaanse konteks verstaan moet word. Om die IPCI dus na behore te plaas, moet ons kortliks op twee aspekte let, naamlik die geskiedenis van die Christen-Moslem polemieë in die algemeen en die agtergrond van die Moslem-Christen verhouding in Suid-Afrika in die besonder.

## 2.1. HISTORIESE AGTERGROND VAN DISPUTASIE TUSSEN MOSLEMS EN CHRISTENE.

Die geskiedenis van die kerk en Islam word gekenmerk as een van wedersydse wanverhoudings en geweld, 'n geskiedenis wat eensins bydra tot normale redevoering tussen aanhangers van die twee godsdienste nie. Daar is natuurlik verskeie redes vir hierdie konflik. Behalwe die feit dat beide godsdienste 'n sterk missionêre karakter het, openbaar albei ook 'n eksklusiwiteit en finaliteit ten opsigte van hulle leiers, openbaring en geskrifte.

### 2.1.1. SOSIO-POLITIEKE FAKTORE.

Reeds sedert die eerste geografiese uitbreiding van Islam het militêre verowering 'n rol gespeel in die bekering van mense tot die Islam:

Fire and sword carried Islam triumphant throughout all Arabia, Syria, Persia, Egypt, North Africa and, by more peaceful means, as far as Canton and Western China. Christianity was put under tribute and oppression, as in Asia Minor and Egypt, or swept away, as in Arabia itself, by the tornado power of the new religion and its political conquest (Zwemer 1907:57).

Daar was egter ook ander faktore wat bygedra het tot eeue van misverstand, konflik en geweld. Die Kerk in die Midde-Ooste was verswak as gevolg van voortslepende dogmatiese verskille (Biggs 1965:76). Baie Christene in die Midde-Ooste is ook vervolgd omdat hulle nie die uitsprake van die Konsilie van Chalcedon wou

onderskryf nie en het begin om die politieke uitbreiding van Islam as 'n bevryding van die Bisantynse heerskappy te sien (Wessels 1978:38). Dit het daartoe bygedra dat Christene weinig weerstand teen die uitbreiding van Islam gebied het en selfs ook Islam as alternatiewe godsdiens aanvaar het:

The Christian Church must bear a large measure of the responsibility for its own defeat. It was not only that the Eastern Empire was becoming exhausted by the drain upon its strength caused by the Persian Wars, but also that the Church itself had been gravely weakened by the long years of bitter doctrinal controversy (Biggs 1965:77).

Ander Christene weer het die snelle uitbreiding van Islam gesien as die straf van God oor 'n teruggevalle kerk (Wessels 1978:39).

Die kruistogte is seker die mees bekende vorm van 'n Christelike "heilige oorlog" en het in die algemeen nie bygedra tot enige uitbreiding van die evangelie of bevordering van die doelstellings van die Christendom nie:

Men entered the Crusades with mixed motives. The immorality, pillage and massacre which so often disgraced the movement show that in spite of great zeal in pursuance of an ideal, no true spiritual power had taken possession of them. The effects were mainly political and social rather than religious (Renwick 1977:93).

Konflik was ook nie beperk tot die ontstaanperiode van Islam òf die kruistogte nie. In die Middeleeue is Moslems in Spanje deur die 'Christenregering' vervolgt terwyl daar weer in Egipte en Bagdad kerke afgebrand is (Wessels 1978:47). In Turkye is Christene in die 16de eeu op groot skaal deur Moslems uitgeroei (Chadwick 1977:352). Kolonisasie van groot dele van die Moslem-wêreld is deur Moslems as 'n voortsetting van die kruistogte in 'n nuwe baadjie gesien (Wessels 1978:49). 'n Moslemskrywer van daardie tyd, Muhammad al-Bahay, skryf dat die Europese Christene "de gezworen vijand van die Islam" is (1978:49).

Meer onlangs vind ons verskerpte konflik tussen Moslems en Christene, veral in Afrika. In Nigerië is daar in 1987 een honderd en twintig kerke afgebrand (SIM 1987). Dit is dus duidelik dat verskeie sosio-politieke faktore deur die eeue bygedra het tot konflik tussen Christene en Moslems. Dit is teen hierdie breë agtergrond van konflik en spanning dat die IPCI verstaan moet word.

#### 2.1.2. REDEVOERING TUSSEN CHRISTENE EN MOSLEMS.

Die eerste persoon (wie se werke opgeteken is) wat poog om die verskillende teologiese opvattinge van Christene en Moslems te bestudeer was Johannes van Damaskus. Hy skryf hoofsaaklik in Grieks:

Zijn werk is voor een goed deel bepalend geworden voor de houding niet alleen van de latere bysantijnse respons op Islam, maar van de christenen in het algemeen (Wessels 1978:42)

'n Student van Johannes, Abu' Qurra (die biskop van Harran), lewer 'n belangrike bydrae tot die belydenis-verskille tussen die Islam en Christendom. Hy skryf in Arabies wat 'n groter aanvaarding van sy gedagtes deur Moslems meebring (Wessels 1978:42). Sy werk het die reeds goeie verhoudinge tussen Moslem Arabiere en Nestoriaanse Christene verbeter aangesien die Nestoriaanse teologie "dicht bij de moslimse staan" (1978:42).

In die negende eeu ervaar Christene en Moslems die invloed van Aristoteles se filosofiese denkrigtings. Hierdie denkrigtings bring mee dat "de filosofie ten dienste van apologie van het christelijk geloof" aangewend is (Wessels 1978:43). Voortvloeiend volg 'n belangrike werk oor die verdediging van die Christendogmas, gelewer deur die Jakobitiese biskop van Tarrit, Abu Ra'ita (1978:43). Ook in hierdie tyd lewer Yahya ibn Adi 'n besondere bydrae ten opsigte van die regverdiging van die Christelike geloof in response op al-Warraq, "die hem met zijn aanvallen op het christendom tot tegenschriften uitdaagde" (Wessels 1978:43).

Terwyl Spanje in die elfde eeu enersyds die ontmoetingsplek tussen die Weste en die Ooste was, sien ons ook hoe die politiek van die dag die teologie van die kerk beïnvloed. In 1492 val die laaste vesting van Islam in Spanje en lui dit ook daar 'n tydperk van "polemische aktiviteit" (Wessels 1978:45) in. Moslems verkeer onder toenemende druk van beide die staat en die kerk, en 'n vars nuwe belangstelling in sending na die Moslem-wêreld tree na vore (1978:45). In hierdie tyd tree Ibn Hazm, as Moslemskrywer, sterk op die voorgrond en word hy as "meester van de polemieek gezien" (1978:46), veral omdat hy veronderstelde teenstrydighede in die Bybel uitgewys het. Latere Moslemskrywers sou heelwat van sy standpunte oorneem (1978:46).

Vanaf die negentiende eeu kom daar 'n tydperk van grootskaalse sending na Moslemlande en verskyn talle polemiese publikasies van die kant van Christene sowel as Moslems (Wessels 1978:50). Twee publikasies wat 'n diepgaande invloed op die IPCI gehad het was eerstens Mizan-ul-hagg (Die weegskaal van die waarheid) deur die Duitse sendeling dr. K.G. Pfander, wat tussen 1825 en 1865 in Armenië en Indië gewerk het. In hierdie boek het hy in polemiese trant die meerderwaardigheid van die Christendom bo die Islam probeer bewys. Dit was in reaksie op hierdie boek van Pfander wat Maulana Rahmatullah Kairanvi die boek Izhar-ul-hagg (Die openbaring van die waarheid) geskryf het om die Islam te verdedig.

Kairanvi het op sy beurt die betroubaarheid van die Bybel en die sinvolheid van die Christelike boodskap aangeval. Dit was uit hierdie boek van Kairanvi wat Deedat sy basiese argumente gehaal het om teen Christene te gebruik (sien 2.5.).

## 2.2. DIE VERHOUDING TUSSEN MOSLEMS EN CHRISTENE IN SUID-AFRIKA.

Moslems in Suid-Afrika bestaan hoofsaaklik uit twee groepe, die Indiër-Moslems enersyds en die 'Kleurling'-Moslems andersyds. Die 'Kleurling'-Moslem behoort hoofsaaklik tot die Shafitiese en die Indiër-Moslem tot die Hanafitiese wetskool.

### 2.2.1. DIE KOMS VAN MOSLEMS NA SUID-AFRIKA.

Islam het in Suid-Afrika sy verskyning gemaak toe slawe en politieke gevangenes uit Indonesië (destyds Batavië genoem) vanaf 1667 na die Kaap verban is deur die V.O.I.C. 'n Belangrike politieke gevangene was Sjeg Yusuf, wat in 1694 vanaf die eiland Bantam in die Kaap aangekom het saam met twaalf ander Moslemgeleerdes. "Hy word vereer as die stigter van Islam in Suid-Afrika" (Crafford 1986:2).

Vanaf 1860 is kontrakarbeiders uit Indië in Natal ingevoer. Die eerste skip met kontrakarbeiders, naamlik die Truro uit Madras, het Durban in 1860 bereik en kort daarna het die Belvedere uit Calcutta hier aangekom (Thompson 1952:17). Belangrik vir hierdie studie is dat die eerste groep kontrakarbeiders oor die algemeen Hindoes was, met "a sprinkling of Christians and Muslims" (Meer 1969:10).

In 1869 kom egter 'n nuwe stroom Indiërs die land binne wat bekend staan as die passaat-Indiërs. Hulle was veral besigheidsgeoriënteerde Indiërs wat met 'n vrye passaat - en dus nie as kontrakarbeiders na Suid-Afrika gekom het:

The majority came specifically to trade or serve in commerce and they opened up shops in backward rural towns, coal mine towns, African tribal areas and a few developed European centres in Natal (Kuper 1960:3).

Hulle was minder in getal as die kontrakarbeiders en was oor die algemeen Gujarati-sprekende Moslems en Hindoes uit Kathiawar, Surat en Porbandar asook Urdu- en Marathi-sprekende Moslems uit Bombaai. Plaaslik was hulle onderskeidelik as die 'Miabhais' en die Koknies<sup>1</sup> bekend (Kuper 1960:7):

---

1) Eintlik 'Cochinees' in Engels na aanleiding van hulle stad van herkoms nl. Cochin.

Die Passaat-Indiërs het dus na Suid-Afrika gekom om handel te drywe en was ekonomies uit die staanspoor baie beter daaraan toe as die kontrakarbeiders:

The passenger constituted the elite... Among them, on the higher rung were the merchants, predominantly Muslim, who tried to safeguard themselves from anti-Indianism by leaning on their religious identification with Arabs and introducing them as such (Kuper 1960:7).

Hierdie kulturele bande met Indië, Pakistan en Arabië bring mee dat Indiër-Moslems in kontak met die internasionale Islam gebly het en skyn dit ook dat hulle aanvanklik meer beïnvloed is deur strominge van buite Suid-Afrika as wat die geval was met Kleurlingmoslems.

Hierdie invloede is nie tot invloede vanuit Indië en Pakistan beperk nie, maar in die jongste tyd is daar merkbare beïnvloeding van die kant van die Muslim Students Association van Amerika en Kanada, asook van die kant van die internasionale Moslem-organisasies soos Rabitah-al-Alam Al-Islami en Motamar-Al-Alam-Al-Islami (Greyling 1976:255).

Identifisering met die Arabiese wêreld was ook duidelik tydens die Amerikaanse bomaanval op Libië. Protesoptogte en vergaderings is onder andere in Lenasia gehou waartydens solidariteit met Ghaddafi, ten koste van Amerika en die Weste, bepleit is (The Star 1986:10).

#### 2.2.2. SOSIO-POLITIEKE AGTERGROND.

In die Indiërgemeenskap het die Moslems tradisioneel dus 'n hoër inkomste as die ander betrokke godsdiensgroepe gehad vanweë hulle oorsprong as passaat-immigrante wat hulle in Suid-Afrika as ondernemers gevestig het:

Dat hulle die posisie kon behou, is veral toe te skryf aan die feit dat hulle hoër inkomes hulle in staat gestel het om hulle onderneming stelselmatig uit te brei en hulle kinders

wat nie die onderneming wou oorneem nie die geleentheid te gee om hulle deeglik te bekwaam vir professies wat goeie inkomste bied (Müller 1963:172).

Maar dit was juis hierdie ekonomiese betrokkenheid wat hulle ook gevoelig gemaak het vir politieke skommelinge. Met verwysing na die getuienis voor die Feetham-kommissie, het Gerdener die posisie as volg aan die 1956 SABRA-kongres gestel:

...if the existing industrial and commercial interaction is to be stopped and gradually transformed into a process of separation, the effects on the Indian community will be probably more profound than any other racial group in the country.... If the Group Areas Act and other apartheid legislation would in time restrict Indian trade to Indians only, perhaps 90 percent of those who are at present traders will have to find some other source of income (SABRA 1956:72).

Gepaardgaande hiermee het dit soms ook gelyk asof die kerk 'n ekonomiese vendetta teen Moslems gevoer het deur die voorstaan en aanvra van ekonomiese boikotte en die verskuiwing van Indiërs (Greyling 1976:21). Naas die ekonomiese bedreiging was daar ook die moontlikheid van die repatriasie van Indiërs. In 1956 pleit die South African Institute for Race Relations nog vir die permanente aanvaarding van die Indiërgemeenskap as deel van die Suid-Afrikaanse samelewing (SABRA 1956:72).

Dit was eers in 1960 tydens die bewind van Dr Verwoerd dat die Indiërgemeenskap as Suid-Afrikaanse burgers aanvaar is (Gilchrist 1977:52). Hierdie stap sou eerder op erkenning as 'n aanvaarding van die Indiërbevolking neerkom omdat die gedagte van repatriasie as gevolg van die verswakte diplomatieke betrekkinge tussen Indië en Suid-Afrika skipbreuk begin lei het:

Britain was no longer a factor or a mediator and the relationship between autonomous India and South Africa ever since has been extremely tense. The planned repatriation of

Indians was no longer possible and as soon as South Africa became a Republic, the Indians were involuntarily declared permanent inhabitants of the country (Gilchrist 1977:52).

Die Indiërbevolking was egter nie as 'blank' gereken nie en moes dus binne bepaalde groepsgebiede wat vir Indiërs gereserveer was, woon:

The population groups classified by law as 'Asian', 'Coloured' or 'Black' have never enjoyed full and equal rights of citizenship (Islamic Council 1984:16).

Vir die Indiërs was die skommelinge, boikotte en verskuiwings (a.g.v. die groepsgebiede) krisisjare. Dit was 'n tydperk toe hulle deur omstandighede gedwing was om terug te gryp na die sekuriteit van die bekende en in hierdie 'laertrek' het die Islam as godsdiens 'n belangrike rol gespeel. Dit is dus nie verbasend dat daar besondere polemiese literatuur van die sendingverenigings (wat in hierdie tyd ontstaan het) verskyn het nie.

In 1960 skryf Sjeg Ahmed Behardien (1960:1) byvoorbeeld 'n verweerskrif in reaksie teen 'n pamflet getitel CROSS OR CRESCENT, wat deur die Church of the Province versprei is. In hierdie pamflet maak die skrywer, 'n eerwaarde A R Hampson, die stelling dat:

Christians must know how the Muslim religion denies Jesus Christ, contradicts the Christian Church and calls the Bible false (Behardien 1960:1).

Deedat reageer ook op hierdie pamflet (September 1960) en rig 'n uitdaging aan die Christendom om in 'n openbare debat te bewys dat Jesus wel aan die kruis gesterf het. Ds. D J Pypers het tot die debat toegestem en op Sondag 18 Augustus 1961 het die debat by die Groenpunt stadion in Kaapstad plaasgevind (Die Burger: 1961).



Dit was te midde van hierdie godsdienstige woelinge, sowel as die ekonomiese en maatskaplike onsekerheid, wat die IPCI ontwikkel het. Onlangse gebeure dra by tot die vestiging en selfs verharding van 'n 'konfrontasie' mentaliteit in die inwoners van Suid-Afrika:

The motion passed by the Dutch Reformed Church (DRC) against Islam caused a political storm among the country's Muslims. Political repercussions stemmed particularly from the fact that the resolution declared Islam a 'false religion' and 'a threat to Christianity'... (Africa Events 1986:41).

Islam is dus onlosmaaklik in die politieke arena ingetrek en betrokke. Die IPCI self neem nie openlik deel aan oproepe tot 'n gewelddadige jihad (World Christian 1986:12) om 'n nuwe, regverdiger politieke bestel in Suid-Afrika tot stand te bring nie. Tog moet die Sentrum se rol as medewerker in die stryd om 'n bloedlose jihad (die heilige oorlog met die pen), nie gering geskat word nie.

In 'n interne memorandum beskryf Dr H Fuller (SIM:1987), vise direkteur van SIM Internasionaal, die rol van Deedat as volg:

The attacks on Nigerian Christians and their churches in March 1987 pointed up to the militancy of Muslim extremists. On the polemical front, videotapes prepared by a South African Muslim, Deedat, are giving new impetus to attacks on the Christian faith, not only in Africa but also in other parts of the world.

### 2.3. ONDERSTROMINGE IN DIE ISLAM.

Soos reeds aangedui is daar twee hoofgroeperings onder Moslems in Suid-Afrika, nl. die 'Kleurling'-Moslems wat hoofsaaklik Afrikaans-sprekend is en die Indiër-Moslems wat hoofsaaklik Gujerati-sprekend is, met Engels wat vinnig besig is om (veral onder die jonger geslag) die algemene voertaal te word (Greyling 1976:24). Op godsdienstige vlak word daar egter meer van Urdu gebruik gemaak.

Greyling (1976:25) onderskei verskeie teologiese denkrigtings onder die Moslems in Suid-Afrika nl:

- a. Die ouer ortodoksie
- b. Die modernisme
- c. Die moderne ortodoksie
- d. Die Ahmadiyya

Alhoewel die verskille tussen die wetskole gering is word daar tog tot 'n groot mate van aparte moskees gebruik gemaak (Adams 1933:11).

Die Sjegs van die 'kleurling'-Moslems het hulle opleiding veral in Egipte ontvang en later ook in Saudi-Arabië. Die opleiding is dus sterk Arabies georiënteerd in teenstelling met die Indiër - Maulvis wat hulle opleiding in Indië of Pakistan ontvang en meer Urdu-georiënteerd is (Greyling 1976:26).

'n Opvallende verskil tussen die Sjegs van die 'Kleurling'-gemeenskap en die Maulvis van die Indiër-gemeenskap, is dat die Sjegs almal vlot Afrikaans en Engels praat terwyl 'n groot groep Maulvis skaars Engels magtig is (Greyling 1976:27). Die verskil in opleiding bring mee dat daar 'n aansienlike verskil is in die rolle wat die Sjegs en die Maulvis in hulle onderskeie gemeenskappe speel. Die Sjegs het 'n hoë aansien in hulle gemeenskap, gee sterk openbare leiding en tree soms as spreekbuis vir die gemeenskap op, ook in politieke aangeleenthede (Greyling 1976:28). Vanweë die gebrekkige omgangs-taalgebruik van die Maulvis word baie van die bogenoemde funksies deur ander individue in die Indiër-Moslemgemeenskap verrig.

Die Indiër-Islam in Suid-Afrika word daarom ook baie meer gekenmerk deur strominge en onderstrominge wat wissel van die teologies ultra-konserwatiewe Tablighi Jama'a tot sendingverenigings waarvan sommige sterk Ahmadiyya beïnvloeding toon (Greyling 1976:28) en die politiek-bewuste groepe soos THE CALL OF ISLAM en Qibla (Esack 1988).

Die besoekwerk en preektoere van die Tabligh Jama'a is vir baie Moslems 'n verleentheid. Die Kaapse Sjeds staan redelik koud teenoor hierdie beweging en beskuldig die Tabligh Jama'a daarvan (Muslim News 1970:2) dat hulle die voorbeeld van Christene, veral die Jehowa Getuies, navolg as hulle van deur tot deur beweeg om Moslems te besoek. Onder die Indiër-'ulama vind die Tablighi Jama'a egter algemene ondersteuning (Greyling 1976:30).

Die invloed van hierdie bewegings word in 2.5.1. bespreek onder die aanvaarbaarheid van die I.P.C.I binne die moslemgemeenskap.

#### 2.4. DIE AHMADIYYA-BEWEGING.

Dit is belangrik om kortliks na die Ahmadiyya-beweging te kyk as moontlike bron van polemiese vorming by die persoon van Deedat. Die Ahmadiyya-beweging ontleen sy naam aan sy stigter, Mirza Ghulam Ahmad (Cragg 1985:223). Teen die einde van die negentiende eeu het die inwoners van die Punjab, in die Noord-weste van Indië begin kennis neem van Ahmed, 'n skrywer uit die dorpie Qadian. Hy het 'n aantal geskrifte die lig laat sien wat veral aanvallend teenoor die Christelike geloof en die Hindoeïsme was en in 1880:

...began an extensive work entitled Barahin-i-Ahmadiyyah which defended Islam from the onslaughts of Christian missionaries and the Arya Samaj, a militant Hindu organisation (Gilchrist 1986:374).

Hierdie vierdelige werk is oorspronklik goed deur die Moslems ontvang en dit wou voorkom of daar 'n waardige verdediger van die beginsels van Islam, 'n mujaddid, opgestaan het. Die verwagting van so 'n persoon is dan ook aangewakker deur die tradisie wat wou dat daar aan die einde van elke eeu na die Hijra 'n mujaddid, 'n hervormer en vernuwer van die godsdiens, na vore sou kom om die Moslems weer terug te lei na die ware Islam (Ali 1950:263).

Mubarak Ahmad (1965:9) verwys ook na die frustrasie in daardie tyd binne die Moslemgemeenskap. Hierdie frustrasie is gebore uit die vordering van die Christensending, wat vanweë die "extreme weakness of the Muslims" en die kragtige getuienis van die Christensendingverenigings ook onder die Moslems begin vorder het: "This powerful assault shook the Muslim people..." (1965:9). Die bogenoemde verwagting van 'n charismatiese leier het gevolglik begin toeneem.

'n Storm bars egter los toe Ghulam Ahmad in 1889 verklaar dat hy nie alleen die verwagte mujaddid was nie, maar ook dat die wederkoms van Jesus in hom vervul is (Ahmad, A. 1965:31). In 1904 gaan Ghulam Ahmad verder in sy aansprake en verkondig dat hy nie net die Mahdi is nie maar ook 'n avatara van die Hindoe-god Krishna en verder die buruz of hermanifestasie van Mohammed! Dit het hom in konflik gebring met fundamentele leerstellings van die Islam:

With the declaration that he was masih mawud (the promised Messiah), mahdi of the Muslims and that he appeared in the likeness of Jesus who had died in Kashmir and was no longer in heaven, Ghulam Ahmad committed himself to a renewal of Islam by a process which most Muslims considered heresy (Lavan 1974:38).

Uit die bogenoemde is die sinkretistiese element in die leerstellinge van Ghulam Ahmad baie duidelik. Hy wou voorts ook die eskatologiese verwagtinge van die drie godsdienste graag in homself verenig sien. Die volgende punte gee 'n aanduiding van die vernaamste verskille tussen die Ahmadiyya en die ortodokse Islam:

a. Sy verkondiging van homself as die Messias en Mahdi asook dat hy die zill of buruz van Mohammed is, bring die Moslemleerstelling van Mohammed as die seël van die profete in gedrang en verwek heftige reaksie van die kant van die ortodoksie.

b. Daar is ook groot verskille tussen die Jesusbeskouing van die Ahmadiyya en dié van die ortodokse Islam. Die belangrikste gaan om die leer van Ahmad dat Jesus nie aan die kruis gesterf het nie, maar slegs 'n skyndood gehad het. Na die gebruik van 'n wondersalf is Jesus sodanig genees dat hy toe aan sy dissipels verskyn het en daarna na Kashmir vertrek het om sy prediking onder die Afghanis voort te sit (Ahmad 1899 :101).

Jesus is toe in Kashmir dood en is in Srinagar begrawe waar Ghulam Ahmad die graf van Jesus gevind het. "Christ fled Palestine for India, where He gathered many followers, died at a ripe old age, and was buried at Srinagar, where His tomb was recently uncovered" (Fry & King 1980:60).

c. Ghulam Ahmad verwerp ook die algemene beskouing van die Islam oor die Jihad, of heilige oorlog. Sommige Moslems in Indië het die verwagting gehad dat die wederkoms van Jesus 'n einde sou maak aan die Engelse oorheersing. Ahmad verwerp hierdie siening en glo dat Islam vrede beteken en dat dit daarom nie met die geweld van 'n bloedige Jihad in verband gebring kan word nie. Die mensdom moes besef dat hy (Ahmad) die Messias was, wat die Islam sou uitlei in 'n bloedlose Jihad, naamlik die bloedlose stryd van die pen, om deur geskrifte en sendingbewegings die wêreld vir die Islam te verower (Ahmad 1952:10).

Belangrik in die agtergrond en lewe van Ahmad is dat hy van invloedryke Moghul-afkoms was en dat sy familie gedurende die tydperk van Sikh-oorheersing in die Punjab, die meeste van hulle besittings verloor het. Onder die daaropvolgende Engelse bewind is heelwat daarvan egter herstel (Nadwi 1965:9). Hierdie feit verklaar waarskynlik sy lojaliteit ten opsigte van die Engelse bewind.

Hierdie lojaliteit teenoor die Engelse word Ahmad en die Ahmadiyya nog steeds sterk ten kwade gereken en dit vorm selfs in Suid-Afrika soms die hooftema van sekere propagandageskrifte teen hulle (Abbassi 1953:36). Die algemene onaanvaarbaarheid van die Ahmadiyya in Suid-Afrika se Moslemgemeenskap word duidelik uit 'n advertensie wat in die dagblad The Star (1988:3) verskyn het en geplaas is deur die "Ulema of South Africa":

The purpose of the foregoing remarks is to clarify the confusion created by the phrase "Ahmadiyya Muslim Movement" which gives rise to an impression that this is a dispute between rival Muslim factions. The Ahmadiyya Movement is another name for the Qadiyani Movement, it is not a Muslim movement.

In hoofstuk 3 word meer aandag aan Deedat se interpretasie van die kruisgebeure gegee.

#### 2.5. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE IPCI.

Die 'Islamic Propagation Centre' het sy ontstaan in 1958 in Durban, Suid-Afrika. Die sentrum se aktiwiteite was eers net tot Suid-Afrika beperk maar in die tagtigerjare het dit ook internasionaal begin beweeg. Met die totstandkoming van soortgelyke Sentrums oorses is die toepaslike naamverandering van die Sentrum dan ook gemaak na die 'Islamic Propagation Centre International'.

Die naam van die Sentrum is redelik beskrywend ten opsigte van die taak wat dit wil verrig nl. die propagering van die Islam. Die werklike aktiwiteite van die Sentrum is egter breër en gaan verder as wat die naam in hierdie verband veronderstel, 'n aspek wat later in meer besonderhede bespreek sal word. Aan die hoof van die organisasie is die direkteur en stigter, Ahmed Husein Deedat, wat in Gujarat, Indië gebore is en in 1928 op negejarige ouderdom saam met sy ouers na Suid-Afrika gekom het.

Die grondslag vir die ontstaan van die IPCI kan teruggevoer word na gebeure in die dertigerjare. In 1939 was Deedat (toe 20 jaar oud) werksaam by Adams Mission, naby aan 'n Christelike opleidingsentrum, Adams Mission College. Studente van hierdie Kollege het volgens Deedat (1987:62) gereeld hulle nuutgevonde Bybelse waarhede op hom en sy makkers kom proefloop:

Not a day passed by when these young Christians did not harass me or my brothers-in-faith, through insults which they piled on Islam, the Holy Prophet and the Qur'an.

Hierdie aanslag op die Qur'an en die Islam asook die feit dat nòg hy, nòg sy vriende antwoorde op die vrae van die Christene gehad het, het hom slapelose nagte besorg. In die lig hiervan het hy homself voorgeneem om die Qur'an, die Bybel en ander boeke te bestudeer totdat hy 'n antwoord op sy probleem gekry het. Sy toevallige ontdekking (sien 2.1.) van die boek "Izharul Haqq", (the Truth revealed), was 'n keerpunt in sy lewe (Deedat 1987:62).

Volgens die uitgewers van die boek, Ta-Ha Publishers Ltd, het die boek die eerste keer in 1864 verskyn, geskryf deur Maulana Rahmatullah Kairanvi. Die boek is in Arabies geskryf en later in Urdu en Engels vertaal. Belangrik is egter dat die boek geskryf is:

...in response to the Christian offensive against Islam in Britian India and to counter the subversive attack by the Reverend C C P Fonder (sic)...(Kairanvi 1989:iv).

Hierdie boek het hom in staat gestel om die kerngedagtes van die Christelike teologie saam te vat en met alternatiewe argumente na vore te kom. Dit was nie lank voordat Deedat op sy beurt konfrontasie met Christene begin soek het nie, sodat die Christene "a respect for Islam and its Holy Apostle" kon ontwikkel (Deedat 1980:62). Deedat was egter ook besorg oor sy mede-Moslems. In sy geestesooë sien hy die niksvermoedende Moslem:

...being constantly assaulted by Christian evangelists who carry out a door to door campaign, and being invited by the

proverbially hospitable Muslim, I thought of how the merciless missionary munched the samoosas and punched the wind out of the Muslim with snide remarks about his beliefs (Deedat 1987:62).

Dit het 'n passie by Deedat wakker gemaak om die Moslemgemeenskap met sy kennis te bedien en daarom het hy met seminare begin waardeur hy Moslems kon toerus om nie net op Christene se vrae te antwoord nie, maar hulle selfs op die verdediging te plaas deur middel van alternatiewe argumente.

Deedat (1987:14) sien dit as die taak van die Moslemgemeenskap om Christene te bevry van die denkrigtings wat hulle deur die eeue bind:

It is the duty of the Muslim to help his christian brethren, "The Ahle-Kitab", i.e. "The people of the Book" - as they are respectfully addressed in the pages of the Holy Qur'an, in freeing them from the shackles that bind their thinking for the past two thousand years.

#### 2.6. RESENTE ONTWIKKELINGE.

Aan die begin was Deedat se aktiwiteite hoofsaaklik gerig op die verhouding tussen Christene en Moslems in Suid-Afrika. Plaaslik het hy in openbare debatte opgetree teen persoonlikhede soos Ds. Dawie Pypers (1966) en John Gilchrist (1975). Dit was veral in die laaste dekade dat Deedat egter ook internasionaal begin beweeg het en openbare debatte gevoer het met onder andere, Jimmy Swaggart, Josh McDowell en Dr Anis Shorrosh.

Deedat reageer ook op die Pous se oproep tot dialoog deur hom uit te daag tot 'n openbare debat. In die tydskrif Arabia (1986:93) word berig dat die Pous nog nie die uitnodiging aanvaar het nie:

The Pope has yet to accept the challenge. The Pope is willing to have a private meeting with Deedat. But Deedat insists that what he wants is a public debate at St. Peters Square in the Vatican.



In 'n persoonlike onderhoud met mnr Agjee, sekretaris generaal van die Sentrum (Agjee 1988), het ek verneem dat kantore van die Sentrum intussen ook in die Verenigde State van Amerika (Woodside), Engeland (Birmingham) en Saudi Arabië geopen is.

In 1989 kom daar 'n klemverskuiwing by die IPCI deurdad Deedat al meer konsentreer op die verspreiding van die Qur'an (10 000 in 1980 en 100 000 in 1989) en ook vir die eerste keer toetree tot die polemieke rondom die Arabiere en Israel. Vir hierdie doel word 'n boekie Arabs and Israel (Deedat 1989) gratis aangebied en ander literatuur soos They dare to speak out (Findley 1985) teen 'n verlaagde prys beskikbaar gestel.

In dieselfde jaar begin die Sentrum ook om sy bestaan in die Durbanse vakansiegids What's on? (Julie 1989) te adverteer en advertensieskerms met die woorde "Welcome to Islam", in Durban te borg. Gratis lineale word ook aan skoolkinders voorsien, weer eens met die woorde "Welcome to Islam".

Volgens mnr Agjee (1988), het die IPCI ook nou tot die terrein van hulpverlening toegetree en is besig om na hulpbehoewendes om te sien. Op die terrein van debatte het Deedat vanaf 1990 begin afwyk van sy tradisionele onderwerpe en onder andere begin praat oor die Palestynse kwessie en oor Salman Rushdie "Should Rushdie die? - what is the Judeo-christian verdict?".

Die IPCI het dus deur die jare van 'n 'een man'- bediening tot 'n internasionale organisasie ontwikkel. Die hoofmomentum van die Sentrum se aktiwiteite was altyd om debatte te voer en publikasies beskikbaar te stel wat handel oor kernverskille tussen Christene en Moslems.

---

### HOOFSTUK 3

#### DIE AKTIWITEITE VAN DIE SENTRUM.

Die IPCI se aktiwiteite kan in twee kategorië ingedeel word nl. verspreiding van inligting en openbare debatte. Die inligting versprei deur die Sentrum kan ook weer in twee kategorieë ingedeel word nl.:

3.1. Lektuur.

3.2. Oudio- en Videokassette.

Die lektuur en kassette handel oor algemene aspekte rakende Islam en gee 'n samevatting en opsomming van die inhoud wat tydens Deedat se debatte gelewer word. Daar is dus 'n noue verband tussen die IPCI lektuur en die debatte van Deedat. In die lektuur vind ons Deedat aan die woord en sy interpretasie van die teologiese aspekte rakende die Islam en die Christendom.

Uit die onderstaande temas en teen die agtergrond van die ontstaan van die IPCI wil dit voorkom asof die lektuur primêr as handleidings vir Moslems voorberei is. Hierdie vermoede word bevestig wanneer Deedat (1984:65) byvoorbeeld in 'Crucifixion or Cruci-fiction' sê: "Before you proceed any further with the discussion with the Christian, please make sure that he...".

Dit sou egter verkeerd wees om te dink dat Deedat nie ook Christene se aandag wil trek nie. Die vele advertensies getuig juis daarvan hoe graag Deedat sy literatuur aan Christene bekend wil stel. Hierdie aspek word meer volledig in 3.5 bespreek.

#### 3.1.LEKTUUR.

Die lektuur wat deur die IPCI versprei word, word gratis (Deedat 1983:66) aan lesers beskikbaar gestel en geen kopiéreg word daarop gehou nie:

We grant you an open licence to reproduce or translate into any language this booklet as well as every other publication of ours. You may publish them for sale or

for free distribution without any prior permission. We ask no royalties or copyright (Deedat 1983:1).

Die publikasies van die IPCI het deur die jare sekere variasies in die temas daarvan ondergaan. Deedat se eerste twee publikasies verskyn in 1958 met die onderskeie titels "Was Christ Crucified?" en "Muhammad in the Old and New Testaments". Deedat poog om Mohammed primêr vanuit die Bybel as profeet te verklaar. Hier sluit hy dan ook by 'n algemene denkrigting in Islam aan wat glo dat "...Muhammad is foretold in the Bible" (Gilchrist 1977:83).

In 1975 begin Deedat (Gilchrist 1977:84) met 'n verwerking van dieselfde tema en verskyn die boekie "What the Bible says about Mohammad" wat handel oor die teks in Deuteronomium 18:18 (Deedat 1990). In Julie 1977 verskyn daar ook "Muhammad the Natural Successor to Christ" (Deedat 1977), wat na die evangelie van Johannes (16:14) verwys ten opsigte van die belofte van die Trooster, as sou dit Mohammed wees.

Sedertdien het ander boeke en bande uit die pen van Ahmed Deedat gekom en 'n volledige lys verskyn in Addendum II. Die inhoud hiervan word in die res van hierdie hoofstuk bespreek.

### 3.2. AUDIO- EN VIDEOKASSETTE.

Die audio- en videokassette handel oor dieselfde temas, aangesien dit die opnames van Deedat se openbare lesings en debatte bevat. Daar is meer as twee en sestig audiokassette beskikbaar en ongeveer vyf en veertig videokassette. Dit is egter moeilik om die presiese getal aan te gee aangesien daar voortdurend nuwe debatte plaasvind en daar soms ook titels van die bestaande lys verwyder word. Sommige van die temas (byvoorbeeld die debat Swaggart vs Deedat) is ook in Arabies beskikbaar. In teenstelling met die lektuur, word die kassette nie gratis aangebied nie.

Die oorgrote meerderheid handel oor die verhouding tussen die Islam en Christendom. Daar is slegs enkele kassette wat handel oor ander aspekte soos die Midde-Oosterse konflik en die verhaal van 'n Hindoe se bekering tot die Islam. Hierdie kassette vorm egter 'n klein minderheid: vyf uit 'n totaal van agt en vyftig.

'n Lys van beskikbare kassette verskyn in Addendum III.

### 3.3. DEBATTE.

Deedat het ook met verskeie bekende persoonlikhede in openbare debat getree en onderstaande is 'n gepubliseerde lys van vergaderings soos vervat in die Sentrum se publikasies.

McDowell	Was Christ Crucified?
Prof Floyd	Was Christ Crucified?
Dr Lottem	Israel versus Arabs
Gary Miller	Islam and Christianity
Jimmy Swaggart	Is the Bible Gods Word?
Dr Anis Shorrosh	Is Jesus God?
	Is the Qur'an or the Bible the Word of God?
John Gilchrist	Was Christ Crucified?

### 3.4. DIE HOOFTEMAS VAN DIE KOMMUNIKASIES VAN DIE IPCI

Vir die doel van hierdie studie wil ek graag die inhoud van die IPCI se lektuur saamvat en in vier hooftemas onderverdeel nl. Die Bybel as die Woord van God, die goddelikheid van Christus, die kruis en opstanding van Jesus Christus, en Mohammed as profeet.

'n Vyfde aspek wat van belang is, is die debat om die eenheid van God. Dit kom egter baie sterk in die bespreking van die persoon en goddelikheid van Christus sowel as in die kruisdood van Jesus ter sprake en daarom is 'n vyfde onderafdeling nie nodig nie.

### 3.4.1. DIE BYBEL AS DIE WOORD VAN GOD

Deedat bespreek hierdie onderwerp in sy boekie "IS THE BIBLE GOD'S WORD (Deedat 1987). Sy argumente kan in drie hoofemas saamgevat word, naamlik vroe oor die Woord van God, die verskillende weergawes van die Bybel en laastens die veronderstelde teenstrydighede in die Bybel.

#### 3.4.1.1. Die Woord van God.

Eerstens gee Deedat (1987:5) erkenning aan sekere uitsprake in die Bybel "that seem to have the sound of being God's Word". Vir die Moslem is hierdie stelling nie teenstrydig nie want die Qur'an verleen wel 'n sekere mate van gesag aan die Bybel:

And God sent Messengers  
With glad tidings and warnings  
And with them He sent  
The Book in truth (Sura 2:213).

Deedat impliseer dus dat God spreek, moontlik ook deur die Bybel, maar is versigtig om nie te veel erkenning aan Godspraak buite die Qur'an te verleen nie. Deedat onderskei drie soorte uitsprake, naamlik (a) die woord van God, (b) die woorde van 'n profeet en (c) die woorde van 'n geskiedskrywer:

#### a. Die Woord van God.

As voorbeeld verwys Deedat (1987:5) hier na Deuteronomium 18:18: "I will raise them up a prophet ... and I will put ... I shall command him". Deedat (1987:6) lê dus die klem op die feit dat dit God is wat spreek, 'n konsep wat aan Moslems bekend is aangesien dit vir hulle die wese van die Qur'an vorm. Deedat se verwysing na Deuteronomium 18:18 is egter geensins toevallig nie. Hy impliseer nie net dat dit Godspraak is nie, maar ook dat dit God self is wat hier na die koms van Mohammed verwys. Dit is ook 'n gedagte wat hy uitbou in sy boekie, 'What the BIBLE says about MUHAMMED' (Deedat 1990:24).

Deedat (1987:5) beskou ook Jesaja 43:11 "Ek, Ek is die Here, buiten My is daar geen redder nie", as egte Godspraak en bring dit ook in verband met die geloofsbelydenis (Shahadah) van Islam: "I witness there is no God but Allah.." (Van Gerpen 1983:7). Allah is dus enig en daar is buiten Allah geen redding nie. Hierdie keer gebruik Deedat ook die gedeelte om indirek na 'n ander publikasie te verwys naamlik 'Crucifixion or Crucifixion' (Deedat 1984).

Deedat verwys dus wel na die Bybel en die feit dat God spreek, maar bring dit dan ook direk in verband met dit wat Islam bely. Die Qur'an bevestig dus daardie Bybelgedeeltes waar God self aan die woord is en gedeeltes waar die inhoud met die Qur'an ooreenstem word deur Deedat as Woord van God aanvaar.

b. Woorde van 'n profeet van God.

Die tweede vlak van kommunikasie wat Deedat in die Bybel identifiseer is die uitsprake van 'n profeet en dit vergelyk hy met die Hadith (tradisies):

The second kind - THE WORDS OF THE PROPHET OF GOD, are recorded in the Books of tradition called The Hadith (Deedat 1987:6).

Hierdie vorm van woord-boekstaving word gesien as uitsprake van 'n persoon en nie as Godspraak soos in die eerste vlak genoem en deur die Moslem aanvaar word nie. Küng (1986:32) bevestig hierdie siening van Islam:

Unlike the Qur'an, the Bible was never credited with having been written by a heavenly Author, but by altogether different authors on earth, as the letters of Paul and the beginning of Luke, quite unabashedly reveal.

Deedat (1987:5) vergelyk die uitsprake van Jesus dus met dié van 'n profeet en haal uit Matteus 27:46 aan: "Jesus het hard uitgeroep 'Eli, Eli, lema sabagtani'" en ook uit Markus 12:29 "Jesus antwoord hom: 'Luister Israel, die Here ons God is die enigste Here". Verder ook uit Markus 10:18 "Jesus sê vir hom:

"Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie behalwe God alleen". Deedat se keuse van teksverse laat dit dus duidelik word dat hy enersyds die Bybel op die vlak van 'n historiese boek met profetiese uitsprake plaas en andersyds die enkelheid van God en die menslikheid van Jesus beklemtoon.

c. Woorde van 'n geskiedskrywer.

Derdens is daar die gedeeltes in die Bybel wat Deedat as geskiedskrywing beskou. Dit vertel dus 'n verhaal en bevat geen direkte of indirekte goddelike uitsprake nie. Die gedeelte wat Deedat aanhaal is weer eens interessant nl. Markus 11:13: "Hy sien toe op 'n afstand 'n vyeboom met blare aan en gaan daarheen om te kyk of Hy nie miskien 'n vy daaraan kry nie. Toe Hy daar kom kry Hy niks". Nie net is die gedeelte in die derde persoon geskryf nie, maar Deedat wys nogmaals op Jesus se menslikheid en sy oënskynlike gebrek aan goddelike insig aangesien Hy nie geweet het dat die boom geen vrug gedra het nie.

Vir Moslems, sê Deedat (1987:6), lê die verskil net daarin dat Moslems nie probeer het om al drie tipes uitsprake in een volume vas te vat en dit alles as geïnspireerd te beskou nie:

The Muslim keeps the above three types jealously apart, in their proper gradations of authority. He never equates them. On the other hand, the 'Holy Bible' contains a motley type of literature, which composes the embarrassing kind, the sordid, and the obscene - all under the same cover (Deedat 1987:6).

Wat sy beoordeling van die aard van die Bybel betref, staan Deedat dus vierkantig binne die tradisionele Moslemsiening van egte Godsopenbarings wat vervals en aangevul is deur die Jode en Christene. Soos wat die Bybel tans daar uitsien bevat dit hoogstens enkele flitse van die oorspronlike Godsopenbaring.

#### 3.4.1.2. Die verskillende Bybels.

Die volgende aspek van Deedat se kritiek op die Bybel konsentreer op "THE MULTIPLE BIBLE VERSIONS (Deedat 1987:7). Onder hierdie hoof vestig hy sy leser se aandag op die verskeidenheid van Bybels, die verskillende Bybels van verskillende kerke en dan ook die aantal weergawes wat beskikbaar is. Dan eindig hy met die vraag wie die Bybel geskryf het: "God of die mens?" (1987:44).

##### a. Die verskillende Bybels.

Deedat wys sy leser op die verskillende Bybels wat deur die hoofstrome van die Christendom as die Woord van God aanvaar word, naamlik dié van die Rooms Katolieke Kerk aan die een kant en die Protestante aan die ander kant: "Holding the 'Douay', Roman Catholic Version of the Bible aloft in my hand, I ask, "Do YOU accept THIS Bible as the Word of God?" (Deedat 1987:8).

Die leser word dan daarop gewys dat die Protestante nie hierdie Bybel as die Woord van God aanvaar nie omdat "...it contains seven extra 'books', the apocrypha, i.e. of DOUBTFUL AUTHORITY" (Deedat 1987:9). Die Protestante Bybel is dus minus die sewe 'boeke' van die Rooms Katolieke Bybel en hierdie sewe 'boeke' is weggelaat ten spyte van die waarskuwing van Openbaring 22:18-19 dat niks toegevoeg, of weggelaat mag word nie - aldus Deedat.

Deedat impliseer hiermee dus dat die onbetroubaarheid van die Christelike kerk, wat in die ontstaan van die Bybel tot uitdrukking gekom het (3.4.1.1.) ook in die bewaring en oorlewering daarvan duidelik word.

##### b. Die verskeidenheid van Bybels.

Dit is belangrik om te sien dat Deedat die verskillende Bybel-vertalings as variante Bybels voorhou. Dit het te doen met sy interpretasie van die Engelse woord "Versions" in die naam van die King James Version. Dit wil voorkom asof hy nie daarvan



bewus is dat die tegniese betekenis van "version" inderdaad vertaling is nie, en interpreteer dit in die sin van veranderde Bybels. Die tekskritiese verskille tussen die vertalings gee waarskynlik die aanleiding tot hierdie interpretasie van Deedat. Daar word veral klem gelê op die verskeidenheid van Bybels, en veral die verskille tussen die King James Version, die Revised Version en die Revised Standard Version (RSV) word uitgelig.

Eerstens word die nodigheid van die "op-datum-bring" van die Woord van God bevraagteken, verwysend na die King James Version wat deur die Revised Standard Version opgevolg is.

Tweedens word die leser se aandag daarop gevestig dat die RSV van 1952 weer in 1971 moes verskyn hierdie keer met die teks-verse wat in 1952 uitgelaat is. Met fyn spot maak hy 'n karikatuur van hierdie proses:

First published in 1611, and then revised in 1881 (RV), and now re-revised and brought up to date as the Revised Standard Version in 1952, and now again re-re-revised in 1971 (Deedat 1987:9).

Volgens Deedat (1987:19) was die terugplasing van sekere teks-verse (soos Markus 16:9-20) in die RSV, die gevolg van druk deur fundamentalistiese Christene - nadat daar eers \$15 miljoen wins op die 1952 Revised Standard Version gemaak is. Hy suggereer dus dat Christengeleerdes doelbewus nuwe Bybels produseer om geld te maak uit niksvermoedende en goedgelowige Christene. Deedat se siening van onbetroubaarheid van die Bybel, wat berus op die onbetroubaarheid van Christene as sodanig, kom hieruit baie duidelik te voorskyn.

#### 3.4.1.3. Teenstrydighede in die Bybel.

Derdens wys Deedat op veronderstelde foute in die Bybel en gebruik hy dikwels Christelike literatuur om sy stellings te bekragtig. Hy wys byvoorbeeld op die volgende:

- a. 50 000 foute in die Bybel, na aanleiding van 'n brosjure van die Jehowa Getuies (Deedat 1987:13).

- b. Die bevraagtekening van die maagdelikheid van Maria (Deedat 1987:14).
- c. Die sogenaamde foutiewe siening oor die Eenheid van God (1987:17).
- d. Plagiaat (1987:44).
- e. Die verskillende (volgens Deedat kontrasterende) geslagsregisters van Jesus (1987:53).

Opsommend kan gesê word dat Deedat die Bybel plaas teen die agtergrond van die Moslem se konsep van openbaring waarin Moslems die Qur'an as die letterlik ge-uiteerde woord van God (in Arabies) sien (Sarwar 1984:32). "Muslims express their belief that the Qur'an is the INSCRIPTURED Word of God" (Fry 1981:61). Deedat kontrasteer dit met die boeke van die Bybel waarvan daar verskillende outeurs is (sommige selfs onbekend) en waarvan die Evangelie 'volgens' Lukas byvoorbeeld in die tweede persoon geskryf is.

Gemeet aan die Qur'an, wat volgens Moslems letterlik en woord vir woord die spreke van God is, is die Bybel volgens Deedat heeltemal minderwaardig. Dit bevat hoogstens 'n paar oorblyfsels van die oorspronlike Godsopenbarings van Moses, Dawid, Jesus en die ander Joodse profete.

Boonop het die Jode en Christene, volgens Deedat, hierdie verdraaide Godsopenbaring oorgelewer op 'n wyse wat die geloofwaardigheid daarvan verder aangetas het. Met hierdie negatiewe instelling teenoor die Bybel plaas Deedat homself binne die polemiese anti-Christelike tradisie wat aan hom bekend geword het deur Kairanawi (sien 2.1. en 2.5.).

Die felheid van Deedat se kritiek moet dus ook gesien word teen die agtergrond van die aggressiewe Christelike vooroordeel en polemieë teen Islam, asook die negatiewe ervarings van Moslems onder die besondere politieke bestel van Suid-Afrika (sien 2.2.2.).

### 3.4.2. DIE KRUIS EN OPSTANDING.

Deedat se argumente oor hierdie onderwerp vind ons in "Crucifixion or CRUCI-FICTION" (Deedat 1984:1). Dit is 'n aangepaste en uitgebreide aanbieding van die basiese argumente wat hy in sy heel vroegste pamflet, Was Christ Crucified? (Deedat 1960), die lig laat sien het. Hy vat die kern van die Christengeloof goed vas wanneer hy in bogenoemde boekie (1984:2) professor Jürgen Moltmann aanhaal:

The death of Jesus on the cross is the centre of all Christian Theology...all Christian statements about God, about the creation, about sin and death have their focal point in the crucified Christ.

Deedat begin sy betoog met 'n aanhaling uit die Qur'an. Deur dit te doen probeer hy die fokus van die argument verplaas na die hoogste gesag wat die Moslem erken, naamlik die Qur'an (Sarwar 1984:32). Die Qur'an is dan ook baie duidelik ten opsigte van die kruisiging:

And they said, 'We killed Christ Jesus the Son of Mary, the Apostle of God'; but they killed Him not, nor crucified Him, but it was made to appear to them so (Sura 4:156).

Deur hierdie aanhaling probeer Deedat ook om die argument rondom die kruisgebeure weg te neem van die kruis self, en die aandag van die leser te vestig op die kredietwaardigheid of betroubaarheid van die geskrifte wat die gebeure om die kruis weergee naamlik die Bybel en die Qur'an. Die argument verskuif dus hier na die geskrifte en watter een die Woord van God sou wees. Voor- dat daar dus besin kan word wat werklik by die kruis gebeur het, moet die leser eers self uitmaak watter geskrif die ware openbaring van God sou wees.

Aangesien Deedat se argumente ten opsigte van die Bybel onder 3.4.1. behandel is, is slegs die kern van sy argumente hier van belang. Deedat se eerste betoog is teen die hoeveelheid vertalings en uitgawes van die Bybel wat daar in omloop is.

Dan bevraagteken hy ook die egtheid van die verskillende weergawes van die Evangelies, en wys voorts op die oënskynlike teenstrydighede in die verskillende evangelies. Van die skrywers van die evangelies sê hy "...it can be categorically stated that 50% were not even the elected Twelve Disciples of Jesus" (Deedat 1984:7).

Deedat haal dan die vraag uit die Qur'an aan: "Say: produce your proof if ye but speak the truth" (Sura 2:111). Hy vra dus watter een van hierdie 1500 weergawes eintlik die woord van God is, watter een van hulle die boek is wat bewys ("proof") kan lewer van die gebeure van die kruis:

It is presupposed that when Allah commands us to demand the proof, that we would be in a position to analyse the proof, once it is produced. Otherwise it makes no sense to demand for proof; it would be nonsense! (Deedat 1984:6).

'n Groot gedeelte van sy betoog gaan oor die oorspronklikheid van die Bybelse geskrifte en die kwalifikasies van die skrywers van die Bybel om profete en instrumente van God te wees. Die aanspraak dat die Bybel 'n gesagvolle openbaring is wat die skrywers van God ontvang het, word skerp beoordeel en bevraagteken.

Later in sy argument beweeg Deedat (1984:10) vir 'n oomblik weg van die Bybel en die kruis om 'n alternatiewe weergawe of interpretasie van Christus se Messiaanse verwagtinge te gee. Gekoppel aan die gebeure rondom Palmsondag (Matteus 21:5-9) sien Deedat Christus as 'n persoon wat poog om sy aardse koningskap te bevestig deur eers die hoof van die tempel te word en daarna die volk onder die Romeinse oorheersing uit te lei:

The overthrow of the Temple Authority was imminent, and a forerunner to the expulsion of the Romans, heralding the "Kingdom of God". But alas his high hopes did not materialise. The whole performance fizzled out like a damp squib,

despite all the "hosannas" and hoorays to the "Son of David" and the "King of Israel". All this ballyhoo was only forty years premature (Deedat 1985:10).

Hierna volg 'n aanloop na die kruisgebeure en sien ons Deedat vroegtydig betoog dat Jesus se sending gefaal het:

Jesus had failed to heed the warning of the Pharisees to curb the over exuberance of his disciples (Luke 19:39). He had miscalculated. Now he must pay the price of failure. His nation was not ready for any sacrifice, in spite of all their infantile glamour (Deedat 1984:10).

Hy poog dus hier om die pad na die kruis vir Christus te omskryf as die straf vir 'n mislukte staatsgreep en nie as die kruisdood vir die sonde van die mens nie. Deedat se verwerping van die betroubaarheid van die Evangelies lei hom dus daartoe om (saam met heelparty Europese geleerdes soos Reimarus en Eisler) Jesus as 'n mislukte Joodse revolusionêr te skilder, deur 'agter' die Bybelteks sy eie historiese rekonstruksie te maak (Hengel 1971: 3-4).

Vervolgens lei Deedat (1985:11) die leser kortliks deur die gebeure voor die kruis naamlik (a) die sogenaamde ontnugterde Judas, 'n Judas wat deur die gebeure van die voorafgaande paragraaf in die war ("digruntled") was; (b) Die voorbereiding vir die oorname van die tempel deur bewapening (Lukas 22:35-36) wat hy "Preparation for Jihaad" (1985:12) noem, en dan ook (c) die gebed van Jesus voor sy gevangenisname (Matteus 26:36-39).

Interessant is dat Deedat hier weer eens die klem op die aspek van 'n gewelddadige oorname wil laat val:

Where is he taking Peter and John and James now? Further into the Garden! To pray? No! To make an inner line of defence - he had put eight at the Gate, and, now these zealous Zealots, armed with swords, to "wait and watch" -TO KEEP GUARD!" (Deedat 1985:14).

Deedat gaan uit sy pad om Jesus se aspirasies vir 'n aardse heerskappy uit te beeld. Die kruisdood was nie deel van Sy aspirasies nie. Daar was wel die vrees dat Hy die weg van so baie ander profete in die geskiedenis van Israel sou moes volg aangesien die Jode die eienaardige gewoonte gehad het om enige aspirerende messias dood te maak:

...it would be a sure proof of his imposture for God will never allow His truly anointed one to be killed - Deuteronomy 18:20 (Deedat 1984:15).

As die 'coup' misluk sou dit katastrofies vir Jesus wees en daarom konkludeer Deedat (1985:16): "This candidate was most reluctant to die. Arming! Wailing! Sweating! Crying! Complaining!" Volgens Deedat was die oormag van die soldate te groot en staar Jesus mislukking in die gesig. Hy beveel sy volgelinge om hulle swaarde te bêre, iets wat die dissipels nie verstaan nie: waarom dan nou die verandering in strategie? Omdat Jesus Sy eie roeping nie mooi verstaan het nie, het Sy dissipels Hom ook altyd misverstaan en: "... his so-called followers are always misinterpreting his teachings, even to this day" (Deedat 1985:23).

Dan lei Deedat die leser na die kruisgebeure. Hy probeer eensins die feit verberg dat Jesus aan die kruis gehang het nie (Deedat 1985:30). Dit is belangrik om te sien dat Deedat hier wegbreek van die tradisionele Moslemsiening van die kruisgebeure: "They believe that Jesus was, by deception and substitution, saved from crucifixion and taken to heaven (Zwemer 1907:93). Soos reeds aangetoon gee die Qur'an duidelike riglyne in hierdie verband:

But they killed him not, nor crucified him, But so it was made to appear to them...They killed him not; Nay God raised him up unto Himself; and God is Exalted in Power, Wise (Sura 4:156).

Die tradisionele Mosleminterpretasie is dus dat Jesus glad nie naby die kruis was nie en dat iemand anders in Sy plek gekruisig

is terwyl Hy lewendig in die hemel opgeneem is. Aangesien daar egter verse in die Qur'an is wat praat van Jesus se dood en opstanding (byvoorbeeld Sura 19:33, 3:55 en 5:120) gaan die tradisionele siening verder en sê dat Jesus kort voor die oordeelsdag sal terugkom aarde toe, dan 'n Moslem sal wees, trou en doodgaan en op die oordeelsdag saam met alle gelowiges sal opstaan.

Deedat sluit hier by die Ahmadiyya-beweging se siening van die kruisgebeure aan wat verkondig dat Jesus slegs 'n skyndood aan die kruis deurgegaan het:

.."Jesus had not ascended to heaven but had survived the cross in a swoon" (Gilchrist 1986:379).

Dit is interessant dat hierdie Ahmadiyya-siening ook weerspieël word in die Afrikaanse vertaling van die Qur'an deur M A Baker. Sy vertaling van Sura 4:156 lui: "...hulle het hom nie tot die dood gekruisig nie".

Dit gaan vir Deedat dus oor die vraag of Jesus dood of lewendig van die kruis gehaal is. Om sy argument te versterk (dat Jesus wel nog geleef het), bevraagteken hy die metode van kruisiging deur die Romeine (Deedat 1985:30). Miskien, sê Deedat (1985:31), het die Romeine toegelaat dat Jesus te gou van die kruis afgehaal is. Ook het die Romeine nagelaat om Jesus se bene te breek, iets wat wat 'n gewisse dood tot gevolg sou hê (1985:35).

Om hierdie teorie verder te staaf en uit te bou begin Hoofstuk 9 dan ook met die opskrif "Resurrections, Daily" (1985:37) en die gepaardgaande sub-opskrif op dieselfde bladsy, "Resurrected or Resuscitated?". Deedat maak hier ook ruim gebruik van artikels wat in koerante en tydskrifte verskyn het van persone wat 'uit die dood' opgestaan het. Die sekulêre media word dus ook gebruik om sy argumente te staaf.

Om die fisieke dood van Jesus verder te bevraagteken wys hy op die woorde van Jesus in Johannes 20:17, na die graf-gebeure:

"Touch me not, because it would hurt". Though he appears normal to all intents and purposes, he had, nevertheless, been through a violent, physical and emotional ordeal. It would be excruciatingly painful if he allowed her contact. Jesus continues: "For I am not yet ASCENDED unto my Father" (John 20:17) He is, in fact, telling her that he is not RESURRECTED from the dead. In the idiom of the Jew he is saying "I am not dead yet! - I am ALIVE!" (Deedat 1985:48).

Die kern van sy argument is dus dat Jesus nie aan die kruis gesterf het nie. Om dit te bewys begin hy eers by die stelling van die Qur'an dat Jesus nie gekruisig is nie, maar vervolgens probeer hy uit die Bybel self bewys dat Jesus nie aan die kruis gesterf het nie. Hy gebruik hier dus nie die tradisionele Moslemargument teen die kruis, naamlik dat God onregverdig sal wees om een mens vir 'n ander se sondes te laat betaal nie. Hy val hier die Christelike versoeningsleer aan deur die feitlikheid van die kruisdood te ontken.

Deur so na aan die Ahmadiyya-teologie te beweeg, stel Deedat hom oop vir kritiek van mede-Moslems. Deedat (1985:88) se verweer lê daarin dat hy homself as 'n "Scholar of the Bible" sien en dat hy hier bloot met Bybelse eksegeese besig is. Deedat onderskryf as persoon die weergawe rondom die kruis soos in die Qu'ran vervat (1985:88).

Hy gee dus hier vir die leser sy indrukke van die Bybelse gebeure. Die gedagte dat sy publikasies vir 'n breër publiek as net Moslems geskryf is, word dan ook hier bevestig, ook dat dit dan veral op die Christenleser gerig is.



### 3.4.3. DIE GODDELIKHEID VAN CHRISTUS.

Deedat se standpunte oor die Goddelikheid van Jesus Christus, kom in die volgende drie publikasies die duidelikste na vore:

- a. CHRIST IN ISLAM (Deedat 1983a)
- b. WHAT IS HIS NAME? (Deedat 1988)
- c. WHAT WAS THE SIGN OF JONA? (Deedat 1983b)

#### 3.4.3.1. CHRIST IN ISLAM.

In hierdie publikasie maak Deedat hoofsaaklik van die Qur'an gebruik om sy argumente te staaf. Hy begin deur 'n baie positiewe benadering ten opsigte van die persoon, werke en titels van Christus te volg:

WE MUSLIMS BELIEVE, THAT JESUS WAS ONE OF THE MIGHTIEST MESSENGERS OF GOD, THAT HE WAS THE CHRIST, THAT HE WAS BORN MIRACULOUSLY - WITHOUT MALE INTERVENTION (which many modern-day Christians do not believe today), THAT HE GAVE LIFE TO THE DEAD BY GOD'S PERMISSION. IN FACT NO MUSLIM IS A MUSLIM IF HE DOES NOT BELIEVE IN JESUS! (DEEDAT 1983a:2)

Deedat (1983a:5) noem ook die titels waarmee daar na Jesus in die Qur'an verwys word, naamlik Messias, seun van Maria, dienskneg van Allah en boodskapper van Allah. Deur hierdie benadering te volg wil Deedat sy Christenleser op 'n gemeenskaplike terrein ontmoet en inlig oor die posisie van Jesus in die Qur'an. Terselfdertyd wil hy daardeur die korrektheid en kredietwaardigheid van die Qur'an bevestig:

The Christian does not know that the true spirit of charity which the Muslim displays, always, towards Jesus and his mother Mary spring from the fountainhead of his faith - the Holy Qur'an (Deedat 1983a:4).

Met die posisie van die Qur'an (volgens Deedat) bevestig, kyk hy dan na aspekte, soos die goddelikheid van Jesus wat NIE deur die Qur'an erken word nie. Hy sê die volgelinge van Jesus was mislei in hulle afleiding dat Jesus enige goddelike eienskappe

gehad het. Hy haal die Qur'an aan wat volgens hom (1983a:31) die Jode en Christene aanspreek oor die posisie van Jesus:

"Christ Jesus the son of Mary  
Was (no more than)  
An apostle of God" (Sura 4:171)

Deedat (1983a:36) behandel verder enkele teksverse wat volgens hom algemeen deur Christene gebruik word om die goddelikheid van Jesus te staaf. Belangrik is dat hy nie die Bybel bevraagteken nie maar dit in lyn ná die uitsprake van die Qur'an stel. Deedat konsentreer eerder op 'n ander interpretasie van die teksverse as die miskenning van die gesag daarvan. Drie van die verse wat hy aanspreek is: Johannes 17:20-23, Johannes 10:34 en Johannes 1:1. Die klem val op die EENheid en GODheid.

a. EENheid. 'n Teksvers wat volgens Deedat (1983a:35) altyd eerste deur Christene in hierdie verband aangevoer word is Johannes 17:22. "... net soos Ons een is". Deedat sê dat Jesus nie hier van 'n biologiese eenheid met God gepraat het nie, maar van 'n eenheid van visie en doelstelling: One in what? In their Omniscience? In their Nature? In their Omnipotence? No! One in purpose! (1983a:37)

Dit is hier duidelik hoedat Deedat die tipiese argumente van die Jehowa Getuies teen die tradisionele Christelike leerstellings gebruik. Trouens 'n baie sterk element van die Moslempolemiek teen die Christelike boodskap is die feit dat hulle steun op die kritiek van ortodokse en afvallige groepe binne die Christendom (Greyling 1976). Die verdeeldheid onder Christene is 'n basiese swakheid in die Kerk se verhouding met Islam.

b. GODheid. Deedat gebruik die Bybel om hier aan sy lesers te toon dat Jesus self sy "godheid" op die menslike vlak sien. Hy verwys na Johannes 10:34 "Staan daar nie in julle wet geskrywe: 'Ek het gesê: julle is gode nie?" Dit is 'n verwysing na Psalm 82:6 wat

sê: "Julle is almal gode". Hy skryf voorts:

Jesus, continues, 'If he (i.e. God Almighty) calls them gods, unto whom the word of God came (meaning the prophets of God were called 'gods') and the scripture cannot be broken - YOU CAN'T CONTRADICT ME! (Deedat 1983:39).

Die volgende vers wat volgens Deedat (1983:40) gewoonlik deur Christene gebruik word om die godheid van Christus te bewys is Johannes 1:1. "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God". In sy behandeling van dié vers sê hy dat die woord 'god' moet wees en nie 'God', soos dit in die Bybel aangeteken is nie. Die woord 'god' moet dus in konteks met 'n voorafgaande paragraaf van hierdie hoofstuk gelees word waar die woord 'god', met 'n kleinletter geskryf behoort te wees. Die woord sou dan ook dieselfde betekenis hê as die uitdrukking "die god van die wêreld" wat in 2 Kor 4:4 vir die duiwel gebruik word (Deedat 1983:41).

#### 3.4.3.2. What is His name?

In hierdie publikasie gee Deedat aandag aan die naam van God en sal ek net dié gedeeltes aansny wat direk na die goddelikheid van Jesus Christus verwys. Sy aanloop in 'What is His name' (1981), is dat alle mense 'n godsbegrip het: "Belief in God is ingrained in nature of man. As long as man existed on earth, the knowledge of God Almighty also co-existed" (1981:3). Kennis van God is dus universeel en God het Hom aan die mens deur Sy gekose boodskappers bekend gemaak:

This knowledge was given by the Creator Himself through the lips of His chosen messengers. The names of very few of these messengers we know, the rest have been lost or clouded in superstition (Deedat 1988:4).

Alhoewel alle teologie sy oorsprong by God het, het die mens sy eie begrippe tot hierdie godheid begin toevoeg met die gevolg dat God menslik geword het. Volgens Deedat (1988:4) is veral die Joodse en Christelike literatuur skuldig hieraan en word God

uitgebeeld as iemand wat soos 'n mens is (Gen 11:5), wat soos en met 'n mens stoei (Gen 32:28), wat dronk was (Psalm 78:65), wat berou kan hê (Gen 6:6) en kan ruik (Gen 8:21). Die Deedat-logika gaan voort en op bladsy 5 van dieselfde uitgawe sê hy dat die mens dus probeer om van God maar net nog 'n mens te maak. Dit het ook die deur oopgemaak dat 'n gewone profeet (Jesus) nou ook 'n God gemaak is. Die mens het dus sy onderskeidingsvermoë verloor.

#### 3.4.3.3. Wat is 'n God nie?

Deedat antwoord hierdie vraag deur te verklaar dat God iemand is van wie geen onreinheid vloei nie, met ander woorde "GOD EATS NOT! (Deedat 1988:12). Dit word in verband gebring met die feit dat Jesus wel geëet het terwyl hy op aarde was. Beide die Qur'an (Sura 5:78) en die Bybel (Lukas 24:42-43) word in hierdie verband aangehaal (Deedat 1988:15).

Deedat som op en verklaar dat Jesus nie God kan wees nie omdat hy die gewoontes van 'n mens openbaar. Die idee van rituele reinheid lê ten grondslag van hierdie argument. Die uitskeidings van die menslike liggaam (urine, semen en menstruele bloed) maak 'n mens ritueel onrein, en maak reiniging 'n voortgaande noodsaaklikheid. Die blote gedagte dat God hierdie soort bestaan kan voer, is vir Moslems verwerplik. Die feit dat Jesus kos geëet het, is dus 'n oortuigende bewys (aldus Deedat) dat Hy nie God kon wees nie.

#### 3.4.3.4. What was the sign of Jona?

In hierdie publikasie (Deedat 1985b) baseer hy sy argumente op vier veronderstellings:

- a. Dat Jesus, soos Jona, lewendig in die graf was.
- b. Dat Jesus, in teenstelling met Jona, nie drie nage in die graf was nie.
- c. Dat Maria nie 'n liggaam wat reeds besig was om te ontbind, kon behandel nie.
- d. Een engel kon nie die klip voor die graf verwyder nie.

Met hierdie argumente wil Deedat enersyds aantoon dat Jesus lewendig van die kruis afgehaal is en andersyds dat dié teken van Jesus nie op Homself van toepassing was nie aangesien Jesus nie (volgens Deedat) dieselfde tyd (drie nagte) in die graf deurgebring het nie.

#### 3.4.4. MOHAMMED AS PROFEET.

In sy publikasie "WHAT THE BIBLE SAYS ABOUT MUHAMMED" (Deedat: 1990) poog Deedat om die profeet van Islam eerstens vanuit die Bybel self te verklaar. Waarom, vra hy (1990:2), het die Bybel so baie te sê oor sake soos die opkoms van Rusland, die Pous en die Rooms Katolieke Kerk. Tog skyn dit in gebreke te bly ten opsigte van Islam wat byna een vyfde van die wêreld se bevolking verteenwoordig.

Die oplossing is eenvoudig, sê Deedat (1990:5). Net soos Jesus nie by naam genoem word in die talle profesieë oor Hom in die Bybel nie, is dit ook die geval met Mohammed:

If this is what you have to do with a 'thousand' prophecies to justify your claim with regards to the genuineness of Jesus, why should we not adopt the very same system for Muhammed? (Deedat 1988:5).

Om sy argument te staaf verwys hy na Deuternomium 18:18 wat die vertrekpunt is van sy beredenering:

Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en hy sal vir my volksgenote alles sê wat ek hom beveel (Deuteronomium 18:18).

Deedat bou op die gedeelte van die vers wat sê: "Hy sal soos jy wees" en wys daarop dat daar meer ooreenkomste tussen Moses en Mohammed is as tussen Moses en Jesus. Sy argumente kan as volg saamgevat word:

a. Mens. Die eerste vergelyking word getref op grond van die menslikheid van Moses. Volgens Deedat kwalifiseer Jesus nie in

hierdie vergelyking nie aangesien die Christene Jesus as God bely. Mohammed is dus soos Moses (Deedat 1988:6).

b. Gesterf vir die mens se sonde. Nie Moses of Mohammed het aanspraak gemaak dat hulle vir die sonde van die mens gesterf het nie (Deedat 1990:7).

c. Ouers. Beide Mohammed sowel as Moses het natuurlike ouers gehad (Deedat 1990:7).

d. Geboorte. Die geboorte van Jesus Christus was 'n bonatuurlike geboorte (Deedat 1990:7).

e. Moses sowel as Mohammed was getroud (Deedat (1990:8)).

f. Mohammed en Moses was in hulle leeftyd as profete aanvaar. Deedat verwys na die lewe van Christus in Johannes 1:11: "Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie" (Deedat 1990:8).

g. Beide Moses en Mohammed was profete sowel as konings in hulle onderskeie leeftye (Deedat 1990:9). Jesus se Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie (Johannes 18:36).

h. Terwyl Jesus gekom het om die wet en profete te vervul (Matteus 5:17-18) het Moses en Mohammed nuwe wette aan die volk gegee (Deedat 1990:11).

i. Jesus is deur die mense gekruisig. Moses en Mohammed het 'normaal' heengegaan (Deedat 1990:12).

j. Moses en Mohammed lê begrawe op aarde (Deedat 1990:12) maar Jesus is in die hemel.

Die basis vir Deedat se volgende argument kom ook uit Deuteronomium 18:18, maar hier beklemtoon hy "...een van hulle volksgenote...". Deedat se argument is dat Mohammed gebore is vanuit die volksgenote van Abraham "...from among your brethren" (Deedat 1990:13). Hy beweer dus dat hierdie teksgedeelte na Mohammed verwys. Deedat (1990:16) koppel ook die teksgedeelte aan Mohammed deur te verwys na die wyse wat die boodskap van die Qur'an aan Mohammed oorgedra is nl. dat die woorde in sy mond gelê is "Syllable for syllable, word for word, sentence for sentence" (Mandivenga 1983:18).

In verhouding met sy ander werke is die argumente vervat in hierdie boekie minder omvattend omdat dit basies gebaseer is op een teksvers, soos genoem. Hy verwys na ander verse, soos byvoorbeeld Hooglied 5:16, maar dit word nie pertinent uitgelig nie en ander verse word slegs in voetnotas aangegee.

Deedat staan dus in 'n eeuelange Moslemtradisie om Deuteronomium 18:18 te gebruik om te "bewys" dat die koms van Mohammed in die Bybel voorspel is.

### 3.5. TEN SLOTTE.

In die beoordeling van Deedat is dit nodig dat daar nie net na die argumente en metodes van die IPCI in isolasie gekyk word nie, maar om Deedat as 'n historiese fenomeen te sien. Sy argumente en reaksie teenoor die kerk is soos aangedui nie enig in sy soort nie en daar kan verwag word dat die argumente en aanslag, soos komende van die IPCI, in een of ander vorm weer in die toekomst na vore sal kom. Daar moet dus gekyk word na wat Deedat sê, waarom hy dit sê en doen en wat die verhouding van die kerk in hierdie verband kan wees.

Daar is dus baie ruimte vir verdere navorsing oor die agtergronde en samehange van Deedat se standpunte. Dit oorskry egter die spesifieke fokus van hierdie studie om dieper daarop in te gaan. In die volgende drie hoofstukke val die klem nou op drie Christenorganisasies in Suid-Afrika en hoe hulle gereageer het op Deedat se propagering van Islam en sy diskreditering van die Evangelie.

---

## HOOFSTUK 4

### SIM-LIFE CHALLENGE (Gerhard Nehls)

'n Model van getuienis deur konfrontasie

#### 4.1. AGTERGROND.

In hierdie hoofstuk kyk ons na die werk van Gerhard Nehls en die organisasie Life Challenge, wat deur hom begin is. Nehls, gebore in 1928, verhuis van Duitsland na Suid-Afrika in 1954. Hy is getroud met vyf kinders waarvan vier in Suid-Afrika gebore is. Nehls begin sy eerste Christen-organisasie, Bible Band, in 1961, vier jaar na sy bekering. Bible Band was tot 'n groot mate op nie-kerkgaande jongmense van verskillende kultuuragtergronde gerig.

In 1975 verhuis Nehls na Kaapstad waar hy die eerste keer onder die indruk kom van die (toe) verwaarloosde getuienis aan Moslems (Nehls 1988:20) en ook met die publikasies van Ahmed Deedat te doen kry (Nehls 1975:134). Hier begin 'n nuwe bediening, Life Challenge, wat spesifiek op die uitreiking met die evangelie van Jesus Christus na Moslems gerig was. Die Duitse sendingorganisasie 'Deutsche Mission Gemeinschaft' (DMG)<sup>1</sup> aanvaar Nehls in 1964 as sendeling en met verloop van tyd sluit ander Duitse sendelinge ook by hom aan.

In 1986 begin SIM-SA<sup>2</sup> met 'n soortgelyke aksie en bevestig hulle eerste sendeling onder Moslems, Sylvia Reuters, in daardie jaar. Pastoor Johan Carstens word in 1987 deur die AGS van Suid-Afrika na SIM gesecondeer as assistent algemene-sekretaris. SIM het vanaf 1986 tot 1989 'n belangrike rol ten opsigte van die

---

<sup>1</sup> DMG is 'n interkerklike sendinggenootskap in Duitsland

<sup>2</sup> Voorheen Sudan Interior Mission.



bewusmaking van die teenwoordigheid van Islam in Suid-Afrika en uitreikingsmoontlikhede na Moslems gespeel. Gereelde inligtingseminare en opleidingskursusse is vir Christene aangebied. Gebiede waarop gekonsentreer was, is Kaapstad, Johannesburg, Pretoria, Port Elizabeth, Potchefstroom en Kimberley.

In 1988 word Life Challenge by SIM-SA ingelyf. Die SIM-kantore en aktiwiteite is vir alle praktiese doeleindes in 1989 deur Life Challenge oorgeneem en SIM-SA het net 'n oorkoepelde naam geword vir die aktiwiteite van Life Challenge. Tot en met hierdie inlywing het Life Challenge 'n eie raad van adviseurs, onder andere ook Dr Werner Backeberg<sup>3</sup>, gehad. Hy was die afgelope dertig jaar een van Nehls se intieme vertrouelinge en adviseurs. Na die inlywing van Life Challenge by SIM, is 'n oorkoepelende raad van adviseurs gevorm en is Dr D Rigby (nou ontslae) van die 'Baptist Seminary' in Kaapstad, as Suid-Afrikaanse direkteur aangestel.

Hierdie inlywing vorm deel van 'n rasionaliseringsprogram van die moederorganisasies (SIM Internasionaal en DMG) se oorsese aktiwiteite. Vandag verteenwoordig Life Challenge effektief SIM in Suid-Afrika en Sylvia Reuters is in Life Challenge se span opgeneem. Die groter sendelingevoedingsbron oorsee het dan ook tot gevolg gehad dat Life Challenge persone van buite Suid-Afrika en Duitsland kon betrek en so arriveer die eerste Taiwanese sendelingspaar in 1991, met getuienis aan Moslems as spesifieke opdrag.

In 1989 verhuis Nehls na Johannesburg en dra in dieselfde jaar die Transvaalse leierskap aan Uli Lehmann oor, terwyl Walter Gshwandtner die werk in die Kaap koördineer. In hierdie tyd het Nehls, in assosiasie met SIM, as sendeling begin werk en Life-

---

<sup>3</sup>Dr Backeberg is emiritus-leraar van die Evangelies Gereformeerde Kerk.

Challenge Africa in Johannesburg begin, wat op lande buite Suid-Afrika gerig is. Gschwandtner sluit in 1991 by Life Challenge Africa aan en verhuis na Kenia om sy werk daar voort te sit. In 1992 sluit nog 'n sleutelpersoon, Andreas Maurer hom by Nehls aan terwyl Uli Lehmann die leier van die werk in Suid-Afrika bly. Almal na wie in hierdie paragraaf verwys word, is Duitse sendelinge. In April 1992 het SIM/Life Challenge en Life Challenge Africa saam sewe egpare heeltyds in diens gehad waarvan vyf van Duitse afkoms is. Die Duitse kontingent van sendelinge werk almal onder die beskerming van DMG en word ook finansiëel deur hulle ondersteun.

In 1990 voeg twee Suid-Afrikaanse werkers hulle heeltyds by die span. Hulle is ds. Jurie Goosen (N.G. Kerk) en Sandy Willcox (Church of England). Sy het haar opleiding by die Bible Instituut in Kalkbaai verkry. Op die inisiatief van Harald Froïse (SIM), Gerhard Nehls en John Gilchrist is 'Christians Concerned for Muslims' (CCM) in 1982 gestig. CCM is hoofsaaklik 'n sambreel van vrye assosiasie vir individue of organisasies om op 'n jaarlikse basis bymekaar te kom vir gemeenskap, bespreking van metodiek en verwante missionêre aangeleenthede.

#### 4.2. REAKSIE OP DIE AKTIWITEITE VAN DIE IPCI.

Nehls (1992) sê hy dat hy doelbewus probeer om geen Moslemskrywer of persoon in enige van sy publikasies prominensie te gee nie. Hierdeur wil hy verhinder dat onnodige publisiteit aan Deedat of ander Moslems gegee word. Dit wil egter nie sê dat hy in sy publikasies die argumente van Deedat geïgnoreer het nie. Inteendeel, 'n ontleding van sy publikasies (sien Addendum IV) toon die erns waarmee hy wel Deedat se argumente hanteer. In sommige van Nehls se vroeëre publikasies verwys hy in enkele gevalle wel na Deedat en ook mnr ASK Joommal, in die hantering van argumente rakende die Bybel en die Godheid van Jesus Christus.

#### 4.2.1. OPENBARE DEBATTE TEEN DEEDAT.

Anders as Shorrosh en Gilchrist het Nehls nooit met Deedat in 'n openbare debat getree nie. Op 'n vraag waarom hy Deedat nooit tot 'n openbare debat uitgedaag het nie, antwoord Nehls dat hy wel vir Deedat in 1988 uitgedaag het tot 'n geskrewe debat gebaseer op die formaat van die boek van Kateregga en Schenk (1981). Deedat was egter nie hiervoor te vinde nie. In my onderhoud met Deedat (1988) was sy antwoord op die bogenoemde vraag dat Jesus "mans genoeg" was om met sy aanvallers in die openbaar te debatteer en dat hy (Deedat), die voorbeeld van Jesus navolg.

In my onderhoud met Nehls (1992a) het twee redes vir dié weiering na vore gekom:

a. In die eerste plek glo hy nie dat openbare debatte, soos wat Deedat voer, enige noemenswaardige invloed op Christen- of Moslemgemeenskappe het nie.

b. Nehls het vir homself 'n bedieningsveld afgebaken wat nie publieke debattering insluit nie. Persoonlik is ek van mening dat dit 'n wyse besluit was aangesien Nehls nie 'n charismatiese verhoogpersoonlikheid soos Deedat is nie. Sy sterk punte lê meer op die vlak van navorsing en opleiding (Sien 4.6.).

#### 4.2.2. LESINGS EN OPLEIDINGSKURSUSSE.

Nehls konsentreer in sy benadering tot Islam op (a) die toerusting van Christene deur opleiding en (b) uitreiking met die evangelie na Moslems. Vir hierdie doel is verskeie publikasies voorberei.

#### 4.2.3. PUBLIKASIES VAN LIFE CHALLENGE.

Die materiaal van Life Challenge kan in twee hoofkategorieë ingedeel word:

a. Videomateriaal: Nehls se opleidingsprogram is volledig

deur MEMA<sup>4</sup> op video geplaas en word gesamentlik deur Life Challenge en MEMA versprei.

- b. Publikasies: Die literatuur van Life Challenge is hoofsaaklik deur Nehls geskryf. Daar is egter in die laaste paar jaar ook werkboeke deur Andreas Maurer ontwikkel.

Die publikasies<sup>5</sup> kan op hulle beurt weer in drie hoofde ingedeel word:

- i. Boeke vir die Christen-evangelis.
- ii. Bybelstudies oor God, Christus en die Bybel vir Christen en Moslem.
- iii. Literatuur vir Moslems.

#### 4.2.4. EVANGELISASIESPANNE.

Nehls het sedert die stigting van Life Challenge verskeie individue opgelei om met die Evangelie na Moslems uit te reik. Dit is veral in die Kaap, Boland, Port Elizabeth, Johannesburg en Kimberley waar hy spanne opgelei het wat nou weekliks, onder toesig van sy heeltydse werkers, Moslemhuisgesinne van deur tot deur besoek.

Dit is interessant dat Nehls tot dusver nog nie in Durban betrokke geraak het nie en dat Life Challenge, behalwe vir sporadiese besoeke, ook nie 'n werker daar geplaas het nie. Volgens Nehls (1992a) het nòg hy, nòg sy span leiding gekry om daar te werk.

---

<sup>4</sup> MEMA (Moderne Evangelisasie Media in Afrika) is 'n bediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

<sup>5</sup> 'n Volledige lys van die beskikbare videos en publikasies verskyn onder Addendum IV.

Die doel van Life Challenge se evangelisasiepogings is om:

- a. Die feite aangaande die evangelie aan te bied ten opsigte van die versoenende dood en opstanding van Jesus Christus.
- b. Om historiese, wetenskaplike, skriftuurlike en filosofiese bewyse van hierdie gebeure voor te lê.
- c. Die eise van die Evangelie, naamlik bekering, doop, geloof, kosteberekening, heiligmaking, volharding en gehoorsaamheid duidelik te stel.
- d. Die beloftes van die Bybel soos genade, vergifnis, ewige lewe, nuwe lewe, rus en die gawe van die Heilige Gees uit te lig (Nehls 1975:60).

Sendelinge van Life Challenge vergader weekliks saam met deeltydse werkers en konsentreer waartydens daar gekonsentreer word op opleiding, gebed en uitreiking.

#### 4.3. LIFE CHALLENGE SE BENADERING TOT DIE ISLAM.

Nehls haal sy motivering vir uitreiking na Islam in die eerste plek uit sy fundamentalistiese benadering tot die Bybel (Nehls 1975:v). Vir hom sluit Matteus 28:19, met die opdrag om 'te gaan', ook die Moslemwêreld in. Hierdie uitreiking is egter nie sonder probleme nie en Nehls voel dat Christene se getuienis teenoor Moslems beïnvloed word deur "fear of an aggressive or militant reaction" van die kant van Islam (Nehls 1975:v). Die verwagting (vrees) is ook daar dat Christene deur Moslems met vrae bestook sal word en dat eersgenoemde nie die nodige opleiding het om hulle te beantwoord nie:

The expectation of a seemingly scholarly barrage of tricky questions on the Bible, which a Christian is often not willing and able to face, brought the Christian witness to Muslims virtually to a full stop (Nehls 1975:v).

Hierdie beeld van Islam is heel moontlik gevorm tydens sy

verhuising na, en eerste kennismaking met Moslems in die Kaap: "We exposed ourselves to the criticism by Muslims of the Christian faith and of the Bible (Nehls 1988:2). Nehls stel dit onomwonde dat indien dit nie vir die literatuur van Deedat en Joommal was nie, daar geen rede vir die skryf van sy publikasies sou wees nie (Nehls 1987:134). Meer nog, die literatuur van Deedat en Joommal het ontspanne kommunikasie tussen Christene en Moslems geïnhibeer en tot stilstand gebring:

If the Bible had not been totally discredited by these men, Muslims and Christians could have sat together in a scholarly fashion to search objectively for the truth. However, this has been inhibited, for anti-Christian indoctrination has led rather successfully to a halt in all communication (Nehls 1987:134).

Daarom, sê Nehls, maak hy geen verskoning dat sy literatuur nie 'n balans probeer handhaaf nie - dit is juis geskryf om die ander kant, wat deur Deedat en Joommal verswyg is, uit te lig (Nehls 1987:134).

#### 4.3.1. KONFRONTASIE.

Nehls (1975:45) sê dat konfrontasie, in die normale proses van gesprek met Moslems, onafwendbaar is aangesien hulle enersyds deur die Qur'an geleer word dat vriendskap met Christene nie moontlik is nie (Sura 5:58, 2:120 en 3:28). Andersyds verwyg die Bybel die volgende van 'n Christen: "At the right time and occasion we simply have to call a false prophet and anti-Christian book what they are" (Nehls 1975:46).

Uit die Ou Testament neem Nehls (1975:46-47) Jeremia 1:4-10 as voorbeeld van die rol wat Christene in hierdie verband behoort te speel:

Behold I have put my words into your mouth. See, I have set you this day over nations and over kingdoms, (1) TO PLUCK UP AND BREAK DOWN, TO DESTROY AND TO OVERTHROW - (2) TO BUILD AND TO PLANT.

Hier vind ons dan ook sy basiese benadering ten opsigte van sy uitreiking na Islam, naamlik "Destroying false concepts" en "Positively presenting the truth" (Nehls 1975:47). Vanuit die Nuwe Testament gebruik hy die volgende verse om hierdie beginsel aan te vul:

2 Korintiërs 10:3-5: Though we live in the world we are not carrying on a wordly war, for the weapons of our warfare are not wordly, but we have divine power to destroy strongholds. WE DESTROY arguments and EVERY PROUD OBSTACLE TO THE KNOWLEDGE OF GOD and take every thought captive to obey Christ.  
Efesiërs 5:11: Take no part in the unfruitful works of darkness, but instead EXPOSE THEM.

Konfrontasie is volgens Nehls dus geoorloof, trouens dit is 'n onafwendbare deel van dissipelskap. In 'n onderhoud met Nehls (1992a) ondersteun hy Shorrosh se beginsel dat konfrontasie 'n metode is om denkpatrone te verander (sien 6.3.1.). Hy sien openbare konfrontasie egter nie as 'n bedieningsmodel wat hy òf sy organisasie hul eie kan maak nie. Die beginsel van skok is goed, maar op die regte tyd en nie as lewenstaak nie. Konfrontasie moet nie gesoek word nie, maar ook nie ontwyk word nie.

Dit beteken vir Nehls egter nie 'n blanko tjek om Moslems en dit wat vir hulle heilig is, aan te val nie. "To attack what is holy to the Muslim is, to say mildly, poor taste" (Nehls 1992b:33). Tog sê Nehls, beteken dit dat Moslems duidelik moet beseef dat hulle vashou aan 'n openbaring wat nie met die Bybel saamstem nie en ook dat die Qur'an meer probleme het as wat hy dink die Bybel het. Daar is ook nie genoegsame aanvaarbare bewyse van die Qur'an se Goddelike oorsprong nie (1992b:33). Hy tref dus 'n duidelike onderskeid tussen gesprekvoering en aanval:

The word 'reasoning' (Greek 'dialegomai') means to dispute with others, to look at other view points and discuss them. This is good. We object, however, to 'having an argument' with Muslims about God or the Bible (1992b:34).

Nehls se model van uitreiking is tot 'n groot mate gebou op die konfrontasie tussen waarheid en valsheid. Waarheid word bo eenheid en medemenslikheid gestel: "Truth is always a confrontation with non-truth. Truth brings with it conflict!" (Nehls 1990:29). Positief gestel beteken dit dat ware eenheid slegs in waarheid gevind kan word.

#### 4.3.2. VRIENDSKAP.

Volgens Nehls is vriendskap en evangelisasie twee onversoembare begrippe omdat ware vriendskap totale openhartigheid vereis - iets wat tussen Christene en Moslems nie moontlik is sonder konfrontasie van gesigspunte òf die ontwyking van sekere sentrale geloofsoortuigings nie:

Even if we try to avoid it, anyone with experience in Muslim evangelism is painfully aware of the fact that in most conversations with Muslims, Christians are at once attacked as soon as the topic concerns their faith. There is an obvious reason for most Muslims to be very reluctant to engage in friendship with Christians: The teachings of the Qur'an (Nehls 1975:45).

Hy onderskei voorts tussen die begrippe vriendskap en verhouding (relationship). Volgens hom kan niemand werklik 'n vriend van hom wees as hy/sy nie ook God lief het òf deur Christus verlos is nie (Nehls 1990:29). Daar is wel ruimte vir 'n persoonlike verhouding wat as basis vir evangelisering kan dien, maar dit is dan 'n verhouding met 'n doel - evangelisering.

Daar sal egter 'n keerpunt in so 'n verhouding kom wanneer die evangeliese waarhede gedeel en beklemtoon word. Indien hierdie nooit na vore kom nie, sal dit wees as gevolg van die akkommodering van mekaar se standpunte:

Accommodation means we are prepared to compromise. This is likely to extend our relationship, possibly indefinitely. This is done not by saying what others do not want to hear about the Bible - and by saying what he likes to hear about



Islam. When we try to take a little of Islam and mix it with the Christian message to make it more appealing, we practise syncretism. This will lead to confrontation and possible rejection (Nehls 1990:29).

#### 4.3.3. DIE GEBRUIK VAN DIE QUR'AN.

Nehls voer twee redes aan waarom hy nie die gebruik van die Qur'an in Christengetuïenis voorstaan nie (Nehls ISB1:34). Eerstens omdat die verkeerde of ontoereikende gebruik daarvan vir beide Christen en Moslem tot verleentheid kan lei. Wanneer die Qur'an wel gebruik word, behoort Christene 'n deeglike kennis van die inhoud van die Qur'an te hê en die konteks van die aanhaling deeglik te verstaan. Nehls is dus nie heeltemal teen die gebruik van die Qur'an deur Christene nie, maar eerder versigtig vir die gebrekkige gebruik daarvan (Sien 4.4.3.).

Tweedens mag Christene, deur die gebruik van die Qur'an, by Moslems die verkeerde indruk skeep dat Christene die Qur'an as gesaghebbend beskou:

We have to make sure, however, that a Muslim will not begin to think that we quote the Qur'an as an authority, i.e. as Word of God. One could avoid this by saying: "You as a Muslim believe that...." (Nehls 1992b:34).

Uit bogenoemde is dit dan ook duidelik dat Nehls nie die Qur'an, óf gedeeltes daarvan, as geïnspireerd aanvaar nie: "...for no supernatural characteristic can be substantiated. Above that the Qur'an contradicts the Bible, of which there are evidences (Nehls 1990:28).

#### 4.4. LIFE CHALLENGE SE WEERLEGGINGS VAN DEEDAT.

Die antwoorde op die bepaalde argumente soos onder 3.4. aangeteken, vind ons hoofsaaklik in drie van Nehls se werke, Christians Ask Muslims (1987), Christians Answer Muslims (1988) en sy Resource Material (1992). Vir kontinuïteit word daar so

so ver as moontlik van dieselfde opskrifte gebruik gemaak (soos in 3.4.) om kruisverwysings en vergelykings te vergemaklik.

#### 4.4.1. DIE BYBEL AS WOORD VAN GOD.

Oor bogenoemde onderwerp gebruik Nehls vier hooftemas om sy antwoord op Deedat se argumente te gee. Eerstens maak hy 'n onderskeid tussen verskillende Christengroepe en hulle kontras-terende denkrigtings. Tweedens wys hy op die uiteenlopende benaderings van Christene en Moslems ten opsigte van goddelike openbaring. Daarna gee hy 'n verduideliking vir die veronder- stelde foute van die Bybel en ten slotte wys hy op profesieë en ander argumente ter staving van die korrektheid van die Bybel.

In teenstelling met Shorrosch (6.4.) behandel Nehls die verde- diging van die Bybel en die bevraagtekening van die Qur'an as twee afsonderlike argumente. 'n Aanval op die Qur'an vorm dus nie deel van sy antwoord oor die vraag rakende die egtheid van die Bybel nie. Hy neem die argumente van Deedat (oor die Bybel) hoofsaaklik in Christians Answers Muslims (1988) in oënskou, en die bevraagtekening van die Qur'an en ander aspekte rakende die godsdiens van Islam in Christians Ask Muslims (1987).

##### 4.4.1.1. Onderskeid tussen Christene.

Deedat (1987:53) wys sy lesers op die feit dat sommige Christen- teoloë verklaar dat die Bybel vol foute is. Nehls (1988:6) gee toe dat daar wel so 'n groep is en begin sy antwoord op hierdie stelling met: "Some do". Hy maak egter 'n duidelike onderskeid tussen mense wat per keuse hulle aan God onderwerp en gehoorsaam is en ander - die sogenaamde institusionele Christene (Nehls 1988:7) - wat deur "tradition and ritual" hulleself Christene noem, maar in wese liberaal en humanisties is:

It is not surprising therefore that two mainstreams of Christian theology have evolved. The one is man orientated (humanistic, liberal, existentialistic), where church

membership does not presuppose Biblical faith and standards, but rather is considered to be automatic if one submits to the "Sacraments", i.e. baptism and the like (Nehls 1988:7).

Dit is laasgenoemde, sê Nehls (1988:8), wat die Bybel op so 'n wyse benader en interpreteer dat die egtheid daarvan gestroop en die deur oopgemaak is vir sommige Moslems om voordeel daaruit te trek, ten koste van die Christendom. Die probleem van die diskreditering van die Bybel word dus deur Nehls primêr aan die voete van hierdie Christene gelê. Daar is egter ander Christene wat Bybel-gesentreerd is: "Christian Scholars - in the majority, who base their faith on the Bible" (Nehls 1988:8).

Ten opsigte van die kritiek van sommige Moslems teenoor die Bybel, vra Nehls (1988:8) of dit regverdig is dat hulle die kwaliteit en betroubaarheid van die Bybel bevraagteken, terwyl 'n kritiese beskouing van die Qur'an nie toelaatbaar is nie (Nehls 1990:29). Die Qur'an verklaar dat beide die Injil en die Qur'an van God is, daarom behoort dit wat van die Hemel kom, vir die Moslem "'Nazil' and beyond human criticism" (Nehls 1988:9) te wees. Hier deel Nehls die siening van Moslems soos Yussuf Nazeer, die redakteur van die tydskrif 'AL BALAAGH', wat so 'n benadering as dubbelstandaarde en "non Islamic" (1989:4) beskryf.

Nehls erken egter ook dat nie alle Moslemteoloë hulle aan die uitbuiting van die bogenoemde situasie skuldig maak, of krities teenoor die Bybel staan nie:

Sir Sayyid Ahmad Khan, founder of the Aligarh College, has written: "In the opinion of us Mohammedans it is not proved that corruption (tahrif-i-lafzi)...was practised". Sir Sayyid quotes Imam Bukhari and Fakhruddin Razi as agreeing with him (Nehls 1988:9).

#### 4.4.1.2. Onderskeid in openbaring.

Een van die hoofredes (Nehls 1988:10) waarom Moslems probleme het om die Bybel as Woord van God te aanvaar, is die verskillende benaderings wat Christene en Moslems het ten opsigte van goddelike openbaring. Vir Moslems is openbaring die Qur'an, wat van God na die mens gekom het. "Book (Qur'an) from God (Nazil = come down) = Revelation from God" (Nehls 1988:10). Vir die Christen is openbaring nie net woorde nie, maar die openbaring van God self, in Jesus Christus, aan die mens:

We must realize that God cannot reveal Himself in words alone! There He reveals information about Himself, His character and will. Self-revelation is an 'open appearing', an 'uncovering' of Himself. This happened when a body was prepared for Him (Hebrews 10:5). Hence Jesus could say: He that has seen Me has seen the Father" (John 14:9)" (Nehls 1988:10).

Nehls (1988:1) gee toe dat hierdie konsep van openbaring vir Moslems moeilik is om te aanvaar aangesien dit so verskillend van hulle eie is. Die feit dat dit van die Christen se benadering ten opsigte van openbaring verskil, beteken egter nie dat die Bybel verkeerd is nie. Inteendeel, die openbaringsgetuie-nisse wat deel van die karakter van die Bybel is, ontbreek heeltemal in die Qur'an. In die Bybel is daar byvoorbeeld profesieë en die vervulling daarvan, historiese dokumentasie en aanvaarbare ooggetuie-verslae van tekens en wonderwerke. "The Muslim must also understand that in the Bible we find what he would term the Qur'an, the Hadis and even the Tafsir" (Nehls 1988:11).

Nehls maak 'n belangrike onderskeid tussen die boodskap van die Bybel wat geïnspireerd is en moontlike foute wat kon insluip as gevolg van die oorskryf van die inligting op primitiewe materiaal. Die boodskap het altyd dieselfde gebly. Die meeste van die probleme wat met die oorskryf van die Bybelse dokumente ingetree het, is reggestel aangesien: "studying the vast amounts

of recently discovered documents, scholars have detected and clarified just about all of these" (Nehls 1988:11).

#### 4.4.1.3. Onderskeid van foute.

In beide Nehls se Christians Answer Muslims (1988:12) en Resource Notes (ISBN:29) begin hy sy antwoord op die verskillende argumente rakende die foute en interpolasies in die Bybel, deur te sê dat die meeste Moslemskrywers die Bybel as 'n onbetroubare bron probeer tipeer. Die rede hiervoor (1988:12), is eerstens 'n doelbewuste poging om die Bybel as 'n minderwaardige geskrif teenoor die Qur'an te stel en tweedens blote onkunde ten opsigte van die waarheid, aan die kant van Moslemskrywers.

Hy verdeel sy antwoord in twee onderafdelings:

a. Veranderings aan die Bybel. Die meeste van die veronderstelde veranderings waarna Deedat (3.4) verwys, is bloot verskille wat voortspruit uit die vertaal en oorskryf van die Bybel vanuit die oorspronklike teks. Die menslike element kan nie hier weggereken word nie - 'n faktor wat ook geld by die skryf en vertaling van die Qur'an (Nehls 1988:21). Belangrik egter is dat die detailveranderings geen invloed op die kern van die Bybelse boodskap het nie.

Today we can safely say, that apart from these insignificant problems, we have a totally reliable Bible (Nehls 1990:31).

b. Teenstrydighede in die Bybel. Die meeste argumente oor teenstrydige inligting in die Bybel handel oor "differences in numbers or names pertaining to identical events. They are copyists mistakes" (Nehls 1988:22). 'n Voorbeeld hiervan vind ons in 2 Kronieke 36:9, waar Jōjagin agt jaar oud is terwyl in 2 Konings 24:8 sy ouderdom as agttien aangegee word. In wese voer Nehls die oorsaak van die probleem terug na dit wat reeds in (a) hierbo behandel is naamlik, onakkurate afskrifte.

#### 4.4.1.4. Onderskeid tussen die Bybel en Qur'an op grond van profesieë.

Die profesieë en veral die vervulling daarvan speel 'n belangrike rol ten opsigte van Nehls se verweer dat die Bybel wel korrek is (Nehls 1990:36). In Christians Answer Muslims word 29 bladsye aan hierdie onderwerp gewy en na aanleiding hiervan sê Nehls (1988:69):

All the evidences weighs heavily in favour of the Word of God being fully reliable in matters of faith and practice.

#### 4.4.1.5. Teenstrydighede in die Qur'an.

Moslems se kritiese benadering van die Bybel (Nehls 1987:11) noop Christene om dieselfde vrae ten opsigte van teenstrydighede, weglatings en veranderings in die Qur'an te vra. Dit bring mee dat Christene ook krities staan teenoor Moslems se siening van openbaring.

Die probleem vir Moslems is volgens Nehls (1987:15) hulle siening van openbaring (sien 4.4.1.1.), wat leer dat die Qur'an onveranderd aan Mohammed gegee is: "No change can there be to the Words of Allah" (Sura 10:64). Volgens Nehls (1987:12) erken Moslemskrywers egter dat daar tussen 5 en 500 verse in die Qur'an is wat mekaar weerspreek en geabrogeer moet word. Hy plaas 'n vraagteken oor die openbaringsteologie van die Islam wat beweer dat die Qur'an sonder foute is: "We admit that an inspired man can err at times, but an inspired book (nazil) cannot!" (Nehls 1987: 14). Indien daar nie foute is nie en as God dan wel deur die Qur'an sou praat:

We suggest that Allah could have spared us confusion, doubt and explaining, had He given the better text from the beginning (Nehls 1987:14).

Ten slotte tref Nehls (1990:28) 'n vergelyking tussen die periode van 1500 jaar waarin die Bybel geskryf was en die 20 jaar van die Qur'an, en plaas dan 'n vraagteken oor die aantal

foute, die skrywer en die bron waaruit die Qur'an ontstaan het:

But these developments (skryf van die Bybel) took place over a considerable time (1500 years) with many prophetic warnings and predictions in between, so that no arbitrary action may be assumed on the side of God. In the light of this we find it unacceptable that within a space of 20 years a need for change or correction can become necessary. This surely suggests that God is either not all-knowing or else the recorder made a correction (Nehls 1987:13).

#### 4.4.2. 'THE CRUCIFIXION: FACT OR FICTION?'

Die kruisdood van Jesus Christus en die Christelike leer van versoening is twee van die vernaamste struikelblokke in die kommunikasie tussen Christene en Moslems (Nehls 1988:97). Uiterste benaderings deur aanhangers van beide godsdienste het tot gevolg dat gesprek tussen Christene en Moslems tot stilstand kom:

For the Christian any possibility of compromise is impossible. Neither is compromise possible for the Muslim, for one of the basic Qur'anic statements is that: "They killed him not, nor crucified him (Sura 4:157-158)" (Nehls 1988:97).

Hierdie probleem kan wel opgelos word as daar, sonder emosie, na die waarheid gesoek word en so by die ware motivering agter Sura 4:157-158, gekom word (Nehls 1990:xx).

##### 4.4.2.1. Die Kruisiging.

Volgens Nehls (1988:97) kan die rede vir die uitspraak in bo genoemde Sura toegeskryf word aan Mohammed se besondere verering vir Jesus. Hy haal uit Sahih Muslim<sup>6</sup> 4:1260-1261 aan, waar Mohammed sou sê: "I am most close to Jesus, son of Mary, among the whole of mankind in this worldly life and the next life" (Nehls 1988:97).

---

<sup>6</sup> 'n Versameling Hadith

Volgens Nehls (1988:97) is hierdie Sura waarskynlik ook geskryf gedurende die tyd toe Mohammed in Medina probleme met die Joodse inwoners gehad het. Hy beweer dat Mohammed se ontsag vir die profete en sy respek vir Jesus daartoe gelei het dat hy nie kon aanvaar dat Jesus deur die Jode gekruisig en gedood is nie. Hierdie optrede wys dan ook op die gebrekkige kennis wat Mohammed van die lewe en versoeningsdood van Jesus gehad het. Mohammed se kennis oor die evangelie en Jesus, soos uitgebeeld in die Qur'an "can be traced to the Apocrypha or legends that were current among Coptic Christians in Arabia" (Nehls 1988:98).

Mohammed se weergawe van die kruis is dus subjektief en gegrond op gebrekkige inligting, deur hoorsê. Nehls (1988:82) sê dat geen historiese gebeurtenis so goed en deur soveel verskillende bronne opgeteken is as juis die kruisgebeure nie. In teenstelling daarmee maak Moslemteoloë uitsluitlik van sogenaamde liberale teoloë se werke gebruik, "who enjoy no credibility among Christians at all; neither do they base their teachings on Scripture" (Nehls 1988:82; Sien ook 4.4.1.1.).

#### 4.4.2.2. Versoening.

Die tweede probleem wat aanleiding gee tot die verkeerde interpretasie van Christene se geloof is Moslems se vertolking van versoening (Nehls 1988:71). Een hoofstuk in sy boek begin met die vraag: "What is atonement?" (1988:71) en hy antwoord, "It is simply reconciliation with God after having rebelled against Him by breaking the Covenant or Contract that He made with man" (Nehls 1988:71). In hierdie hoofstuk beklemtoon Nehls twee aspekte wat aanleiding gee tot Moslems se miskenning van Christene se weergawe van die versoening.

In die eerste plek wys hy die leser daarop dat versoening in die Ou Testament (Levitikus 1-7) bewerkstellig is deur die bring van 'n offer. In die Nuwe Testament word hierdie offerande vervang met Jesus Christus wat aan die kruis in die plek van die sondaar



sterf (Nehls 1988:71). Vir Moslems is dit egter onverstaanbaar en onaanvaarbaar dat die onskuldige vir die skuldige moet lei. Dit strook nie met Moslems se konsep van regverdigheid waar die regverdige beloon en die onregverdige gestraf moet word nie (Marsh 1983:44). Volgens Moslems, skryf Nehls (1988:71), is dit vir God onmoontlik om toe te laat dat die regverdige sal ly vir die sonde van die onregverdiges.

Die aanvaarding van genade (sonder werke) as 'n geskenk van God, strook dus nie met die Moslem se begrip van sonde en vergifnis nie. Nehls beweer dat hierdie benadering van Moslems ook nie konsekwent deurgevoer word nie aangesien daar genoegsame voorbeelde in die Qur'an is waar onskuldige persone soos profete, wel vervolgt is en gely het. Voorbeelde uit die Qur'an wat aangehaal word is Sura 3:183 en ook die feit dat Mohammed self gely het as gevolg van vergiftiging. Oor hierdie inkonsekwente benadering van Islam, sê Nehls (1988:72):

We are forced to assume that the Islamic concept of the righteous God who does not allow the righteous to suffer, is merely an argument of expediency to invalidate the atonement of Jesus on the cross.

Die tweede probleem wat Nehls (1988:2) uitlig is Moslems se interpretasie van sonde. Volgens die Bybel is sonde dié faktor wat daartoe bydra dat die mens in gevangenskap lewe en in 'n kringloop van meer sondes vasgevang word. Sonde bring skeiding tussen God en die mens en hierdie skeiding kan net deur God self, en nie deur goeie werke of onderhouding van die wet nie, oorbrug word. Nehls (1988:75) sê voorts dat geen wet in die wêreld die mens regverdig kan maak nie, omdat die wet bloot gegee is as maatstaf waarteenoor die mens geoordeel sal word. Hy haal in hierdie verband Galasiërs 5:4 aan:

Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek.

#### 4.4.2.3. Aansluiting by die Ahmadiyya.

Daar is nog een belangrike aspek wat Nehls (1988:80) aansny in sy reaksie op Deedat en dit is die bewering dat Jesus onwillig en in 'n beswying aan die kruis gehang het. Nehls tref hier 'n belangrike ooreenkoms tussen Deedat se teologie en dié van die Ahmadiyya (sien 2.4.). Die Ahmadiyya beweer:

- a. Jesus het wel aan die kruis gehang.
- b. Jesus was net in 'n beswying in die graf.

Alhoewel hierdie standpunt nie deur Sunni Moslems aanvaar word nie, maak Deedat tog daarvan gebruik. Nehls wys op hierdie teenstrydigheid en sê dat Deedat se misbruik van Ahmadiyya standpunte daarop gemik is om die persoon van Jesus Christus te diskrediteer. "His views are rejected by Sunni Muslims, and yet are very often propagated for expediency" (Nehls 1988:80).

#### 4.4.3. 'JESUS CHRIST ACCORDING TO ISLAM'.

Hierdie onderwerp word behandel in Christians Answer Muslims (Nehls 1988). Ook hier verwys hy nie direk na die persoon van Deedat òf dat die argumente van Deedat afkomstig is nie. Basiese Moslemgesigspunte, wat dié van Deedat insluit, word aangehaal sonder om Moslems aan te val en hy gee alternatiewe vir die gedagtes van Moslems.

Volgens hom aanvaar Moslems die profeetskap van Jesus Christus, maar verwerp enige aanspraak ten opsigte van Sy Godheid (Nehls 1988:86). Hierdie standpunt word ook deur sommige Christen-teoloë onderskryf en word dikwels tydens besprekings wat handel oor die Godheid van Christus deur Moslems aangehaal. 'n Tipiese voorbeeld hiervan verskyn in Nehls se boek waar hy sonder verwysing Joommal aanhaal:

A Reverend H.D.A. Major, principal of Repon Hall, Oxford, is reported to have said at a religious conference at Oxford in

1921: "It should be clearly realised that Jesus did not claim in the Gospel to be the Son of God in the physical sense, nor in the metaphysical sense. He claimed to be God's son in the normal sense, in the sense in which all human beings are sons of God" (Nehls 1988:85).

Nehls (1988:86) wys sy lesers daarop dat Moslems, ook hier, hulle beroep op liberale Christene se standpunte (sien 4.4.1.1.), om hulle eie te verdedig. Hy verklaar egter dat die Godheid van Jesus nie afhang van 'n teologiese besluit nie, maar 'n Bybelse verklaring is wat nie afhanklik is van enige pous, predikant, priester of biskop nie (Nehls 1988:86). Hy onderskei ook tussen Kerkdogmatiek, beïnvloed deur liberale teologie aan die een kant, en Bybelse leerstellings van ewige waarheid aan die ander kant (Nehls 1988:86).

Volgens Nehls (1988:86) baseer Moslems hulle siening oor die Godheid van Jesus hoofsaaklik op Sura 112:3, "God neither begets nor is begotten". Hierdie uitspraak, saam met Moslems se opvatting van die drie-eenheid as God, Maria en Jesus (Sura 5:119), skep die indruk van 'n fisiese verhouding tussen God en Maria. Nehls sê dat Mohammed reg was in die verwerping van hierdie gedagte, aangesien dit ook nie deur Christene onderskryf kan word nie. "This could not possibly have been by physical union, but by the Holy Spirit" (Nehls 1988:87) - verwysende na die derde Persoon van die drie-eenheid.

Vanuit die Nuwe Testament verklaar hy dan ook die gedeelte wat handel oor die 'eniggebore Seun', aan die hand van Johannes 3:16. Die woord 'eniggebore' is: "'monogenes' (mono = a single one, 'genes' = born). There is no suggestion of a begetting act!" (Nehls 1988:87). Nehls beroep hom ook verder op die Nuwe Testament om die verhouding tussen Jesus en Sy Vader uit te beeld. Die rede waarom Jesus deur die Jode vervolgd is, is omdat Hy God Sy Vader noem en Homself aan God gelyk gestel het (Nehls 1988:88).

Hy wend hom voorts tot die Qur'an om die uniekheid van Christus ten opsigte van die ander profete aan te dui. Hy wys daarop dat die Qur'an die volgende oor Jesus sê:

- a. Sy maagdelike geboorte - Sura 19:16-35.
- b. Die Messias - Sura 4:171.
- c. 'n Gees vanaf God - Sura 4:171.
- d. Woord van God - Sura 4:171.
- e. Sonder sonde - Sura 19:19, in teenstelling met die ander profete wat Mohammed insluit (Nehls 1988:8).
- f. Deur God in die hemel opgeneem - Sura 4:158.
- g. Sal terugkeer om die aarde te oordeel <sup>7</sup> - Sura 43:61.

Nehls (1988:94) maak verder van verwysings uit die Ou Testament gebruik om die Drie-eenheid vanuit die Bybel aan te dui. Genesis 1:1 wys byvoorbeeld op die woord 'Elohim' wat Gode beteken en verder Genesis 1:26 kom die meervoud weer na vore met: "Kom ons maak.." (my beklemtoning).

#### 4.4.4. 'IS MOHAMMAD MENTIONED IN THE BIBLE?'.

Hierdie gedeelte word kortliks deur Nehls (1988:110) onder die opskrif "Alleged prophecies in the Bible pointing to Mohammed", bespreek. Hy sny hoofsaaklik twee argumente aan, wat deur Moslems geopper word. Die eerste is die gedeelte oor die rol van die Heilige Gees waarna in Johannes 14:16 verwys word: "Ek sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur". Moslems beweer dat Christene die oorspronklike woord 'perikletos' - wat die geëerde een (Mohammed) in Grieks sou beteken - doelbewus verander het na 'parakletos', om sodoende die Bybelse voorspelling van die koms van Mohammed te verdoesel (Nehls 1988:110). Nehls neem die aantyging in behandeling en wys die leser daarop dat die betrokke teksgedeelte honderde jare voor Mohammed se geboorte geskryf is.

---

<sup>7</sup> Die Qur'an sê hierdie nie in soveel woorde nie, Nehls (1988:8) interpreteer die verse as sulks en maak sy eie gevolgtrekkings.

In sy antwoord wys Nehls (1988:110) ook op die daaropvolgende vers in Johannes wat sê dat die parakletos die Gees van waarheid is: "Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly" (Johannes 14:17).

Nehls wys hier op twee aspekte. In die eerste plek het Jesus met die dissipels gepraat en gesê dat hulle (die dissipels), Hom ken en tweedens, dat die belofte van die Voorspraak by hulle teenwoordig sal wees. "It should therefore be quite obvious that any interpretation that puts Mohammed in the place of the Holy Spirit is not in keeping with the facts" (Nehls 1988:110). In dieselfde paragraaf wys Nehls daarop dat Moslems nie die res van die boek van Johannes wil aanvaar, waar dit oor die Goddelikheid van Jesus gaan nie. Die argument van Moslems word hier as dubbelsinnig en teenstrydig uitgewys.

Die tweede argument kom uit die vertolking van Deuteronomium 18:15-18: "Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees". Die verwysing in die Bybel is hier na die profeet wat soos Moses sal wees. Nehls probeer hier om deur middel van twee selfopgestelde lyste, 'n vergelyking te tref van ooreenkomste tussen Moses en Jesus (ses-tien ooreenkomste) en Moses en Mohammed (twaalf ooreenkomste).

#### 4.5. REAKSIE OP DIE AKTIWITEITE VAN LIFE CHALLENGE.

Alhoewel Nehls nooit direk met Deedat in openbare gesprek óf in geskrewe debat betrokke was nie, het sy publikasies en aktiwiteite wye reaksie van beide die Moslem-en Christengemeenskappe uitgelok. Hierdie reaksie was enersyds oor die aard en inhoud van Nehls se publikasies en andersyds gemik op sy uitreikingsinisiatiewe.

#### 4.5.1. REAKSIE VAN DIE MOSLEMGEMEENSKAP.

Om 'n herhaling van die aanhaling van dieselfde insidente te voorkom sal ons in hierdie gedeelte die 'Reaksie op publikasies' en 'Reaksie op aktiwiteite' onder dieselfde hoof behandel.

##### 4.5.1.1. Reaksie op publikasies en aktiwiteite.

Die skerpste reaksie van Moslems teenoor Life Challenge, het gekom as gevolg van die verspreiding van 'n traktaatjie met die titel: "Ramadan! Then What?". Moslems se reaksie was gemik teen die inhoud, metode sowel as die tydsberekening van die publikasie en veldtog. Maruwan Gasant, verslaggewer van die 'CAPE HERALD' verwys na hierdie gebeure in 'n voorbladartikel onder die opskrif: "RAGE OVER ANTI-MUSLIM PAMPHLET" (1979:1). Sheik Dien, van St Anthans straat Moskee, word in dieselfde artikel aangehaal:

This is a question of ethics. We will never go to a church at Christmas or during Lent and stand there handing out anti-Christian pamphlets (1979:1).

Life Challenge word daarvan beskuldig (1979:1 & 8) dat hulle uiters onsensitief was deur die betrokke traktaatjie tydens die maand van Ramadan te versprei. Ook die feit dat dames in die verspreidingsproses gebruik is, lok 'n negatiewe reaksie uit. Moslems interpreteer dit as 'n direkte aanval op die maand van Ramadan.

Reaksie volg ook op Nehls se publikasie 'Dear Abdallah'. Hierdie boek is per hoofstuk, in die vorm van traktaatjies, deur Life Challenge-werkers by huise van Moslems afgelewer. M S Laher, president van die 'Islamic Missionary Society', skryf:

Johannesburg and the Reef has seen of late a relentless attack on Muslim homes by Hot Gospellers and Bible Thumpers. They are flooding our peaceful homes with their false propaganda. Letters to "DEAR ABDALLAH from THEOPHILUS" are being dumped in the post and at doors of nearly every Muslim home (Al-Balaagh a:3).

Die Redakteur van 'AL-BALAAGH' maak ook beswaar teen die gebruik van die twee name Theophilus (die Christen) en Abdallah (die Moslem). Volgens hom (Al-Balaagh a:7) is dit 'n tipiese voorbeeld van Christene se meerderwaardigheidsbenadering teenoor Moslems:

Even the choice of the name is significant. Theophilus is said to be "Loved by God", whereas Abdallah is dismissed merely as the "Servant of God" (Al-Balaagh a:7).

Reaksie op die literatuurverspreiding van Life Challenge kom ook van Mufti Afzal Hoosen Elias, in sy artikel Islam the Only Way (Awake 1987:31). Hy kritiseer die aktiwiteit as sulks en is ook van mening dat die literatuur doelbewus só ontwerp is: "to mislead the Muslims by its outward 'Islamic' appearance" (1987:31)

Onder die opskrif "The Islam-Bashing of Mr Gerhard Nehls", skryf A Kays van Roshnee dat Nehls "blatant lies about Islam" versprei (Al-Balaagh 1992:8) en in sy boek The Great Commision, You and the Muslim, verkondig. Die redakteur van 'Muslim Views' se reaksie op die werk van Life Challenge kom duidelik in sy redaksionele kommentaar na vore:

Their publications paint a confusing picture of Islam and often resort to slander and insult against the Prophet (SAW) and Islam in general. Groups such as Life Challenge impede any meaningful dialogue between various religious groups (1987:12).

#### 4.5.2. REAKSIE VAN DIE CHRISTENGEMEENSAP.

Daar is 'n baie positiewe benadering tot Nehls se publikasies en kennis van Islam. Professor Dionne Crafford skryf in Die Sendingblad (1991:13):

Nehls, wat 'n diep studie gemaak het van Islam se literatuur is hoofsaaklik daarop ingestel om die Christen in te lig en toe te rus oor die dieperliggende valshede en onwaarhede van Islam en die weersprekinge in die Koran. Daarby het Nehls

ook 'n goedgefundeerde antwoord op die Moslem se aantygings teen die Bybel en die Christendom .

Uit bogenoemde is dit duidelik dat hy in sekere kringe, soos die evangeliese, goeie erkenning geniet en dat sy kennis en ook publikasies, in wye aanvraag is. In my onderhoud met Nehls (1992a) is gevind dat hy reeds uitgenooi was om onder andere in lande soos Mosambiek, Tanzania, Kenia, Ivoorkus, Mauritius en Indië, seminare en opleiding oor Islam aan te bied.

Nehls skryf ook 'n korrespondensiekursus, gebaseer op die Bybel, vir Moslems. Hierdie publikasie, *Al Kitab*, is in samewerking met Bybelkor ontwikkel (Kerkbode 1985:17). Verdere artikels deur Nehls verskyn ook in plaaslike Christen-tydskrifte soos Alert (1987:10), Gleaner (1987:12) en Die Sendingblad (1985:364).

#### 4.6. INTERNE EVALUERING.

Nehls se benadering (sien 4.2.4.) tot Islam en die IPCI kan in drie hoofkategorieë ingedeel word:

- 4.6.1. Evangelisasie - Die verkondiging van die Woord
- 4.6.2. Toerusting - Opleiding van Christenlidmate
- 4.6.3. Konfrontasie - Weerlegging van die argumente van Deedat en andere.

##### 4.6.1. EVANGELISASIE.

Volgens Nehls (1975:59) behoort evangelisasie nie in terme van bekering-sukses gedefinieer te word nie. Evangelisasie veronderstel die proklamasie van die goeie boodskap met of sonder sukses in terme van bekering:

We must realise that evangelisation of the world means essentially not its conversion or even christianization. True evangelisation is the conscientious proclamation of the message of God (Nehls 1975:59).



Hierdie is 'n belangrike benaderingspunt in die uitreikingsstrategie van Life Challenge en een wat 'n besondere invloed op hulle metodiek uitoefen. Dit skep egter ook die basis vir een van die vernaamste punte van kritiek teen dié benadering van Life Challenge. Omdat die taak van die evangelis alleenlik een van proklamasie is, verskraal dit die potensieële trefkrag wat hierdie uitreikingspanne kan hê. Daar word gewerk vanuit die standpunt dat die taak van die evangelis slegs een van verkondiging is, afgesien van mense se reaksie.

Die bekering van 'n Moslem is meer 'n 'bonus' as wat dit die essensie van die proklamasieopdrag vorm. Dit bring mee dat spanne van huis tot huis beweeg, hulle eiesoortige weergawe van die evangelie oordra en dan verder gaan. Teoreties gesien, behoort die Moslemgemeenskap van Suid-Afrika op hierdie wyse binne die volgende geslag 'geëvangelizeer' te wees.

Die deur tot deur benadering is baie keer niks meer as 'n tref en trap metode van evangelisering nie. Moslems is in die algemeen al gewoond aan sulke besoeke aangesien ander genootskappe soos die Jehowa Getuies ook van hierdie metode van evangelisering gebruik maak. Gebiede word wel sistematies deurgewerk, maar nie met gereelde opvolgbesoeke aan onsuksesvolle (onbekeerde) kontakte afgerond nie. In onderhoude met Nehls het 'n mens onder die indruk gekom dat Jesus se opdrag van die 'stof van jou voete afskud' (Markus 6:11), hier letterlik toegepas word.

Ter verdediging moet wel gesê word dat werkers van Life Challenge hoogs suksesvol is ten opsigte van hulle eie definisie en raamwerk van sending. Hulle spanne gaan weekliks uit en waar daar wel bekering plaasvind, word voldoende nasorg aan die bekeerling in die vorm van Bybelstudie en heroriëntering ten opsigte van evangeliese beginsels gegee.

Die feit dat Life Challenge nie aan 'n bepaalde kerkgenootskap gekoppel is nie, veroorsaak dat bekeerlinge nie noodwendig by plaaslike gemeentes ingeskakel word nie. Die gevaar is dat die bekeerling vervreemd van sy eie gemeenskap (Moslem sowel as Christen) heroriënteer word in 'n tipiese Westerse model van Christenwees:

Once a Muslim has expressed his faith and commitment to God by receiving Christ as his Saviour and Lord, he/she should now be disciplined. This means first of all that a teaching programme on the fundamentals of the Christian faith should be designed and implemented. In principle we strongly suggest doing this in a 'home church' or by a somewhat informal instruction (Nehls 1992:33).

Tydens die jaarlikse byeenkoms van CCM (1989) is hierdie probleem informeel bespreek en is die moontlikheid van alternatiewe gemeentes, wat uit bekeerde Moslems sou bestaan, geopper. Tot op datum is daar nie veel aandag aan hierdie aspek gegee nie, bloot omdat die bekeringsratio dit nie vereis nie en huidige bekeerlinge geografies van mekaar verwyder is.

Die beginsel van onttrekking stem oënskynlik saam met dié van Parshall (1980:185) wat 'n soortgelyke program voorstaan. Daar is egter diepgaande onderliggende verskille deurdat Parshall hoofsaaklik binne 'n Moslemgedomineerde samelewing werk en 'n voorstander van die behoud van die kultuuragtergrond van die Moslem is. Nehls daarteenoor onderskryf juis die de-programmering van die bekeerling en opname in 'n sogenaamde 'oop' samelewing.

'n Ander neweproduk van Life Challenge se benadering van samewerking met plaaslike gemeentes (of afwesigheid daarvan), is die onbetrokkenheid van plaaslike gemeentes in Life Challenge se uitreikingsprogramme wat weekliks onderneem word. Daar is nie een gemeente wat na aanleiding van Life Challenge se inisiatief,

Moslemevangelisasie as deel van hulle gemeentelike bediening ingevoer het nie. Die uitreiking word deur individue gedoen en die invloed van die sterk individualistiese Duitse karakter van die heeltydse werkers, is hier duidelik waarneembaar.

Die oorsaak van hierdie onbetrokkenheid kan egter nie net aan sekere karaktereienskappe van Life Challenge toegeskryf word nie. Die apatiese houding van die Kerk ten opsigte van sending en gemeenskapsbetrokkenheid is 'n algemene probleem wat nie uniek aan Life Challenge of Suid-Afrika is nie (Peters 1972). Die vraag of gemeentebetrokkenheid as 'n noodwendigheid gesien moet word, word in hoofstuk sewe behandel.

#### 4.6.2. TOERUSTING.

Life Challenge is hoogs suksesvol ten opsigte van die aanbieding van gereelde opleidingkursusse aan Christene en ook die inhoud van die literatuur wat aangebied word. Die feit dat uitreikingspanne in die verskillende hoofsentra van Suid-Afrika opgebou is, spreek van die sukses van die opleidingskursusse. Nehls het hierin ook homself gevestig as 'n persoon wat spesialiseer in opleiding en Moslemevangelisering. Die invloed van Nehls se publikasies was ook duidelik toe ek 'n opleidingskool vir Moslems in Newcastle in 1988 besoek het. Tydens 'n onderhoud met die studente het dit aan die lig gekom dat hulle Nehls en Deedat se publikasies bestudeer, as deel van hulle sillabus en ook teenargumente onder mekaar formuleer.

'n Gebrek wat wel na vore kom is die beskikbare materiaal vir die gewone lidmaat en veral die kind. Die literatuur is gerig op die spesialiswerker en die taalgebruik, asook teologiese formuleringe is van so 'n aard dat dit nie altyd by die gewone lidmaat byval vind nie. Dit dra moontlik ook by tot die lidmaat se onbetrokkenheid en die indruk word gelaat dat Moslemevangelisering slegs vir 'n uitgesoekte en spesiale groep mense is.

Deedat is hier baie meer suksesvol aangesien sy publikasies op die massas gerig is en in eenvoudige en duidelike taal uiteengesit is.

Die Werkboeke en Handleiding van Life Challenge se opleidingskursusse verskil in inhoud en is ook nie kronologies uiteengesit nie. Dit maak dit vir die student moeilik om kruisverwysings te doen en kontinuïteit te handhaaf.

#### 4.6.3. KONFRONTASIE.

Nehls (1991:140) sien konfrontasie as 'n noodwendige gevolg in die proses van die kommunikasie van die waarheid. Kommunikasie kan in die vorm van persoon tot persoon wees, óf die verspreiding van literatuur. Hier moet egter 'n onderskeid gemaak word tussen literatuurverspreiding as konfrontasiemethode en literatuurverspreiding as evangelisasiemethode. Dit is my persoonlike mening dat die deur tot deur 'dumping' van literatuur nie aan die Bybelse opdrag van evangelisering voldoen nie en dat ons slegs hier na die waarde van literatuurverspreiding, as konfrontasiemiddel kan kyk.

Gemeet aan die reaksie van Moslems (sien 4.5.1.) het Nehls wel daarin geslaag om reaksie uit te lok. Of Nehls suksesvol is om in die proses van hierdie tipe konfrontasie te kommunikeer, is te betwyfel. Te veel word die kommunikasie van die veronderstelde waarhede verskans agter Moslems se reaksie wat veroorsaak dat die fokuspunt van die argumente weg swaai van die kerngedagtes. Dit neutraliseer sy boodskap.

#### 6.7. SAMEVATTING.

Van al die modelle wat in hierdie studie bestudeer is, is Nehls die suksesvolste ten opsigte van die opbou van medewerkers wat uitreik na Moslems. Dit is veral die deeltydse medewerkers wat

van multi-kulturele agtergrond is en uit 'n verskeidenheid van kerkgenootskappe kom. Dit verleen 'n positiewe getuienis aan Christensamewerking.

Die leemte lê egter daarin dat dit hoofsaaklik individue is wat los van hulle eie gemeentes werk en dat laasgenoemde nie betrek is deur die lidmaat se uitreikingspogings nie. Nehls se werk is dus oorgedra aan individue en groepe, maar nie soseer aan die plaaslike gemeentes binne Moslemgemeenskappe nie. Die heeltydse werkers is oorwegend van Duitse afkoms en leierskap is ook in die hande van die (Duitse) buitelanders. Dit dra beslis by tot die gebrek aan die toevloei van heeltydse Suid-Afrikaanse werkers. Dit doen egter geen afbreuk aan die feit dat Nehls as persoon (sien 4.5.2.) en sy publikasies in aanvraag is nie.

In my onderhoud met Nehls (1992) het dit duidelik geword dat hy in gebiede buite Suid-Afrika 'n ander benadering volg. Sy metode van werk, veral sover dit die buurstate betref, is gerig op die opleiding van die leiers van plaaslike gemeentes en die uitreikingsinisiatiewe en verantwoordelikheid, bly dié van die plaaslike gemeentes, binne Moslemgemeenskappe. Die resultaat is dat daar 'n groter mate van gemeentelike betrokkenheid en verantwoordelikheid ten opsigte van Moslemevangelisering, by dié gemeentes teenwoordig is.

'n Versigtige afleiding kan hier gemaak word dat 'n selektiewe moratorium van die Life Challengewerker op die uitreikingsaktiwiteite van individue, moontlik positief kan deurwerk tot groter gemeentelike betrokkenheid.

---

## HOOFSTUK 5

### JOHN GILCHRIST - JESUS TO THE MUSLIMS

#### Konfrontasie van Kennis

##### 5.1. AGTERGROND.

John Gilchrist, 'n prokureur van Benoni, begin in 1973 spontaan uitreik met die Evangelie van Jesus Christus na die Indiërge-meenskap in Actonville, Benoni. Tydens hierdie besoeke kom Gilchrist in kontak met Moslems en ook die argumente van Deedat (Gilchrist 1992). Vanaf 1976 konsentreer hy spesifiek op Mos-lemevangelisering en weens die gebrek aan beskikbare literatuur, begin hy met die ontwikkeling van sy eie publikasies (Sendingblad 1991:12). In dié jaar besoek hy ook Engeland en Europa om boeke oor die Islam aan te koop asook kontak te maak met indivi-due en organisasies wat spesifiek uitreik na Moslems (Gilchrist 1992).

Gilchrist is gebore in 1948 en getroud met twee kinders. Tot 1973 was hy lid van die Anglikaanse kerk maar sluit daarna by die Baptiste kerk (Baptist Union) en ook dié kerk se Sending-departement aan. In 1975 stig hy 'Jesus to the Muslims' om homself enersyds 'n identiteit te gee en andersyds om as sam-breel vir sy uitreikingsaktiwiteite te dien (Gilchrist 1992). Gilchrist is nog steeds hoof van die organisasie en ook die enigste verteenwoordiger. Daar is nie 'n raad van adviseurs of direkteure soos dit die geval met die ander twee modelle in hierdie studie is nie.

In 1984 begin Gilchrist besef dat die tyd nader kom om homself meer op die gebied van navorsing en die skryf van nuwe publika-sies toe te rus (Gilchrist 1992). Dit sou egter eers in 1991 wees dat hy (noodgedwonge) hierdie verandering in sy bediening aanbring. In 1990 verhuis Gilchrist na Durban in 'n poging om hom heeltyds aan Moslemevangelisasie te wy (Gilchrist 1992). Sy bediening stort egter hier in duie (Gilchrist 1992) en hy keer

in dieselfde jaar na Benoni terug (Sien 5.6.3.) waar hy hom nou aan navorsing en die skryf van nuwe publikasies wy.

## 5.2. REAKSIE OP DIE AKTIWITEITE VAN DIE I.P.C.I.

Gilchrist (1985:4) reageer op die argumente van Deedat, omdat (soos hy dit stel) Christene moeg is van Deedat se pogings om die Evangelie te diskrediteer. Hy wil die illusie wat Deedat koester, dat sendelinge nie opgewasse is om sy argumente te hanteer nie, breek, deur nie net Deedat te antwoord nie maar ook duidelik te stel wat Christene wel glo (Gilchrist 1985:4).

### 5.2.1. OPENBARE DEBATTE.

Tydens 'n besoek van Gilchrist aan Durban in 1974 vind 'n toevallige ontmoeting met Deedat plaas waartydens laasgenoemde hom uitnoui om in die openbaar te debatteer oor die onderwerp, "Was Christ Crucified" (Gilchrist 1992). Gilchrist aanvaar hierdie uitnodiging en die debat vind in 1975 by die Willowmore Park Stadion in Benoni plaas. Ongeveer 5000 mense was teenwoordig. Tydens die debat val Deedat ook Gilchrist in sy professionele hoedanigheid as prokureur aan, en 'n hofsaak volg (sien 5.5.1.).

Gilchrist tree ook in debatte op teen ander Moslems soos Adam Peerbai (Moslemskrywer en leraar). Peerbai en Gilchrist ontmoet mekaar vyf keer in twee jaar (1978 - 1979) en tree in verskeie sentrums regoor Suid-Afrika op (Gilchrist 1992). Die onderwerp van debatvoering was deurgaans "Jesus in the Qur'an and the Bible". Op 30 Augustus 1981 het Gilchrist adviserend opgetree vir Josh McDowell tydens laasgenoemde se debat met Deedat in die West Ridge Stadion in Durban. Die onderwerp van daardie debat was: "WAS CHRIST CRUCIFIED?" Op 4 Augustus 1985 debatteer Gilchrist self in die Westridge Park Stadium teen advokaat Hafez Yusuf Buckas (toe die Algemene Sekretaris van die IPCI), en die onderwerp was: "IS THE BIBLE GOD'S WORD?". Hy beskryf sy debatte met ander Moslems as op die man af, maar in teenstelling met dié van Deedat, as "non confrontational" (Gilchrist 1992).

### 5.2.2. Lesings en opleidingskursusse.

Vanaf 1974 bied Gilchrist lesings aan oor verskillende aspekte van die Islam en gee ook opleidingskursusse vir diegene wat belangstel om met die Evangelie van Jesus Christus na Moslems uit te reik (Gilchrist 1992). Hierdie seminare word slegs op uitnodiging aangebied en is nie die direkte gevolg van 'n bewusmakingsprogram soos dié van SIM in die laat tagtigerjare nie (sien 4.1.).

### 5.2.3. PUBLIKASIES EN OUDIOKASSETTE VAN JESUS TO THE MUSLIMS.<sup>1</sup>

5.2.3.1. Die publikasies van Gilchrist kan in vyf hoofkategorieë ingedeel word:

- a. Publikasies wat handel oor Islam.
- b. Publikasies geskryf vir die Christenevangelis.
- c. Die QUR'AN EN BIBLE SERIES wat gerig is op die publikasies van Deedat.
- d. Die CHRISTIANITY AND ISLAM SERIES vir Moslems.
- d. OUTREACH TO ISLAM - Verskyn twee maal per jaar met redaksionele kommentaar, resente ontwikkelinge in Islam en getuienisse.

5.2.3.2. Die oudiokassette wat deur Jesus to the Muslims versprei word kan op hulle beurt in drie afdelings ingedeel word:

- a. Debatte - Opnames van debatte onder 5.2.1. genoem.
- b. Opleiding - Hoe om die Evangelie aan Moslems te verkondig.
- c. Getuienisse - Van bekeerlinge uit Islam.

### 5.2.4. EVANGELIESASIESPANNE.

Gilchrist lei Christene op en neem hulle van huis tot huis om praktiese ervaring te kry in Moslemevangelisering. Tydens 'n onderhoud met Gilchrist (1992) het hy dit duidelik

---

<sup>1</sup> 'n Volledige lys van die beskikbare publikasies word onder Addendum V aangegee.



gestel dat dit nooit sy doel was om spanne te hê wat op 'n gereelde basis van deur tot deur uitreik nie. Die persone wat deur Gilchrist opgelei was, is wel vry om hulle eie metodes uit te werk en om in spanne of op hulle eie saam te werk (sien ook 5.6.2.).

### 5.3. JESUS TO THE MUSLIMS SE BENADERING TOT DIE ISLAM.

In die begin van sy publikasie OUR APPROACH TO ISLAM: CHARITY OR MILITANCY? (Gilchrist 1990:3), skep Gilchrist 'n militante beeld van Islam se verhouding met die Kerk. Gilchrist wil deur middel van hierdie beeldskepping sekere faktore uitlig wat bydra tot die negatiewe beeldvorming by Christene van Islam en in die proses ook die Kerk se benadering tot Moslems beïnvloed. 'n Tipiese voorbeeld van insidente wat bydra tot hierdie beeldskepping (Gilchrist 1990:8) is 'n opmerking deur Kolonel Ghaddafi, wat na die Kerk as "false, infidel and irreligious" (Laffin 1988) verwys.

Islam het ook vir jare, by monde van die IPCI, anti-Christelike literatuur in Suid-Afrika versprei (sien 2.5.) wat beledigend teenoor die Christelike geloof is (Gilchrist 1990:7). Hierdie publikasies dra ook daartoe by dat daar 'n negatiewe beeld van Islam by Christene gevorm word. Hierdie beeld, volgens Gilchrist (1990:8), is een van 'n militante Islam wat nie huiwer om geweld te gebruik om homself te verdedig of uit te brei nie:

While one Muslim leader in Durban threatens anyone who insults Islam with physical violence, another in the same city distributes hundreds of thousands of booklets reviling the founder of the Christian faith (Gilchrist 1990:8).

Teen die agtergrond van hierdie invloede soek Christene antwoorde ten opsigte van hulle gesprek met Moslems en hulle

reaksie teenoor Islam. Vrae wat Christene vra is onder andere of Christene ook met die ontwikkeling en verspreiding van soortgelyke publikasies, waarin Islam beswadder word, moet begin;

Is daar ruimte in die Evangelie vir 'n Christen-djihad, of moet daar gesoek word na 'n beter, alternatiewe weg? (Gilchrist 1990:8).

Gilchrist (1990:9) vra dat Christene nie sal veralgemeen en aanvaar dat alle Moslems dit hulle roeping ag om, soos Deedat, ander godsdienste aan te val nie. Die benadering (Gilchrist 1990:9) wat Christene moet volg, mag nooit deur bogenoemde invloede bepaal word nie. Eerder moet die doel van ons kommunikasie aan Moslems ons lei in ons verhouding met hulle. Hierdie doel sê Gilchrist (1988:9), is om Moslems tot 'n breër kennis van, en ontmoeting met God te bring. Die taak en roeping van die Kerk (Christene) lê dus nie daarin om negatief teenoor Moslems te reageer of om die wêreld met goeie raad te probeer bedien nie:

The Christian must seek to lead the Muslim on to a full knowledge of Jesus, without which they cannot be saved (Gilchrist 1988:9).

Ons vind dus by Gilchrist dat sy verhouding en kommunikasie met Moslems, 'n verhouding en kommunikasie met 'n doel is, dié van 'n ontmoeting met Jesus Christus - 'n ontmoeting waarsonder Moslems nie gered kan word nie (Gilchrist 1988:9).

### 5.3.1. KONFRONTASIE (Verskille of geskille?).

Aangesien die godsdienste van Christene en Moslems onversoenbaar is (Gilchrist 1988:13), is verskille ten opsigte van die uiteenlopende gesigspunte en interpretasie van veronderstelde waarhede onafwendbaar. Alle mense is nie kinders van dieselfde God nie, aangesien die Koninkryk van God slegs aan hulle behoort wat aan God gehoorsaam is (Gilchrist 1988:13). Hy haal uit die Bybel aan om hierdie standpunt te verdedig:

Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle

wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen (Johannes 8:44).

Islam is ook die enigste post-Christelike godsdiens wat die hart van die Evangelie uitdaag. Dit ontken die kruisdood van Jesus en die Bybel as die finale openbaring van God. Konfrontasie is dus 'n noodwendigheid wat in die proses van kommunikasie voorkom (Gilchrist 1990:16).

Oor konfrontasie as 'n benadering tot effektiewe kommunikasie het Gilchrist (1988:6) egter sy bedenkinge. Konfrontasie lei gewoonlik net tot die verharding van bestaande standpunte en het dus weinig waarde as die doel van kommunikasie die oordra van kennis aan Moslems aangaande Jesus is. Indien konfrontasie egter wel in uitsonderlike gevalle hierdie kriteria kan ontmoet, kan dit gebruik word (Gilchrist 1988:6). Dit moet dus konfrontasie wees met 'n vooropgestelde doel en inhoud. Die doel is kommunikasie, en die inhoud van die kommunikasie, is Jesus. Christene moet egter versigtig wees dat verskille nie in geskille ontaard nie aangesien die essensie van kommunikasie (soos bo bespreek), in die proses verlore kan gaan:

When argument about the merits of our beliefs degenerates into pure controversy or a quarrel the object of such argument will surely be lost. We need to see argument and debate about our respective beliefs as a supplementary means to the desired end - a witness to the Muslims of God's saving grace in His Son Jesus Christ (Gilchrist 1990:11).

Christene behoort sensitief vir die vrae en opmerkings van Moslems te wees en nie alle reaksies van Moslems as gebore vanuit wanopvattinge teenoor Christene, sien nie. Die Kerk moet dus leer om te luister en te onderskei of die vrae wat Moslems vra gebore is uit belangstelling of bloot 'n poging om die evangelie te diskrediteer. Gilchrist (1988:65) vra ook dat daar nie vanuit die veronderstelling gewerk word dat die Bybel reg en Qur'an verkeerd is nie (sien ook 5.3.3), of aan die anderkant

dat Christene altyd reg en Moslems verkeerd is nie. Wat nodig is, is 'n gesindheidsverandering by die Kerk ten opsigte van:

- a. Christene se houding teenoor Moslems. (Gilchrist 1988:65)
- b. Christene se benadering tot Mohammed en Islam (1988:72).

Gilchrist (1988:10) onderskei ook nie tussen die Jesus van die Bybel en die Jesus van die Qur'an nie. Hy is van mening dat albei na dieselfde Jesus verwys. 'n Vergelyking tussen Jesus en Mohammed (laasgenoemde vanuit die Qur'an) word ook deur Gilchrist aanbeveel aangesien Moslems na Mohammed verwys as die laaste en grootste profeet.

Those who suggest that a Christian should never be critical of Muhammad or Islam do no more service to the ministry of the Gospel than those who seek to discredit them both by every possible means (Gilchrist 1988:73).

Net soos Christene trots is op die persoon en amp van Christus, is dit ook die geval by Moslems en soos Christene graag daarvan wil getuig, wil Moslems ook praat oor dit wat vir hulle waardevol is, naamlik Mohammed en die Qur'an (Gilchrist 1988:71). Hiermee word nie veronderstel dat daar onnodige erkenning aan die persoon van Mohammed gegee moet word nie, maar eerder dat 'n neutrale middeweg gevolg word van "neither to praise him nor to bury him" (Gilchrist 1988:71). As voorbeeld verwys Gilchrist (1990:13) na die Apostel Paulus se benadering tot die Ateners waar hy nóg hulle, nóg hulle heidense gebruike aangeval het, maar:

He was more concerned about maintaining their dignity than he was about taking a stand for his own convictions (Gilchrist 1990:13).

Alhoewel daar oorgenoeg ruimte vir misverstand en konfrontasie is, pleit Gilchrist (1990:9) vir 'n benadering van wedersydse

openheid, vriendelikheid, verdraagsaamheid en respek. Soos Paulus, pleit Gilchrist (1990:13) vir 'n alternatiewe, beter weg.

### 5.3.2. VRIENDSKAPSEVANGELISASIE.

Gilchrist bevraagteken enige benadering wat neig na 'n model van resepmatige en selfs meganiese kommunikasie. Alhoewel 'n 'stap vir stap' metode vir die Christen-evangelis oorspronklik tot hulp kan wees, is dit 'n stereotipe wat teen die grein van vriendskapsevangelisasie ingaan en inhiberend op Christene se getuienis inwerk (Gilchrist 1988:71):

I am very wary of certain modern methods of evangelism. One takes the form of an impersonal approach where the Christian sets out, step-by-step, a presentation of the Gospel according to a prescribed formula he learnt from someone else (Gilchrist 1990:65).

Hy vra vir 'n benadering wat opreg en persoonlik is. Vir Gilchrist (1988:36) is die ideale manier om hierdie doel te bereik slegs moontlik deur vriendskapsevangelisasie. In die huidige wêreldklimaat waar grense soos dië van kultuur en taal afgebreek en mense as holistiese wesens gesien word, leen vriendskapsevangelisasie hom die meeste tot die bediening aan die totale mens (Gilchrist 1988:37). Met verwysing na sommige welbekende sendelinge na die Moslemwêreld soos Zwemmer, Goodsell en French, sê George W Peters (1979:393):

They were masters in developing personal friendships and in personal dialogue lovingly and tactfully presented the Gospel of Jesus Christ to individuals or small groups.

Vir Gilchrist (1988:37) is die bou van verhoudinge noodsaaklik. Dit is slegs deur persoonlike kontak dat vertrouwe in die harte van Moslems gevestig kan word - dit is dus 'n voorvereiste vir evangelisasie.

### 5.3.3. DIE GEBRUIK VAN DIE QUR'AN.

Gilchrist maak deurentyd vrylik van die Bybel sowel as die Qur'an gebruik om Christene sowel as Moslems se standpunte te bespreek. Hy sien die Qur'an as 'n "very useful platform on which to build an effective witness to the Muslim" (Gilchrist 1988:215).

In 'n onderhoud sê Gilchrist (1992) egter dat hy "not even remotely" enige openbaringsgesag aan die Qur'an toedig nie. Hy sê voorts dat hy 'n "relaxed attitude" teenoor die Qur'an het en die Qur'an op "face value" aanvaar ten opsigte van wat dit probeer sê. Hy vra dat Christene nie die Qur'an buite konteks sal gebruik nie. Christene kan wel die Qur'an weerlê maar so 'n weerlegging moet taktvol, sonder emosie en feitelik wees (Gilchrist 1992).

Gilchrist voel dat Islam deur die eeue wegbeweeg het van die Qur'an se siening en waardering van Jesus. Islam se houding teenoor Jesus is dus vandag anders en meer konfronterend as wat dit in die tyd van Mohammed was (Gilchrist 1992).

### 5.3.4. POLITIEKE BETROKKENHEID.

Soos die geval met die ander modelle het Gilchrist deurentyd 'n lae profiel ten opsigte van sy eie politieke oortuigings probeer handhaaf. Hy is egter in die AL BALAAGH deur M S Laher (1988:2) daarvan beskuldig dat hy finansieel deur die Suid-Afrikaanse regering ondersteun word en dat hy:

represented the now defunct Christian League which owed its existence to funds from Rhodie's department, paid for by the poor taxpayers of South Africa.

Gilchrist (1988:4) ontken hierdie aantygning en sê dat hy, as prokureur, in sy professionele amp deur die Christian League genader is "to protect its interest at law" en dat sy prokureursfooie deur die voorsitter van die Christian League, mnr

Fred Shaw, betaal is en nie deur die Regering nie. Die onderstaande opmerking is die naaste wat Gilchrist daaraan kom om die politieke situasie en die invloed daarvan op godsdienstige verhoudinge in Suid-Afrika aan te spreek:

I am, in any event, a member of the Progressive Federal Party and am not in sympathy with the policies of the present Nationalist Government (Gilchrist 1988:4).

#### 5.4. JOHN GILCHRIST SE WEERLEGGINGS VAN DEEDAT.

In teenstelling met Nehls (4.2.), maak Gilchrist seker dat sy lesers weet dat sy 'OUR'AN AND BIBLE SERIES', direk op die persoon van Deedat en sy aktiwiteite gerig is. In sy publikasies gebruik Gilchrist herhaaldelik die naam van Deedat in die hantering van laasgenoemde se argumente. So verskyn 'n fotoafdruk van die betrokke publikasie van Deedat op die voorblad van elke boekie van Gilchrist se OUR'AN AND BIBLE SERIES (sien addendum I). Daar is ook byvoorbeeld 'n afdruk van Deedat se pamflet 'IS THE BIBLE THE WORD OF GOD? (1983), op die voorblad van Gilchrist (1985) se THE TEXTUAL HISTORY OF THE OUR'AN AND THE BIBLE, aangebring.

Gilchrist, met sy hantering van die argumente van Deedat, maak in sy publikasies deurgaans van 'n drieledige metode gebruik. Eerstens bevraagteken hy die bevoegdheid van Deedat, as persoon, om teologiese uitsprake oor die Bybel, die Qur'an en Islam te maak. Tweedens ontleed hy Deedat se stellings en lig die leser in op wat Deedat te sê het en ook verswyg. In in die derde plek gee hy dan sy antwoord op die argumente van Deedat.

In die proses diskrediteer of val hy self nooit die Qur'an aan nie. Hy trek egter Deedat se argumente deur na die Qur'an en dit maak dat Deedat dus self die maatstaf voorsien van kritiek ten opsigte van die Qur'an.

#### 5.4.1. DIE BYBEL AS WOORD VAN GOD?

Deedat (1983) se argumente oor die Bybel as die Woord van God word deur John Gilchrist, in sy publikasie THE TEXTUAL HISTORY OF THE QUR'AN AND THE BIBLE (1985a), bespreek. In Gilchrist se evaluering van Deedat se kommentaar oor die Bybel sê hy dat slegs 'n oningeligte en ongeletterde mens enige waarde aan die inhoud van Deedat se werk kan heg:

To the ignorant and unlearned his treatise may appear to be impressive, if not convincing, but those who have any real knowledge of the text and textual history of the Qur'an and the Bible will see through his petty efforts immediately (Gilchrist 1985a:3).

Volgens Gilchrist (1985a), is Deedat terdeë van tekortkominge in sy eie betoog bewus en probeer hiervoor kompenseer deur ongegronde stellings op 'n oordadigende wyse te maak. Gilchrist haal A S K Joommal aan wat ten opsigte van Deedat sê:

Even if one's case is weak and untenable, it is possible for one's oratorical prowess to carry one through and sway the multitudes in one's favour (1985a:3).

##### 5.4.1.1. Onderskeid van woorde.

Die eerste weerlegging is op Deedat se aanspraak (Deedat 1983:6) dat die die Bybel, in teenstelling met die Qur'an, geen onderskeid tref tussen woorde van God, woorde van profete en woorde wat geskiedkundige gebeure omskryf nie. Volgens Deedat (1983:6) hou Moslems hierdie getuienisse los van mekaar en word hulle nooit vermeng nie. Gilchrist (1985a:6), sê hierdie stelling is nie waar nie aangesien die Qur'an heelwat verse bevat wat woorde van profete, engele en geskiedkundige gebeure is en nie dié van Allah nie. Hier haal hy respektiewelik Suras 3:40, 19:64 en 19:22-23 aan om sy argument te staaf (1985a:6 - 7). Aan die anderkant is daar egter ook verse in die Hadith wat as woorde van Allah gereken word (Gilchrist 1985a:6). Hy verwys na hierdie



stellings van Deedat en sê:

When Deedat says that these three types of evidence - words of God, prophets and historians - are kept "jealously apart" by the Muslims, he makes a blatantly false statement - one typical of many we find in this booklet (Gilchrist 1985a:7).

#### 5.4.1.2. Verskillende Bybels.

Die gebruik van Deedat (1983:7) "to suggest that the real Taurat and Injil were different books" as dié wat in die Bybel opgeteken is, kan nie deur getuienis van enige aard gerugsteun word nie (Gilchrist 1985a:8). Daar is geen getuienis hiervan in die geskiedenis van die Jode of die Christene dat daar wel 'ander' geskrifte was nie. Gilchrist wys die leser daarop dat die Qur'an na dié geskrifte verwys wat aan die Jode (Sura 5:43) en Christene (Sura 5:47) bekend was:

It is impossible to consider how the Christians of Muhammad's time could ever judge by the Gospel (Injil) if they were not in possession of it. In Surah 7:157 the Qur'an again admits that the Taurat and Injil were in possession of the Jews and Christians at the time of Muhammad (Gilchrist 1985a:8).

Selfs die woord 'Injil' is volgens bekende Moslemteoloë soos Baidhawi, nie 'n Arabiese woord nie, maar ontleen "from the Syriac word" (Gilchrist 1985a:10), wat deur Christene gebruik is om na die Evangelie te verwys. Dieselfde geld ook vir die woord 'Tawrat' wat 'n Hebreeuse oorsprong het.

Deedat verwys ook doelbewus verkeerdelik na verskillende vertalings van die Bybel asof dit verskillende weergawes sou wees. Gilchrist (1985a:11) beklemtoon die feit dat daar ook verskillende vertalings van die Qur'an is en dat 'n vertaling deur Muhammad Asad nie deur Moslems aanvaar word nie. Deedat probeer dus om sy lesers doelbewus te mislei deur nie die volle waarheid

in verband met die Bybel en die Qur'an aan sy leser oor te dra nie:

The suggestion that the Qur'an is unchanged while the Bible has been changed on many occasions is the greatest lie ever proclaimed in the name of truth (Gilchrist 1985a:12). Dat foute in die vertalings van die verskillende Bybels ingesluit is wel waar, maar dit het geen invloed op die struktuur, leerstelling of die essensie van die boodskap gehad nie (Gilchrist 1985a:13).

Gilchrist (1985a:14) voel dat die tyd aangebreek het vir Moslem-teoloë om hulle mense die waarheid in verband met die Qur'an te vertel. Met die samestelling van die eerste amptelike Qur'an deur Kalief Uthman was daar reeds verskeie weergawes in omloop. Uthman het 'n afskrif van die weergawe wat deur sy werkers saamgestel is na elke Moslemprovinsie gestuur en opdrag gegee dat alle ander weergawes of gedeeltes verbrand moet word (Gilchrist 1985a:14).

'n Sekere Ibn Mas'ud het eers geweier om sy eie versameling van die profeet se woorde te verbrand aangesien hy dit as 'n meer volledige en korrekte weergawe as Uthman s'n beskou het (Gilchrist 1985a:14). Gilchrist beweer dat in die geskiedenis van die kerk niemand nog ooit probeer het om ander weergawes van die Bybel te vernietig nie. In die lig van Deedat se oordeel oor die verskillende weergawes van die Bybel, staan die verskillende weergawes van die Qur'an verdoem:

"it contained grave defects" - so "many and so serious as to call" not for revision but "wholesale destruction", (Gilchrist 1985a:15).

Die Qur'an kan na aanleiding van die voorafgaande nie as die unieke, onveranderde Woord van God gesien word nie. 'n Sekere Zaid het volgens Gilchrist (1985a:16) opgemerk dat die Qur'an wat deur Uthman uitgestuur is, onvolledig is aangesien Sura 33:23

weggelaat is.

A verse from Surat Ahzab was missed by me when we copied the Qur'an and I used to hear Allah's Apostle reciting it. So we searched for it and found it with Khuzaima-bin-Thabit al Ansari (Gilchrist 1985a:16).

Daar is ook bewyse (Gilchrist 1985a:16) dat gedeeltes ook uit die huidige Qur'an (Uthman) gelaat is. Gilchrist wys hier op verse wat na owerspel en die steniging van die mense verwys, wat volgens Umar nie meer in die Qur'an opgeteken is nie. Hierdie verse was deur Mohammed as deel van die woord van God opgesê en die weglating het volgens Umar gelei tot die verwaarlosing van 'n ordinansie wat deur God gestuur is (Gilchrist 1985a:16). Die Qur'an soos dit deur Uthman saamgestel is, is dus nie volledig of onveranderd nie:

It is quite clear, therefore, that the textus receptus of the Qur'an in the world today is not the textus originalis (Gilchrist 1985a:17).

In teenstelling met die opdrag van Uthman dat alle ander weergawes verbrand moet word, het die kerk probeer om in die belang van waarheid soveel as moontlik van die oorspronklike tekse te behou (Gilchrist 1985a:17).

#### 5.4.1.3. Veronderstelde teenstrydighede in die Bybel.

Gilchrist gee in dié gedeelte ook aandag aan Deedat se bewering dat die Bybel homself weerspreek soos in 2 Samuel 24:1, waar God Dawid motiveer om Israel te tel, terwyl 1 Kronieke 21:1 sê dat Satan hom uitlok om dit te doen. Gilchrist se antwoord hier is drieledig. In die eerste plek verwys hy na Deedat se "hopelessly inadequate understanding of a distinctive feature of the theology of both books" (1985a:36) en wil dus Deedat se vermoë bevraagteken om werklik oor teologiese aspekte van beide die Christendom en die Islam te besin.

In die tweede plek wys hy die leser daarop dat dit God is wat Satan toestemming gegee het om Dawid te versoek. Gilchrist (1985a:37) sê dat Satan geen mens kan versoek sonder God se toestemming nie. Hy wys op nog 'n voorbeeld in die Bybel waar God toestemming aan die duiwel verleen het om iemand te versoek - Job (1:12). In Job 2:3 blyk dit egter dat dit God self is wat Job beproef het en dat Satan hoogstens 'n instrument in die hand van God was (Gilchrist 1985a:37).

Derdens trek Gilchrist 'n lyn vanaf Deedat se argument ten opsigte van die Bybel deur na die Qur'an en wys op 'n voorbeeld van dieselfde omstandighede in hierdie geskrif:

Seest thou not that we have set the devils on the disbelievers to confound them with confusion? (Sura 19:83).

Hy hanteer die getalle verskille wat in 1 Konings 7:26 en 2 Kronieke 4:5 voorkom op 'n soortgelyke wyse as Nehls (sien 4.4.1.3.). Die verskil in benadering lê egter daarin dat Gilchrist nogmaals 'n lyn deurtrek na die Qur'an en die leser op 'n soortgelyke veronderstelde onreëlmatigheid wys:

We can just as clearly allege that there is a palpable contradiction in the Qur'an where a day with God is described as a thousand years in our reckoning (Surah 32.5) whereas in an earlier Surah (Surah 70,4) such a day is described as fifty thousand years (Gilchrist 1985a:38).

#### 5.4.1.4. Pornografie in die Bybel?

Gilchrist is die enigste van die drie modelle in hierdie studie wat verwys na die aspek van veronderstelde pornografie in die Bybel, soos deur Deedat (1983:45) beweer. Deedat verwys byvoorbeeld na "Lot's incest with his daughters" en beweer dat die Bybel nie die Woord van God kan wees nie aangesien dit verhale van hierdie aard bevat.

Deedat is egter selektief in sy keuse van verhale en probeer doelbewus die Bybel in 'n swak lig stel. Hy verwys byvoorbeeld

nie na Dawid se buite-egtelike verhouding met Batseba, soos ook opgeteken in die Qur'an nie. Die rede sê Gilchrist (1985a:39), is voor die handliggend:

This story is at least the equal of all those referred to by Deedat in its wickedness but he carefully chooses to omit it. Why? Because the Qur'an also refers to it.

#### 5.4.2. 'THE CRUCIFIXION: FACT OR FICTION?'.

Deedat se argumente oor die kruisdood van Jesus Christus, soos vervat in sy publikasie CRUCIFIXION OR CRUCI-FICTION (1984) en ook weergegee in Hoofstuk 3 van hierdie verhandeling, word deur Gilchrist behandel in sy publikasie THE CRUCIFIXION OF CHRIST: A FACT NOT FICTION (1985c). Hy som sy hantering van Deedat se standpunte, soos volg op:

In this booklet we shall set forth a refutation of Deedat's publication, concentrating solely on the subject at hand without dealing with many issues in his treatise where he goes off at a tangent or writes purely rhetorically (Gilchrist 1985c:3).

Die argumente van Deedat is volgens Gilchrist (1985c:4) gebou op die veronderstelling dat Jesus 'n swak persoonlikheid gehad het. Deedat skets 'n beeld van iemand wat 'n onsuksesvolle militêre aanslag op Jerusalem uitvoer en gelukkig genoeg was om die kruisdood te oorleef. Dit is belangrik om daarop te let dat Gilchrist (1985c:3) twee aspekte uitlig waar Deedat nie net met die Christendom verskil nie, maar ook ten opsigte van die Islam.

Die eerste teenstrydigheid vind ons met die siening van die Qur'an wat beweer dat Jesus nie aan die kruis gehang het nie (Sura 4:157). Tweedens sluit Deedat in sy siening aan by die Ahmadiyya-beweging (sien 2.4.) wat nie as Moslems erken word nie:

Only Deedat knows why he continues to espouse the cause of a discredited cult and why he advocates a theory that is anathema to true Christians and Muslims alike (Gilchrist 1985c:3).

#### 5.4.2.1. Het Jesus 'n militêre oorname beplan?

Volgens Gilchrist (1985c:4) probeer Deedat Jesus se Koningskap as 'n aardse, en dus politieke koninkryk beskryf. In die eerste plek sê Gilchrist (1985c:4) was politiek juis dié aspek waarby Jesus Homself nie betrokke gekry het nie en "withdrew from the crowds when they wanted to make Him a political leader" (1985c:4).

Gilchrist (1985c:4) vestig die leser daarop dat Deedat homself weerspreek en inkonsekwent is deur in dieselfde publikasie (Deedat 1984:27) te verwys na die Koninkryk van Jesus as 'n geestelike Koninkryk. Deedat bevestig daardeur dat Jesus nie 'n aardse koninkryk nagestreef het nie. Die teorie van 'n militêre oorname is veral belaglik teen die agtergrond van die Romeinse oorheersing van die stad. Die Bybel leer dat die dissipels slegs twee swaarde tussen hulle gehad het (Lukas 22:38). Deedat probeer sy verhaal aan te vul met wat Gilchrist "flights of fancy" noem (1985c:5), veral waar hy beweer dat Jesus se dissipels met klippe en stokke gewapen was:

There is not a shred of evidence in the Bible to support this claim, raised by Deedat purely to try and mitigate the strange anomaly that Jesus would consider two swords sufficient to stage a major revolt! (Gilchrist 1985c:5).

#### 5.4.2.2. Die Karakter van Jesus.

Gilchrist (1985c:5) sê dat Christene die negatiewe beeld wat Deedat van Jesus voorhou (Deedat 1984) aanstootlik vind. Woorde soos "Jesus failed" (1984:10), "He miscalculated (1984:10) en "Most unfortunate of all God's messengers" (1984:23) wek weerstand:

Christians do not hesitate to regard this as blasphemous. Nevertheless it is not our desire to express emotional indignation but to show how fatuous Deedat's claims are (Gilchrist 1985c:10).

a. Het Jesus Sy eie einde voorspel?

Volgens Gilchrist (1985c:11) was Jesus ten volle daarvan bewus van alles wat met Hom gaan gebeur. Hy het geweet dat Judas hom sou verrai (Mark 14:18), dat Petrus Hom drie maal sou verloën (Matteus 26:34), en dat Sy dissipels Hom sou verlaat (Markus 14:27). Daar is geen ondersteuning vir Deedat se aanspraak dat Jesus die situasie verkeerd opgesom het nie, intendeel die Bybel verkondig die teenoorgestelde (Gilchrist 1985c:11) en maak dat Jesus triomfeer waar Mohammed misluk het. Dit is juis die gebeure voor en na die kruisiging van Jesus wat van Hom "the most successful man who ever lived" (Gilchrist 1985c:12) gemaak het. Gilchrist stel die lewe, sterwe en opstanding van Jesus in kontras met die lewe van Mohammed:

Mohammed failed to conquer death and it brought his life to nothing in Medina in 632 AD and holds him to this day in its grip. Jesus, however, succeeded where Mohammed had failed (Gilchrist 1985c:12).

b. Het Jesus Homself verdedig?

Deedat bou ook sy argument om Jesus in Sy bediening as Messias te bevraagteken (1984:28), op die bewering dat Jesus Homself, in teenstelling met Sy eie profesie, tydens Sy verhoor verdedig het. Die verse in die Bybel waarna Deedat (1984:28) verwys is:

- a. Johannes 18:36 - Jesus sê Sy Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.
- b. Johannes 18:23 - Jesus vra dat die hoë priester moet getuig van Sy skuld of onskuld.
- c. Matteus 26:39 - Jesus vra dat die beker van smart/lyding by Hom sal verby gaan.

Gilchrist (1985c:13) wys die leser daarop dat geeneen van hierdie gebeurtenisse tydens die verhoor van Jesus plaasgevind het nie:

The first statement was made to Pilate during private conversation in the praetorium; the second was made during

Jesus' appearance before Annas, the father-in-law of Caiaphas, which was not during his trial as Deedat suggests - the trial only took place after this event in the house of Caiaphas (Matthew 26:57); and the third was made in the garden of Gethsemane before Jesus was arrested (Gilchrist 1985c:13-14).

Verder sê Gilchrist (1985c:14) dat belangrike gedeeltes van dieselfde Bybelverse selektief deur Deedat verswyg is. As voorbeeld wys hy op Matteus 26:62 waar die hoëpriester aan Jesus vra waarom Hy dan niks sê nie. So ook in Matteus 27:12-14 waar Jesus voor Pilatus niks gesê het nie. Gilchrist sê dat Deedat "subtly conceals" (1985c:15) hierdie inligting aangesien dit nie sy siening pas nie.

#### c. Jesus en die kruis.

Dit is vir Gilchrist (1985c:15) onverstaanbaar dat Deedat die gedagte bly huldig dat Jesus wel aan die kruis gehang het maar lewendig afgehaal is. Dit bly vreemd aangesien dit nie deur Moslems verkondig word nie:

This idea is held to only by the heretical Ahmadiyya sect in Islam and is denounced by all true Christians and Muslims (Gilchrist 1985c:16).

Deedat (1984:36) bou sy argument op die getuienis van die hoofman oor honderd wat volgens Deedat verkeerdelik aanvaar het dat Jesus dood is. Deedat insinueer dat die hoofman nie sy werk behoorlik gedoen het nie. Vir Gilchrist (1985c:16) vorm hierdie egter een van die belangrikste bewyse dat Jesus wel aan die kruis gesterf het. Die hoofman moes aan die Romeinse owerheid verslag doen oor die gekruisigdes en sou met sy lewe moes betaal indien enige gekruisigde, op enige wyse die dood vryspring:

For in those days any soldier who allowed a prisoner to escape would lose his own life in consequence (Gilchrist 1985c:16).



Gilchrist staaf sy argument verder deur na die gevangenskap van Paulus te verwys waar die bewaarders tereggestel is ná die ontsnapping van Paulus (Handelinge 12:19). Die bewaarder wat oor Paulus en Silas aangestel is, wou ook selfmoord pleeg omdat hy onder die indruk was dat hulle ontsnap het (Handelinge 16:27): "They preferred to die by suicide than by execution (Gilchrist 1985:16)". Gilchrist (1985c:17) maak die gevolgtrekking dat as gevolg van die verantwoordelikheid wat hierdie mense beklee het, hulle absoluut betroubaar sou wees. Hy verwerp ook die gedagte van Deedat dat Jesus nie met 'n swaard deurboor is nie, maar slegs geprik is om sy bloedsirkulasie te stimuleer, as "absolute nonsense" (Gilchrist 1985c:17).

Nog 'n standpunt van Deedat is dat God nooit sou toelaat dat 'n gesalfde van Hom vermoor sal word nie: "For God Almighty will never allow His truly "anointed one" (Christ) to be killed" (Deedat 1984:15). Gilchrist (1985c:20) verwerp hierdie argument en verwys na Daniël 9:26 wat volgens hom 'n duidelike bewys is dat die Messias sou sterf: "the anointed one shall be cut off and shall have nothing".

#### d. Verborgte Verse.

Gilchrist (1985c:25) sluit sy argument af deur te konsentreer op Bybelgedeeltes wat hy "Gospel truths deliberately suppressed by Deedat" noem. Hy sê dat Deedat doelbewus selektief te werk gaan en woorde uit die Bybel weglaat wat nie sy argument se doel dien nie (Gilchrist 1985c:30). 'n Tipiese voorbeeld van hierdie selektiewe Skrifgebruik vind ons in Deedat se publikasie CRUCIFIXION OR CRUCI-FICTION (1984:42), waar hy na Matteus 27:62-64 verwys:

Sir, we remember that that deceiver said....Command, therefore, that the sephulcre be made secure until the third day, lest....the LAST error shall be worse than the FIRST.

Die gedagte wat Deedat hier wil oorbring is dat die Jode skielik

besef het dat Jesus nog lewendig kon wees. Om hierdie argument te sterk moes Deedat noodwendig sekere gedeeltes van die verse weglaat want die vers in sy geheel en in konteks weerspreek Deedat (Gilchrist 1985c:31). Die verse (Matteus 27:62-64) behoort soos volg te lees:

Sir, we remember how that imposter said, while he was still alive, 'After three days I will rise again'. Therefore order the spulchre to be made secure until the third day, lest his disciples go steal him away, and tell the people, 'He has risen from the dead', and the last fraud will be worse than the first (Gedeeltes wat deur Deedat weggelaat is, is onderstreep).

Ten slotte vra Gilchrist (1985c:32) hoe Deedat tot uiterstes kan gaan om te bewys dat die Qur'an die Woord van God is, terwyl hyself teen die lering van die Qur'an gaan wat sê dat Jesus nooit aan die kruis gehang het nie, "There just does not seem to be any logic at all."

#### 5.4.3. 'JESUS CHRIST ACCORDING TO ISLAM'.

In Gilchrist se WHAT INDEED WAS THE SIGN OF JONA? (1985b) neem hy drie van Deedat se publikasies oor die dood en opstanding van Jesus in behandeling. Hierdie drie publikasies is; WHAT WAS THE SIGN OF JONA? (Deedat 1984), RESURRECTION OR RESUSCITATION? (Deedat 1978) en WHO MOVED THE STONE? (Deedat 1990).

Volgens Gilchrist (1985b:4) baseer Deedat sy argumente op vier veronderstellings wat een vir een onder 5.4.3.1. behandel word:

- a. Dat Jesus, soos Jona, lewendig in die graf was.
- b. Dat Jesus, in teenstelling met Jona, nie drie nagte in die graf was nie.
- c. Dat Maria nie 'n liggaam wat reeds ontbind kon behandel nie.
- d. Dat een engel nie die klip voor die graf kon verwyder nie.

#### 5.4.3.1. DOOD OF LEWENDIG? DRIE DAE EN TWEE NAGTE?

Deedat (1983:6) beweer dat Jesus nie dood in die graf was nie aangesien Jona lewendig in die maag van die vis was. Deedat wys op Jesus se gesprek met die Fariseërs:

Maar Hy antwoord hulle: " 'n Slegte en afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van die groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in die aarde wees (Matteus 12:39-40).

In sy antwoord op Deedat, bevraagteken Gilchrist nie die siening dat Jona lewendig in die maag van die vis was nie, maar verklaar dat dit die algemene siening van Christen-teoloë wêreldwyd is (Gilchrist 1985b:4). Volgens hom het die kernbetekenis van die teken niks te doen met die feit of Jona dood of lewendig was nie. Dit gaan oor ander aspekte soos die tydperk wat Jesus in die graf was én die boodskap van Jona se sending.

Volgens Gilchrist (1985b:8) is daar nie 'n verskil in die tyd wat Jesus in die graf (drie dae en twee nagte) was teenoor die tyd wat Jona in die maag van die vis was (drie dae en drie nagte) nie. Hierdie oënskynlike verskil lê by die interpretasie van tyd soos die Hebreër dit gesien het en die moderne interpretasie van die konsep van tyd. Dit was die gebruik by Jode om enige deel van die dag as 'n volle dag te neem en ook om na 'n dag, as dag en nag te verwys (Gilchrist 1985b:7). Die Westering praat egter nooit van dag en nag as daar na 'n spesifieke periode van tyd verwys word nie. 'n Goeie voorbeeld waar verskillende dae as 'n versamelterm gebruik word is "fortnight" vir veertien dae:

I have never yet met anyone speaking the English language say he will be away fourteen days and fourteen nights. This was a figure of speech in the Hebrew of old (Gilchrist 1985b:8).

Gilchrist haal nog 'n voorbeeld uit die Bybel in Ester 4:16 aan. Daar beveel Ester dat niemand vir drie dae en drie nagte mag eet nie,

but on the third day, when only two nights had passed, she went into the king's chamber and the fast was ended (Gilchrist 1985b:8) .

Die Jode was, in die tyd van Jesus, terdeë van hierdie (eie) gebruik bewus en het daarom vir Pilatus gevra om die graf te verseël tot die derde dag. Die Jode het dus nie verwag dat Jesus eers op die oggend van die vierde dag uit die graf sou probeer kom nie (Gilchrist 1985b:9).

#### 5.4.3.2. WAT WAS DIE TEKEN VAN JONA?

##### a. 'n Teken van Nineveh.

Die teken van Jona was een van bekering en vergifnis en spreek van die genade van God (Gilchrist 1985b:12). Die teken van Jona was ook 'n teken vir Israel:

A Similar sign was about to be given, which will likewise lead to the redemption of those who receive it and the destruction of those who did not (Gilchrist 1985b:15).

##### b. Die grootste teken.

Die Jode wou 'n teken hê (Gilchrist 1985b:21), maar nie soos Elisa wat iemand uit die dood opgewek het of Moses wat vir die mense kos gegee het nie. Jesus het vir hulle 'n groter teken gegee deur self uit die dood op te staan:

Living prophets had raised the dead, but the sign Jesus was promising them was that the Messiah would raise Himself from the dead - that is the sign of Jona.

#### 5.4.3.3. Wie het die steen verwyder?

Volgens Gilchrist (1985b:34) is dit vir Deedat moeilik om te glo dat 'n engel die rots voor die graf alleen kon verwyder. Gilchrist wys sy leser daarop dat net twee engele Sodom en Gomorra

vernietig het (Genesis 19:13) en dit was net een engel wat koning Sanherib se leer van 185 000 man uitgeroei het (2 Konings 19:35). Gilchrist (1985b:35) beroep hom hier ook op die Qur'an wat van elke Moslem verwag om in Allah te glo en ook in "the mala'ikah, the angels" (Sura 2:285). Gilchrist poog hier om te bewys dat Deedat in sy teologie nie net uit pas met die Bybel is nie, maar ook met die Qur'an.

#### 5.4.4. IS MUHAMMAD FORETOLD IN THE BIBLE?

Bogenoemde opskrif is die titel van Gilchrist se publikasie (1979) wat as respons op Deedat se WHAT THE BIBLE SAYS ABOUT MUHAMMED (1990). Deedat se aanspraak dat Mohammed, as profeet, in die Bybel aangekondig is, vorm deel van die standpunt van verskeie Moslemskrywers wat deur die eeue dieselfde aanspraak probeer maak (Gilchrist 1979:3).

Die aanspraak wat Deedat en ander Moslemskrywers maak word gemotiveer vanuit die Qur'an (Sura 7:15) "which states that the coming of Muhammad was foretold in the Jewish and Christian Scriptures" (Gilchrist 1979:3). Dit is dus verstaanbaar dat Moslems die Joodse en Christengeskrifte fynkam vir bewyse dat Mohammed wel voorspel word (Gilchrist 1979:3). Moslems baseer hulle argumente op die volgende uitgangspunte:

- a. Hulle beskou die Qur'an as die woord van God en omdat Mohammed elke woord van die Qur'an ge-uiter het, moet hy ook die vervulling van die profesieë wees.
- b. Een van die mees algemene Bybelgedeeltes wat deur Moslems gebruik word om hierdie standpunt te regverdig is Deuteronomium 18:18:

Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat ek hom beveel.
- c. Mohammed was soos Moses.

Ten opsigte van die eerste aanspraak sê Gilchrist (1979:7) dat Christene in die algemeen nie die Qur'an as die woord van God aanvaar nie. Deur dus te beweer dat Mohammed sy profeet was omdat die woord van God in hom was, moet Deedat in ag neem dat die Qur'an nie deur Christene as die woord van God aanvaar word nie. Ook het alle profete woorde van God gespreek (Gilchrist 1979:9). So was God se woorde ook in Jeremia (Jeremia 1:9) en het Jesus Sy Vader se woorde gespreek (Johannes 17:18).

Tweedens gee Gilchrist ook aandag aan die gedagte dat Mohammed uit die volksgenote (broers) van Israel sou kom, die Ismaeliete. Hy (1979:9) wys egter tereg op die konteks van die vers wat verwys na die stam van Levi (sien Deuternomium 18:1-2). Die 'broers' is dus die ander elf stamme van Israel en nie die kinders van Ismael nie: "This is an inescapable fact" (Gilchrist 1979:9).

Die derde aspek wat Gilchrist aansny is die gedeelte uit Deuteronomium 18:18 wat sê dat die profeet soos Moses sal wees. Gilchrist (1979:13) gee toe dat daar ooreenkomste tussen Moses en Mohammed is, maar dit is ook die geval met Jesus en Moses. Meer nog:

If we reverse the process we can show many similarities between Moses and Jesus where Muhammad at the same time can be contrasted with them (Gilchrist 1979:13).

Hierdie verskille wat Gilchrist uitlig is:

- a. Mohammed, in teenstelling met Jesus en Moses, was nie uit die stamme van Israel nie.
- b. Beide Jesus en Moses was in Egipte - Mohammed nie.
- c. Moses en Jesus het die luukseheid van die lewe verruil om saam met hulle mense te wees - Mohammed het nie (Gilchrist 1979:15).

Ten slotte haal Gilchrist uit die Qur'an (Sura 4:164) aan wat sê dat God met Moses gepraat het "in a way in which he did not

speak to other prophets" (Gilchrist 1979:15). Om dus soos Moses te wees moes enige profeet God van aangesig tot aangesig geken het, as middelaar tussen God en die mens gestaan het en sy beëdiening sal met tekens en wonders bevestig word (Gilchrist 1979: 15).

God het in die eerste plek nie direk met Mohammed gespreek nie, maar deur die engel Gabriël. Mohammed het ook geen tekens en wonders gedoen nie en hy was ook nie 'n direkte middelaar tussen God en die mens nie (Gilchrist 1979:16).

We can conclude by saying that whatever evidence the Muslims may produce in favour of their assertion, the really relevant and crucial evidence needed to prove the point is not only unfavourable in his case but in fact fatally rules out the possibility that he might indeed be the prophet of whom Moses spoke (Gilchrist 1979:18).

Vanweë die aard van die onderwerp onderskei hy in laaste gedeelte meer direk tussen die geloofsverskille van Christene en Moslems. Hy distansieer hom dus nie net van Deedat en sy argumente nie, maar verklaar ook hier wat hy as Christen glo en nie van Islam aanvaar nie.

## 5.5. REAKSIE OP DIE AKTIWITEITE VAN JESUS TO THE MUSLIMS.

### 5.5.1. Reaksie van die Moslemgemeenskap.

Gilchrist het heelwat briewe en artikels aan verskeie Moslemtydskrifte gerig en die meeste van die reaksies in hierdie tydskrifte was in antwoord op die skrywes van Gilchrist (Gilchrist 1992). Die artikels handel oor die Bybel as die Woord van God en die goddelikheid van Christus.

Tydens die debat in 1975 tussen Deedat en Gilchrist, by Willowmore Park Benoni (sien 5.2.1.), verwys Deedat na 'n publikasie van Gilchrist en die feit dat Gilchrist se naam nie op die publikasie verskyn nie. Deedat sê voorts dat hy as 'n regsgeleerde van beter moet weet as om mense te probeer verlei.

Gilchrist dagvaar hom vir karakterskending deurdat Deedat die indruk probeer skep dat hy 'n swak prokureur is. Gilchrist word R1000-00 skadevergoeding toegestaan (The Star 1977:3). Hierdie hofsaak het negatiewe reaksie by Moslems uitgelok en onder die opskrif "Beware of Gospel- Mongers" skryf die redakteur van die Al-Balaagh (1980:2) dat Gilchrist as Christen gefaal het deur nie die ander wang te draai nie.

#### 5.6. INTERNE EVALUERING.

Die doel van kommunikasie is volgens Gilchrist (sien 5.3.) om Moslems tot volle kennis van Jesus, as Christus, te bring. Suksesvolle kommunikasie behoort tot die bekering van Moslems te lei en die inskakeling van bekeerlinge by 'n gemeenskap van gelowiges (Gilchrist 1988:107). Gilchrist wil ook Deedat se aansprake weêrlê en in die proses die standpunte wat Christene oor die Bybel en die goddelikheid van Jesus huldig, duidelik stel. Gilchrist se doel is dus om:

5.6.1. Te kommunikeer en te korrigeer.

5.6.2. Te evangeliseer.

#### 5.6.1. KOMMUNIKASIE.

Deel van Gilchrist se reaksie teenoor die aansprake en publikasies van die IPCI was om met Deedat en ook ander Moslems publieke debatte te voer.

##### 5.6.1.1. Debatte.

In my onderhoud met Gilchrist (1992) het ek hom gevra of daar enige waarde in hierdie tipe debatvoering is. Gilchrist is positief oor debatvoering want dit skep 'n platform waar sekere valse argumente (soos die van Deedat) in die publiek reggestel kan word. Dit dra ook by tot 'n positiewe beeld dat Christene bereid is om op te staan vir dit waarin hulle glo. Hierdie debatvoering moet egter nie tot konfrontasie en wedersydse beswadding lei nie. Daar was geen bekerings as 'n direkte



gevolg van debatte nie. Debatte het dus 'n beperkte waarde veral as dit gemeet word teen die agtergrond van Gilchrist (1988:107) se eie definisie van kommunikasie.

#### 5.6.1.2. Publikasies.

Van al die modelle wat in hierdie studie behandel word, is Gilchrist die suksesvolste in die beskikbaarstelling van publikasies wat bruikbaar is vir die 'Christen-in-die-straat-'. Sy OUR'AN AND THE BIBLE SERIES is op die man af en op sowel Christene as Moslem gerig. Terwyl die inhoud van sy publikasies heeltemal akademies verantwoordbaar is, is dit nie in 'n onnodige komplekse akademiese styl geskryf nie. My persoonlike mening is dat alhoewel Deedat se publikasies nie akademies verantwoordbaar is nie, dit juis in aanvraag is vanweë die eenvoud en leesbaarheid daarvan.

Gilchrist behandel ook Deedat se argumente, publikasie vir publikasie en argument vir argument. Dit maak dit vir enige student maklik om argumente langs mekaar te lê en nugter 'n evaluasie te doen. Daar is nooit enige twyfel dat Gilchrist direk die argumente van Deedat aanspreek nie. Inteendeel, terwyl Nehls homself daarvan weerhou om die naam van Deedat in sy publikasies te gebruik, maak Gilchrist geen geheim daarvan dat hy beide die persoon (van Deedat) én sy argumente aanspreek (Gilchrist 1992). Selfs die naam van Gilchrist se organisasie, JESUS TO THE MUSLIMS, laat geen twyfel oor sy motief ten opsigte van die doel van sy uitreiking na Moslems nie.

'n Baie positiewe aspek van Gilchrist se werk is die feit dat hy nie net sy verweer teen Deedat teologies verantwoord nie, maar ook dat hy in die proses die Evangeliese alternatief duidelik na vore bring:

Die groot pluspunt van Gilchrist se literatuur is die feit dat hy nie net van Islam en Moslem praat nie, maar met Moslems praat. Ook dat hy nie net by die gewone gesigspunte bly nie, maar aanknopingspunte vind wat Moslems voor die keuse van die evangelie bring (Crafford 1991:12).

In die hantering van die argumente neig Gilchrist om ook die persoon van Deedat aan te val. Gilchrist erken (1992) dat hy die karakter en teologiese vermoë van Deedat bevraagteken. Hy sien dit egter as deel van sy benaderingsfilosofie (sien ook 5.5.1.). Gilchrist skei Deedat en sy argumente van sy benadering tot Moslems. Die eerste moet beantwoord en reggestel word terwyl Moslems as medemens gesien word met 'n ander godsdiens of belydenis as hyself. Hy erken ook dat (1992) sy benadering teenoor Deedat (en Islam in die algemeen) minder konfronterend is as wat dit in die begin van sy bedieningsjare was.

#### 5.6.2. EVANGELISASIE.

Hier word twee aspekte behandel. Eerstens die opleiding van Christene en tweedens die akkommodering van Moslems wat tot bekering kom.

##### 5.6.2.1. Opleiding vir evangelisasie.

Gilchrist is 'n alleenloper en het in teenstelling met Nehls nie 'n span medewerkers opgebou nie (sien 5.6.). Gilchrist (1992) sê dat dit nooit sy doel was om aan die hoof van gereelde uitreikingspanne te staan nie. Tog vorm hierdie 'n leemte in sy benadering tot die uitreiking na Islam en 'n meer omvattende strategie tot die regstelling van die foutiewe argumente van Deedat.

Gilchrist het wel individue opgelei en saam met hulle van huis tot huis gewerk maar het nooit hierdie saamgevat in 'n struktuur van gekoördineerde uitreiking nie en het ook nie as herder vir opgeleide Christene opgetree nie. Dit beteken nie dat sy werk heeltemal vrugteloos was nie. Een van sy voormalige leerlinge, Fred Nel, het die leemte raakgesien en het veral in die Pretoria distrik dié opgeleide werkers begin saamsnoer. Nel kombineer Gilchrist se inhoudelike kennis (publikasies) en Nehls se uitreikingmetodiek. Aangesien Fred Nel 'n relatiewe laatkommer

op die gebied van uitreiking na Moslems is, en hy nog nie noemenswaardige publikasies die lig laat sien het nie, is hy nie by hierdie studie ingesluit nie. Enige toekomstige ondersoek in hierdie rigting sal egter baat vind deur ook na Fred Nel se 'Eternal Life Outreach' te kyk.

#### 5.6.2.2. Kerkplanting.

Soos reeds in 4.6.2. genoem, is Gilchrist betrokke in besprekinge oor die voor- en nadele van moontlike opname van bekeerde Moslems in bestaande plaaslike gemeentes, of die stigting van eiesoortige gemeentes. Die ontplooiing van eiesoortige gemeentes impliseer nie sogenaamde ondergrondse kerke waar geheime bekering geen publieke getuienis verlang nie. Die eerste beginsel wat Gilchrist (1988:103) neerlê is dat Moslems wat tot bekering kom "must break from Islam and become united as Christians to Christ's universal Church". Hy sê ook dat daar geen kompromie kan wees nie en dat bekeerlinge uit Islam die gevolge van hulle besluit, soos verwerping en vervolging deur hulle familie en gemeenskap, moet aanvaar:

"We have a perfect example in Jesus Himself who suffered and died that we may live" (Gilchrist 1988:105).

Hierdie besluit behels 'n breek met Islam deur die Christelike doop deelagtig te word en aan te sluit by 'n sigbare gemeenskap van gelowiges in Jesus Christus (Gilchrist 1988:106). Gilchrist verskil hier in beginsel van Parshall (1983:189). Laasgenoemde is meer gematig ten opsigte van die doop as vereiste te stel vir bekeerlinge uit Islam. Gilchrist stel dit egter duidelik dat hy in 'n oorwegend Westerse konteks werk en waar Moslems 'n getalsminderheid is. Hy het egter begrip vir Evangeliste wat in ander lande onder ander omstandighede werk en leef:

I have great sympathy with those who work in predominantly Muslim societies and cultures and who grapple earnestly with the problem and seek to resolve the issue of leading Muslims to Christ without disrupting their lives and cultural heritage (Gilchrist 1988:106).

5.6.3. TEN SLOTTE.

Ten slotte is dit ook belangrik om te kyk waarom Gilchrist nie suksesvol was in sy verhuising na Durban nie (sien 5.1.). Die doel van sy verhuising na Durban was om homself heeltyds aan Moslemevangelsing te wei en sy Transvaalse werksmetode van deur tot deur besoeke ook in Durban toe te pas (Gilchrist 1992).

In my onderhoud met Gilchrist (1992) het hy die redes gegee waarom hy onsuksesvol was:

- a. Hy was alleen, sonder die morele ondersteuning van ander heeltydse werkers.
- b. Gebrek aan finansies. Baie beloftes is deur gemeentes en individue gemaak wat nie gerealiseer het nie. Dit het ook daartoe bygedra dat hy nie behoorlik sy kantoor kon inrig in 'n doelmatige uitreikingsentrum nie.
- c. Gebrek aan pastorale versorging en geestelike ondersteuning van 'n plaaslike gemeente.
- d. Hy kon sy werksmetode van Transvaal nie suksesvol oorplaas na Durban nie.

In die slothoofstuk word aandag gegee aan die implikasies van hierdie probleme.

Gilchrist wil in sy kommunikasie 'n weg van non-konfrontasie volg en 'n alternatiewe model voorhou wat gebaseer is op vriendskapsevangelsing. Vir hom is die proses van evangelisasie eers afgehandel wanneer die evangeliese waarhede effektief oorgedra is en bekering tot gevolg het sowel as die inskakeling van sodanige bekeerling in die gemeenskap van gelowiges (Gilchrist 1992).

---

HOOFSTUK 6

ANIS SHORROSH EVANGELISTIC ASSOCIATION

'n Model van openbare konfrontasie

6.1. AGTERGROND.

Die derde persoon en organisasie waarna gekyk word, is dié van Dr Anis Shorrosh, stigter en direkteur van die 'Anis Shorrosh Evangelistic Association' (ASEA) in die Verenigde State van Amerika. Shorrosh, 'n Arabiese Christen, is in 1933 te Nasaret, Palestina gebore. In 1948 sterf sy vader en neef tydens die gevegte van die Palestyne teen die Israëli's rondom die stigting van die staat Israel. Die familie vlug na Jordanië waar hulle as vlugteling leef. In Jordanië ontvang Shorrosh 'n studiebeurs om in die VSA te studeer, waar hy homself dan ook vir die afgelope drie en twintig jaar vestig, teologies onderlê en burgerskap aanvaar. Hy is getroud en het vier kinders. Shorrosh is lid van die Baptiste kerk in Mobile, Alabama.

Shorrosh is die skrywer van verskeie boeke <sup>1</sup> en vanweë sy eiesoortige Midde-Oosterse agtergrond, openbaar hy begrip vir die gevoel en aspirasies van die Palestynse vlugteling in die algemeen en die denkwêreld van die Midde-Oosterse Moslems in die besonder. In die voorwoord van Shorrosh se boek, Islam Revealed, skryf Dr Adrian Rogers (Shorrosh 1988:ix):

He understands the Muslim better than any Christian I know. He grew up among Muslims. He has spoken to more Muslims outside of the Holy Land than any other Arab-Christian minister in the world" .

---

<sup>1</sup> Sien Addendum VI vir 'n volledige lys van Shorrosh se publikasies.

Dr Anis Shorrosh se akademiese kwalifikasies sluit 'n B A-graad van die Mississippi Kollege in, sowel as 'n Meestersgraad aan die 'New Orleans Baptist Theological Seminary', 'n 'Doctor of Ministries' van die Luther Rice Internasionale Seminarie en 'n D.Phil van die 'Oxford Graduate School' in Tennessee. Anis Shorrosh is ook hoof van die ASEA. Alhoewel hy as persoon lidmaat van die Baptiste Kerk in die VSA is, is hierdie bediening nie spesifiek aan enige kerkgenootskap gekoppel nie. Die ASEA is gebou om die persoon van Shorrosh en staan onder die beheer van 'n raad van direkteure.

#### 6.2. REAKSIE OP DIE AKTIWITEITE VAN DIE IPCI.

Die reaksie van Shorrosh op die aktiwiteite van die IPCI kan in drie hoofmomente vasgevat word:

- a. Debatte
- b. Lesings oor die verskillende onderwerpe van sy debatte met Deedat.
- c. Die boek Islam Revealed

##### 6.2.1. OORSIG VAN DEBATTE TEEN DEEDAT.

Hierdie debatte het uitsluitlik in die buiteland plaasgevind en pogings om debatte tussen Deedat en Shorrosh op plaaslike bodem te reël was onsuksesvol. Die redes hiervoor word later in die hoofstuk bespreek. In 1985 besoek Dr Anis Shorrosh Londen waar hy vir die eerste keer in aanraking kom met die aktiwiteite van die IPCI. Dit was tydens 'n openbare optrede van Deedat oor die kruisiging van Jesus Christus.

Shorrosh se belangstelling in die argumente en styl van Deedat is hier wakker gemaak en 'n week later, na afloop van 'n volgende lesing, daag Shorrosh vir Deedat uit tot 'n openbare debat met die onderwerp 'Is Jesus God?'.

Die eerste debat tussen Shorrosh en Deedat vind op 15 Desember 1985 in die Royal Albert Hall, Londen plaas. Ongeveer 5000 mense woon die byeenkoms by, "with Muslims accounting for 75% of the crowd (Shorrosh 1989:xv)".

In sy kommentaar oor die eerste debat sê Shorrosh (1989:xvi):

Although many felt neither side won, I was not displeased. My aim was to keep a low profile and win another opportunity to challenge this forty-year veteran orator and scholar of Islam, when I could then take the offensive.

Op 20 Julie 1986 (op versoek van Shorrosh) volg dan nog 'n debat en hierdie keer is die onderwerp; 'The Qur'an or the Bible: which is God's Word?'. Die debat het by die 'Exhibition Centre' in Birmingham, Engeland plaasgevind en is deur ongeveer 11 000 mense bygewoon. Na afloop van hierdie debat is Deedat nogmaals deur Shorrosh uitgedaag, maar dié keer met die tema: "The Qur'an: Word of God or Mohammed's". Deedat het die uitnodiging tot die debat aanvaar op voorwaarde dat dit in Amerika te Madison Square Gardens sal plaasvind.

#### 6.2.2. LESINGS IN SUID-AFRIKA.

In 1990 besoek Shorrosh Suid-Afrika op uitnodiging van die Apostoliese Geloof Sending van Suid Afrika. Met die aanvang van die reis rig Shorrosh 'n versoek aan Deedat om bogenoemde debat eerder in Suid-Afrika te laat plaasvind. Hierdie versoek was in die vorm van 'n faks vanuit die kantore van die AGS van SA en ook 'n ope uitnodiging in die vorm van 'n advertensie in die Sunday Tribune. Deedat was egter nie geïntereseerd nie en het dit as 'n publisiteitset afgemaak:

The publicity stunted so called invitation to debate with Dr Shorrosh is unacceptable. This Centre and the President are not interested in the frivolous exercises at the instance of Dr Shorrosh (Telex aan AGS 24 Julie 1990).

Alhoewel Shorrosh 'n plaaslike debat teen Deedat aangevra het, was dit nie die enigste oogmerk van sy besoek aan Suid-Afrika nie. Hy was ook beskikbaar vir 'n verskeidenheid kerkgenootskappe en Christen-sendingorganisasies. Die doel van sy besoek was drieledig naamlik:

- i. Om die Kerk bewus te maak van die teenwoordigheid van Islam.
- ii. Om Christene op te lei om met groter vrymoedigheid met Moslems in gesprek te tree.
- iii. Om openbare lesings te gee oor die laaste onderwerp van debat tussen Shorrosh en Deedat, nl. The Bible or Qur'an: Which is God's Word? (Pinksterboodskapper 1990:8).

Die eerste openbare optrede van Shorrosh in Suid-Afrika vind op 24 Julie 1990 in die Witteboom gemeenskapsaal naby Kaapstad plaas. Alhoewel dit nie ten tye van die vergadering bekend was nie, is dié byeenkoms deur medewerkers van Life Challenge gereël. Die vergadering is ernstig deur 'n groep fundamentalistiese Moslems ontwrig en Shorrosh is aangerand en in die hospitaal vir ligte beserings behandel. "The heated debate was stopped when Muslims rushed the stage at the Witteboom Civic Centre and attacked the evangelist" (Sunday Times 1990:3).

Twee opvolgende gemeentelike byeenkomste in die Kaap het sonder enige verdere voorval verloop. Die byeenkomste was geslote in die sin dat dit in kerke plaasgevind het en meer gerig was op Christengehore. Die eerste van hierdie byeenkomste het in die AGS-Goodwood gemeente plaasgevind en die byeenkoms is per plakkaat geadverteer onder die onderwerp 'Islam revealed'. Die byeenkoms was hoofsaaklik bewusmakend van aard. Die tweede byeenkoms, in die Church of England, was gereël deur Life Challenge en is hoofsaaklik bygewoon deur medewerkers van laasgenoemde organisasie. Die onderwerp: 'The Qur'an, Word of God or Mohammed' was daarop gerig op meer inligting ten opsigte



van die bespreking van die Qur'an en die Christen se kontak met Moslems te gee.

Die daaropvolgende openbare vergadering was beplan vir die Durbanse stadsaal op 27 Julie 1991. Dit is egter deur ongeveer 2000 Moslems ontwrig (Pinksterboodskapper 1990:9) en is op die laaste oomblik deur die organiseerders afgelas:

The AFM of South Africa wishes to confirm that Dr Anis Shorrosh will no longer be available as speaker as originally planned for this series of seminars.

The reasons for this decision are as follows:

a. The Church cannot guarantee the personal safety of Dr Anis Shorrosh.

b. The gatherings in Cape Town and Durban were disrupted to such a degree that the lives of the public were in danger. We wish to avoid similar incidents.

The AFM wishes to state clearly that the departure of Dr Anis Shorrosh was at the request of the Church and was not suggested by him" (AGS 1990).

Shorrosh het op 29 Julie 1990 Suid-Afrika verlaat. Die reaksie op hierdie gebeure word onder punt 6.4. bespreek.

### 6.2.3. DIE BOEK ISLAM REVEALED.

In sy boek, Islam Revealed sê Shorrosh dat dit sy begeerte is om die beste moontlike verdediging teen Islam daar te stel, hetsy in die vorm van 'n debat of 'n boek. "It is my earnest prayer that this debate, and this book, Islam Revealed, will become the most successful defenses against Islam ever produced to the glory of God!" (Shorrosh 1988:xvii). Die boek is, soos reeds genoem 'n kombinasie van inligting, verdediging en aanval.

Shorrosh begin hierdie boek van 313 bladsye met 'n redelike breë agtergrondskeets van die ontstaan van Islam en van wat die godsdienst behels. Hoofstuk 2 handel oor die lewe van Mohammed,

sy vroue, oorloë en dood. Die res van die 227 bladsye word gewy aan die weerlegging van Deedat se argumente, wat ek in 6.4. bespreek.

### 6.3. BENADERING TOT ISLAM.

Shorrosh se benadering tot Islam en die IPCI verskil heelwat van die vorige twee modelle in hierdie studie. Waar die ander modelle grotendeels reageer op aktiwiteite van die IPCI, kry ons by Shorrosh 'n meer aggressiewe en pro-reaktiewe benadering. Hy reageer nie net op die aktiwiteite van die IPCI nie maar lok ook reaksie van die Moslemgemeenskap uit. Met sy benadering wil hy konfronteer, polariseer en verdedig.

#### 6.3.1. KONFRONTASIE.

Reaksie op die literatuur en debatte van die IPCI kom in vorm van 'n pertinente aanslag op die sentrale dimensies van Islam nl. die Qur'an en Mohammed. John Gilchrist bevestig hierdie siening en sê:

His general attitude towards Islam is far more objective but he has come to the point where he feels Muhammad, the Qur'an and Islam should be discredited publicly. He told us that the time has come for "shock treatment" (Gilchrist 1990:2).

Shorrosh se strategie is dus nie net op verdediging gerig nie, maar ook op aanval. Die titel van sy boek Islam Revealed lok op sigself ook reaksie uit, veral as in ag geneem word dat die boek poog om Islam as 'n valse godsdiens te openbaar. Shorrosh (1988:314) beskryf sy boek as 'n "Eye-opening look at the deadly beliefs" van Moslems.

Die Suid-Afrikaanse Moslemgemeenskap het in die verlede sterk gereageer teen 'n soortgelyke uitspraak van die Algemene Sinode van die NG Kerk (1986) wat die Islam as 'n valse godsdiens verklaar het.

Shorrosh voel dat die kerk in die Weste nie die karakter van Islam kan of wil aanvaar nie. Volgens hom is daar nie ruimte vir dialoog of kompromie vanaf die kant van die godsdiens van Islam nie. Hy huldig en versterk die siening van diegene wat Islam as 'n kompromielose, imperialistiese godsdiens wil stereotipeer. Sy doel is dus om te konfronteer en te weerlê. Hierdie konfrontasie is nie beperk tot die tema en inhoud van sy boek Islam Revealed nie, maar kom ook tot uitdrukking in sy publieke optrede en sy kleredrag.

In 'n persoonlike onderhoud het Shorrosh erken dat hy tydens sekere openbare geleenthede gekleed gaan in tradisionele Arabiese drag, juis om 'n reaksie by die Moslemgemeenskap los te maak. Hy sê dat laasgenoemde hom as 'n verraaier van die godsdiens (Islam) van die Midde-Ooste sien. Volgens hom is daar by die mense van die Midde-Ooste 'n verkeerde persepsie dat alle Arabiere Moslems moet wees en omgekeerd. "They believe that if you are a non-Arab you cannot be a Muslim" (The Muslim Digest 1989:38). Sy doel is om daardeur die veronderstelde illusie by Moslems te vernietig dat alle Arabiere noodwendig Moslems moet wees.

Ten opsigte van die inhoud en voordrag van Shorrosh se lesing tydens sy besoek aan Suid-Afrika en optrede in Kaapstad, sê 'n joernalis: "Dr Shorrosh's speech was described by Sheik Shahied Satardien, as a "heavy attack on Islam" (Cape Times 1990:1). Die motivering, gebeure en verskillende reaksies op sy besoek aan Suid-Afrika word verder onder 6.3.5, 6.3.6 en 6.3.7 van hierdie hoofstuk bespreek.

#### 6.3.2. KLEMVERSKUIWING BINNE DIE DEBAT.

Dit is belangrik om daarop te let dat Shorrosh in sy debatvoering met Deedat daarin geslaag het om sistematies die kern van die debatvoering weg van Christelik-gesentreerde kwessies te

neem. Hy verplaas nou die middelpunt van debatvoering na dít wat deur die Moslem as waar en heilig beskou word, nl. die Qur'an en die profeetskap van Mohammed.

Die sukses van hierdie klemverskuiwing word weerspieël in die onderwerpe van die debatte wat Shorrosh en Deedat onderneem het. In die eerste debat (Londen, Engeland) was die onderwerp: Is Jesus God?, wat uitsluitlik oor die Goddelikheid van Jesus Christus gehandel het. Die tweede debat (Birmingham Engeland), se onderwerp was: The Qur'an or the Bible: Which one is the Word of God? Hier sien ons vir die eerste keer in die debatvoering van Deedat dat sekere dimensies van Islam ook in 'n openbare debat bespreek word. Tydens Shorrosh se besoek aan Suid-Afrika was die titel van sy lesings The Bible or Qur'an: Which is God's Word?. Dit verteenwoordig 'n klein maar subtiele verandering, deurdát dit die Bybel voor die Qur'an plaas.

Die onderwerp van die derde debat wat, soos reeds aangedui, nog moet plaasvind, is The Qur'an: Word of God or Mohammed?

Voor die Birmingham debat en Shorrosh se koms na Suid-Afrika was die temas van Deedat se debatvoering dus feitlik uitsluitlik rondom aspekte rakende die Christelike godsdiens soos wat in hoofstuk 3 aangetoon is. Daar het egter op Shorrosh se inisiatief 'n beduidende klemverskuiwing ten opsigte van die temas van Deedat se debatvoering ingetree.

Daar is aanduidings dat hierdie klemverskuiwing nie die breë Moslemgemeenskap se goedkeuring wegdra nie. Daar is verdeeldheid oor die vraag of Deedat as 'n Moslemteoloog gesien kan word:

Everyone knows that Ahmed Deedat is neither a scholar nor student of the Qur'an. His very pronunciation of Arabic is wanting. He knows no Arabic yet he had the audacity to

debate Anis Shorrosh on "The Qur'an or the Bible: which is God's word?" (Makki 1989:42).

Daar kan met redelike sekerheid gesê word dat Shorrosh die eerste persoon is wat dit reggekry het om die inisiatief uit die hande van Deedat ten opsigte van debatvoering te neem en hom op die verdediging te plaas.

### 6.3.3. POLARISERING.

Dit was deel van Shorrosh en sy Suid-Afrikaanse toerorganiseerders (Die AGS van Suid-Afrika) se strategie om 'n mate van polarisering tussen die verskillende Moslemgroepe te laat plaasvind en voort te bou op die toenemende bevraagtekening (vanuit sekere Moslemkringe) van Deedat se vermoë om as leier van die IPCI voort te gaan.

Voorbeelde van hierdie bevraagtekening vind ons in die Muslim Digest van Junie/Julie 1989 waarin 'n lys verskyn van persone wat nie meer bereid is om saam met Deedat te werk nie onder die opskrif: "My disenchantment with Ahmed Deedat". Van die redes wat byvoorbeeld deur mnr Abdullah Deedat, Ahmed Deedat se broer, aangevoer word is:

"That I could never come to terms with the vulgar and rude mannerisms used by him to demonstrate certain points from the Bible" (Abdullah Deedat 1989:40).

Daar is ook 'n toenemende gevoel onder Moslems dat Deedat nie noodwendig pro-Islam is nie maar eerder 'anti'-ander godsdienste en dat sy optredes tot onnodige konflik en spanning aanleiding gee. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende uittreksel uit 'n koerantberig:

"Globetrotting Muslim preacher Ahmed Deedat, of Durban, has

been banned from Singapore for making disparaging remarks about the failure of Singapore Malays to convert Chinese to Islam (Sunday Times 1987).

#### 6.3.4. VERDEDIGING.

Soos reeds in hierdie hoofstuk genoem, is dit ook Shorrosh se doel om aspekte rakende die onderwerpe van Deedat te verdedig. Shorrosh se boek Islam Revealed is dan veral gerig op die debatte en literatuur van die I.P.C.I. en die persoon van Ahmed Deedat. Van al die modelle wat in hierdie studie behandel word, is dié van Shorrosh die enigste wat uitsluitlik sy antwoorde en betoog baseer op die argumente van Deedat.

Die ander modelle gaan breër en en behandel onder andere ook die argumente van ander Moslems.

#### 6.3.5. DIE GEBRUIK VAN DIE QUR'AN.

In sy debatte en boek maak Shorrosh ewe gemaklik van die Bybel as van die Qur'an gebruik om sy argumente te sterk. Die vraag is tot watter mate hy in die proses erkenning verleen aan die Qur'an as 'n gesaghebbende boek. Shorrosh self sê dat die gebruik van die Bybel deur Deedat aandui dat laasgenoemde die Bybel as gesaghebbend beskou: "The appeal to the Bible in this manner implies that the Bible is divinely inspired, and uncorrupt" (Shorrosh 1988:75).

Die gebruik van die Qur'an moet egter ook verstaan word teen die agtergrond van Shorrosh se uitspraak in 'n debat teen Deedat in 1988, waarin hy sy betoog eindig met die woorde: "The Qur'an is the word of God, only where and when it agrees with the Bible" (Shorrosh 1988). Dit is dus presies 'n spieëlbeeld van Deedat se siening en gebruik van die Bybel.

Deedat gebruik die Bybel om aan die een kant Christene te verwar en twyfel te saai terwyl hy aan die anderkant Moslems bemoedig en toerus met argumente vanuit die Bybel, teen die stellings van Christene. Die ruim gebruik van die Qur'an wys daarop dat Shorrosh sy boek nie net tot 'n Christengehoor rig nie, maar ook tot die Moslemwêreld.

#### 6.4. SHORROSH SE WEERLEGGINGS VAN DEEDAT.

Die debatte en boek van Shorrosh is feitlik uitsluitlik gerig op die neutralisering en weerlegging van Deedat se betoog, soos wat ek in Hoofstuk 3 uiteengesit het. Sy boek vorm dan ook die basis van sy argumente wat teen Deedat gebruik is.

##### 6.4.1. 'IS MOHAMMAD MENTIONED IN THE BIBLE?'.

Die eerste argument van Deedat wat Shorrosh in sy boek aansny, is: "Is Mohammad mentioned in the Bible?". Hierdie hoofstuk is 'n antwoord op die publikasie van Deedat (1988), Is Mohammad foretold in the Bible?, wat ek in 3.4.4. bespreek het. Shorrosh behandel slegs dié verse wat op Deedat se argumente van toepassing is. Hy gebruik hoofsaaklik die Bybel en sy persoonlike uitleg daarvan ter staving van sy argumente.

Shorrosh begin sy betoog deur te verklaar dat as God Almagtig 'n profeet sou stuur wat groter as Christus in statur sou wees, ons sekerlik daarvan in die Ou Testament en nog meer in die Nuwe Testament sou geles het:

If Mohammad was the Seal of the Prophets, it would be strange for God not to have told us to look for and obey the coming Prophet (Shorrosh 1988:74) .

Hy behandel die volgende verse wat deur Deedat gebruik word:

a. Genesis 49:10. "Die septer sal uit Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo

kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees".

Deedat (1988) verwys hier na die woord 'Juda' wat geëerde in Hebreeus beteken, dieselfde as die naam van Mohammed in Arabies. Shorrosh wys die leser daarop dat in die konteks van die vers, dit pertinent na die afstammeling van Juda verwys en dat die Silo uit hierdie stam gebore sou word. Mohammed was duidelik nie Joods nie maar is uit die Quraish-stam gebore.

b. Deut 18:15 en 18; "Die Here jou God sal 'n profeet onder jou na vore laat kom, een van jou volksgenote. Hy sal soos ek wees. Vir hom moet jy gehoorsaam" en "Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat ek hom beveel".

Deedat (1988) maak twee afleidings van hierdie verse. Eerstens dat die profeet uit die nageslag van Ismael sou kom en tweedens dat die persoon soos Moses moes wees. Shorrosh volg die weg wat die Christendom en die Judaïsme volg in die aanname dat die Bybel hier na die seun Jakob en sy nageslag verwys aangesien die Seun Isak die enigste kind van Abraham en Sarah was.

Shorrosh erken dat daar tweedens sekere vergelykings tussen Mohammed en Moses getref kan word, maar sê hy; "These correlations prove nothing" (Shorrosh 1988:76). God self, volgens Shorrosh (1988:76), verklaar in die Evangelies dat hier na Jesus verwys word en dat Deuteronomium 18:15 met Markus 9:2 en Lukas 9:35 vergelyk moet word, veral waar beide sê; "Luister na Hom".

c. Psalm 45:3-5. "Gord U swaard aan die heup, o held." In Islam is Mohammed bekend as die profeet van die swaard. Shorrosh ontloot die argument deur die leser op die konteks



waarbinne vers 7 die gedeelte plaas, te wys: "U troon o God, is vir ewig en altyd":

Muslims never claim that Muhammad was God. Futhermore, Hebrews 1:8-9 clearly states that verse six is an address to Christ (Shorrosh 1988:77).

d. Jesaja 21:7. "en sien hy 'n stoet ruiters , twee aan twee, 'n stoet esels, 'n stoet kamele..."

Volgens Deedat (1990:15) verwys hierdie gedeelte na die koms van Jesus in Jerusalem op 'n donkie en die kameel na die profeet Mohammed. Shorrosh wys hier weer eens op die konteks waarin die vers staan en dat dit nóg na Jesus, nóg na Mohammed verwys, maar na die aankondiging van die val van Babel.

e. Johannes 14:16. "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid".

Moslems glo (Baar 1980:77) dat deur die gebruik van die woord 'parakletos' vir trooster, Jesus hier die koms van Mohammed aankondig<sup>1</sup>. Shorrosh (1988:80) wys die leser op die volgende:

- i. Die woord parakletos het geen verband met die profeet van die swaard (Mohammed) nie. Inteendeel, dit beteken helper, trooster en advokaat.
- ii. Die Parakletos is deur Jesus gestuur - 'n aspek wat nie deur Moslems erken sal word nie.

---

<sup>1</sup> Die argument word soms deur Moslems gebruik dat Christene die Griekse teks van die Nuwe Testament verdraai het deur die oorspronklike teks "periklutos" (Die gepresene = Mohammed) na parakletos te verander. Die Christene sou dit doen om die voorstelling van Muhammed uit te wis of toe te smeer (Cragg 1985 :257).

iii. Die werk van die Parakletos is om Jesus te verheerlik en om die werk te doen wat Christus Hom gestuur het om te doen (Johannes 16:14-15).

Shorrosh (1988:81) sluit hierdie gedeelte af met die stelling dat daar geen verwysing van of na Mohammed in die Bybel is nie, maar aan die anderkant dat:

Christ Jesus is found in the Quran. And what it says about Him places Him far above the founder of Islam.

Shorrosh maak in hierdie gedeelte hoofsaaklik van die Bybel gebruik om sy argumente te staaf. Die verwysings na die Qur'an is meer op die persoon van Jesus gerig en sy posisie in die Qur'an, as wat die Qur'an gebruik is om die argumente rondom die persoon van Mohammed te staaf.

#### 6.4.2. 'JESUS CHRIST ACCORDING TO ISLAM'.

Hoofstuk 3 (bladsy 82 - 106) van Shorrosh se boek sluit aan by die onderwerp "Is Jesus God?" (Deedat 1985), wat later in sy boek meer volledig behandel word. In teenstelling met die vorige hoofstuk gebruik Shorrosh hier feitlik uitsluitlik die Qur'an om sy argumente te staaf en motiveer as volg:

Islam recognizes Christ Jesus to be far more perfect and sinless than any human being ever has been or could be. The Qur'an itself does not give any prophet, not even Mohammed, any of those special characteristics pertaining to Christ (Shorrosh 1988:82).

'n Groot deel van die hoofstuk word gewy aan aanhalings uit die Qur'an wat na Jesus verwys. Aspekte soos die maagdelike geboorte van Jesus (Sura 19:19-21), word hier genoem. Ook dat Hy sou praat vanaf geboorte (Sura 19:29-30), bonatuurlike kennis sou hê (Sura 3:49), geseënd was (Sura 19:31), met die Heilige Gees vervul was (Sura: 2:253), sondeloos (Sura 19:19-21), Woord van God (Sura 4:171), middelaar (Sura 3:45), soos Adam (Sura 3:59), dienskneg (Sura 19:30-32), geskep het (Sura 5:110),

mense genees en uit die dood opgewek het (Sura:3:49), gesterf het (Sura 4:157, 19:33, 3:55) opgevaar het en weer sal kom (Sura 3:55).

Die hoofstuk word afgesluit met 'n vergelyking tussen Jesus en Mohammed, eerstens ten opsigte van hulle lewe en dan wat die Qur'an oor albei te sê het. Shorrosh (1988:101) wys die leser daarop dat daar 97 keer in die Qur'an na Jesus verwys word terwyl Mohammed net 25 keer genoem word.

Shorrosh beweer dat naas die Bybel, die Qur'an die meeste na Jesus verwys. Die rede hoekom hy nie die volle waarheid aangaande Jesus te wete gekom het nie, is toe te skryf aan:

The major problem in Mohammed's misunderstanding of the full truth of who Jesus is could be related to the fact that Mohammad's information came neither from true Christian believers, nor the New Testament Gospels. Rather it was acquired from Jewish fables as well as from local heretical Christian sects (Shorrosh 1988:101).

6.4.3. Hoofstuk vier, THE CRUCIFIXION: FACT OR FICTION?, is in antwoord op Deedat se publikasie, Crucifixion or Cruci-fiction?.

Shorrosh (1988:107) gee erkenning aan Deedat (1984:2) se stelling dat die Christelike geloof staan of val rondom die kruisdood van Jesus Christus en begin sy hoofstuk met 'n aanhaling uit 1 Korinthiërs 15:1-4:

Moreover brethren, I declare to you the gospel which I preached to you, which you also received and in which you stand, by which you are saved, if you hold fast that word which I preached to you - unless you believed in vain.

For I delivered to you first of all that which I also recieved: that Christ died for our sins according to the

Scriptures, and that He was buried, and that he rose again the third day according to the Scriptures.

Hiermee verklaar Shorrosh sy eie posisie ten opsigte van die aanvaarding van die Bybel as Woord van God en laasgenoemde se weergawe van die kruisgebeure.

Aan die begin van die hoofstuk verdedig Shorrosh dan nie die kruisgebeure as sulks nie, maar plaas eerder 'n vraagteken oor Moslems (en Deedat) se persepsie van dié gebeure na aanleiding van die Qur'an se uitspraak in Sura 4:156

And because of their saying: We slew the Messiah Jesus son of Mary, Allah's messenger-They slew him not nor crucified, but it appeared so unto them; they have no knowledge thereof save conjecture; they slew him not for certain.

But Allah took him up unto Himself. Allah was ever Mighty, wise.

Hier onderskei Shorrosh twee aspekte van belang. In die eerste plek die algemene opvatting van Moslems dat Jesus nie aan die kruis gesterf het nie en tweedens die gedagte dat daar moontlik 'n substituut vir Jesus aan die kruis gehang het.

Volgens Shorrosh is Mohammed se uitspraak in die Qur'an hier beïnvloed deur sekere pseudo-Christengroepe en die Jode wat geglo het dat Jesus in staat was om van gedaante te verwissel. Jesus sou dan volgens hierdie denkrigting sy gedaante op 'n ander persoon geprojekteer het, sodat dié in sy plek sou sterf: "Additionally, a great number of Jewish converts in Arabia during Mohammad's time believed that Christ was able to transform himself from one form to another" (Shorrosh 1988: 108).

Hy bevraagteken dus die korrektheid van openbarings in verband met die kruisiging van Jesus en wys die leser op die verskillende standpunte binne die Islam ten opsigte van die kruisiging

van Christus. Hy sê ook dat Deedat se standpunt oor die kruis en sterwe van Christus nie met dië van die Christendom of van Islam ooreenstem nie, maar eerder aansluit by die denke van die Ahmadiyya-beweging (Shorrosh 1988:113).

In sy gebruik van die Bybel en Qur'an diskrediteer Shorrosh nie die Qur'an in sy geheel nie, maar maak ook hier, rondom die onderwerp van die kruisiging, ruim gebruik van die Qur'an om sy standpunte te bevestig.

- i. Sura 2:87, wat sê dat Jesus wel gesterf het. Die Qur'an is egter onduidelik hoe Jesus gesterf het en daarom sê Shorrosh dat die leser na, "the Gospels as the original and only authentic sources on this subject" moet verwys (1988:115).
- ii. Sura 5:116-117, wat dit duidelik stel dat Maria nie deel van die drie-eenheid is nie.
- iii. Sura 19:53, wat verwys na Sy kruisdood en opstanding.
- iv. Sura 3:55, wat na die substitusie van Jesus aan die kruis verwys.

Met die gebruik van die Qur'an volg Shorrosh in die spore van Deedat wat die Bybel sowel as die Qur'an gebruik om sy standpunte te bevestig. In hierdie geval is die rol net omgekeerd.

Vanuit die Bybel wys Shorrosh die leser op:

- i. Genesis 3:15, wat dien as belofte en bewys van die mens se behoefte aan 'n Messias.
- ii. Psalm 22, wat meer as 'n duisend jaar voor die kruisgebeure geskryf is:

"My God, My God, why have You forsaken me?" were the very words Jesus uttered on the cross (Mark 14:24). "They pierced My hands and My feet" accurately describes the wounds of Jesus suffered when crucified (John 19:17-18). And finally, "They divide My garments among them, and for my clothing they cast lots" was fulfilled to the letter (Mark 14:24). A thousand years

before Christ was born these Scriptures were written!  
(Shorrosh 1988:118).

iii. In Jesaja 53, wat hy ook die vyfde evangelie noem, neem hy die leser na verse 5,7 en 9 wat respektiewelik in vervulling gegaan het in 1 Petrus 2:23-24 en Markus 15:42-47. Shorrosh verklaar nie die inhoud van hierdie teksverse nie maar kwoteer hulle in hul geheel om die leser op die ooreenkomste tussen die verse te wys.

iv. Sagaria 11:12-13 verwys na die verraad van Judas soos in Mattheus 26:14-16 beskryf word.

v. Met verwysing na Sagaria 12:10 sê Shorrosh (1988:121):

The passage speaks of both the first and second advances of our Lord. "Then they will look on Me whom they have pierced", indicates Jesus' first coming. The verse predicted that the Jews at some time will repent of their rejection of their Messiah and mourn for Him as one mourns for his "only son" as they realize He is the Heavenly Father's "only Son".

vi. Die verwysing na Miga 5:2 en Maleagi oor die geboorteplek in Bethlehem en koms van Christus, het niks met die onderwerp van die kruis te doen nie. Dit lyk eerder of Shorrosh dit hier wil gebruik om die Bybelse korrektheid oor die koms en lewe van Jesus te bewys.

Vervolgens verwys Shorrosh (1988:124) na die aansprake van Jesus self waarin Hy sê dat Hy sou sterf en opstaan op die derde dag, sodat ander kan lewe. Teksverse wat hier deur Shorrosh gebruik word is Mattheus 16:21-23, Markus 8:31 en Lukas 9:22 en Johannes 3:14-16. Hy skryf:

The unfathomable love of God is demonstrated by Christ's unconditional love for all sinners who believe, repent, and trust Him as the one who paid for our sins. The entire Christian faith can be summarized in this one verse, John 3:16, "For God so loved the world that He gave His only begotten Son, that whoever believes in Him should not perish but have everlasting life" (Shorrosh 1988:125).

In die sinoptiese evangelies word verder van slegs enkele verse gebruik gemaak om na die kruisiging en dood van Jesus te verwys. Hierdie verse is Markus 15:1-43, Lukas 22:66 en 23:43.

Laastens verwys Shorrosh (1988:131) die leser op die werke van sekere geskiedskrywers soos die van Flavius Josephus en Lucianus, 'n Griekse historikus wat skryf: "The Christians continue to worship that great man who was crucified in Palestine because he brought a new religion into the world" (1988:133). Shorrosh volg hier die voorbeeld van Deedat deur ook na ander bronne as die Bybel en Qur'an te verwys ter staving van sy argumente (sien Hoofstuk 3).

6.4.4. Hoofstuk vyf tot sewe handel oor die vraag in Deedat se boekie "Is the Bible God's Word?" en die debat oor die onderwerp "The Qur'an or the Bible - Which is God's Word?". Dit is ook of Shorrosh nie meer hier dieselfde aandag aan die argumente van Deedat skenk nie, maar eerder oorgaan tot 'n meer aggresiewe benadering deur, soos hy dit stel "Islam Revealed" (Shorrosh 1988:138).

In hoofstuk vyf behandel Shorrosh Islam as 'n godsdiens en wys die leser daarop dat die ontstaan en voortbestaan van Islam direk gekoppel is aan die profetiese uitsprake van Mohammed soos opgeteken in die Qur'an (Shorrosh 1988:140). Dit is dan ook om hierdie rede dat Shorrosh die gesag en oorspronklikheid van die Qur'an en die profetiese uitsprake van Mohammed probeer ondermyn deur dit te tipeer as:

- a. 'n Swak weergawe van die Ou Testament (:140-146)
- b. Afgeskryf van Joodse volksoorleweringe (:146-150)
- c. Saamgestel uit verhale van die Nuwe Testament (:150-152)
- d. Deurspek met Apokriewe fabels (:152-154)
- e. beïnvloed deur Christelike sektariese neigings (:154-155)
- f. Verwant aan verhale uit die heidendom (:155-159).

Die algemene trant van Shorrosh se betoog kom in die onderstaande paragraaf duideliker na vore:

Any reader of the Qur'an familiar with the Old Testament discovers that the names and events of the Old Testament books are definitely copied in the Qur'an. However, often the stories in the Qur'an are garbled and confused. Mohammad must have heard these stories from his Jewish friends in Medina, where he lived during the time he said he received most of the revelations which became the Qur'an. His seventh and ninth wives were Jewesses. His first wife had a Christian background. The eighth wife, Miriam was part of a Christian sect. They undoubtedly shared with him much of the Old and New Testament literature, drama and prophetic stories (Shorrosh 1988:140).

Die laaste gedeelte van die hoofstuk word gewy aan die minderwaardige posisie van die vrou in Islam en die gebruik van geweld in die uitbreiding en behoud van Islam.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n kort oorsig oor redes vir die groei van Islam.

In Hoofstuk ses: 'The Qur'an Exposed', bou Shorrosh voort op die onderwerp van debattering deur Deedat Is the Bible the Word of God?. Die benadering is hier ietwat anders aangesien hy nie hier probeer om vrae rondom die Bybel te beantwoord nie (dit word in die volgende hoofstuk gedoen), maar eerder op aspekte rondom die Qur'an te konsentreer. Shorrosh probeer om, met dieselfde benadering en styl as Deedat, na die Qur'an te kyk. Die leser word onder andere op die foute in die Qur'an gewys en die persoon van Mohammed word weer eens hier bespreek, veral ten opsigte van die veronderstelde ongeletterdheid van Mohammed.

In Hoofstuk sewe (The Bible), behandel Shorrosh (1988:225) sekere algemene vrae in verband met die verskillende denominasies in die Christendom en oor die Bybel, soos die verskil-



lende vertalings en die aanspraak uit Moslemkringe dat die oorspronklike Bybel vervals sou wees.

Shorrosh (1988:222) werk vanaf die vertrekpunt dat Moslems in die algemeen die Bybel as korrup (foutief) beskou en selfs die bestaan van die Tora en Injil as geïnspireerde oorspronklike geskifte bevraagteken. In sy verweer sê hy dat God sekerlik oor die vermoë beskik om die bogenoemde twee geskifte vir die mensdom te bewaar, net soos God (volgens die Moslem) die Qur'an vir veertien honderd jaar bewaar het.

Hy wys ook daarop dat Deedat se argument (Deedat 1983:7) rondom die verskillende vertalings van die Bybel kortsigtig en inkonsekwent is en dat Deedat se argumente net so op die Qur'an, wat reeds in meer as vyftig vertalings beskikbaar is, toegepas kan word. Vervolgens vra Shorrosh wanneer hierdie veronderstelde korrupsie van die Bybel plaasgevind het. Indien dit voor die koms van Mohammed was, sit die Moslem met 'n dilemma deurdat die Qur'an Mohammed pertinent na die gesag van die Geskifte verwys:

And argue not with the people of the Scripture unless it be in (a way) that is better save with such of them as do wrong: We believe in that which hath been revealed unto us and revealed unto you (Sura 29:46).

Korrupsie kon dus nie voor die koms van Mohammed ingetree het nie, aldus Shorrosh. Indien korrupsie daarna plaasgevind het, is dit 'n swak refleksie op die Qur'an wat bewaarder van die Geskifte moet wees. "...such a claim would indict the people of the Qur'an for neglecting the most important reason for which the Qur'an was given" (1988:226):

Lo!, even We, reveal the Reminder, and lo! We are verily its Guardian. It is the law of Allah which hath taken course aforetime. Thou wilt not find for the law of Allah aught of power to change....

And recite that which hath been revealed unto thee of the Scripture of thy Lord. There is none who can change His words, and thou wilt find no refuge beside Him (Sura 15:9).

#### 6.4.5. TEN SLOTTE.

Die laaste drie hoofstukke bevat die inhoud van die debat tussen Deedat en Shorrosh op die onderwerp 'Is Jesus God?' en antwoorde op vrae wat tydens die debat deur die gehoor gevra is.

#### 6.5. REAKSIES OP DIE AKTIWITEITE VAN SHORROSH.

Reaksie van die Moslemgemeenskap teenoor die bediening van Shorrosh is tot 'n groot mate gemik teen die inhoud en aanbieding van sy lesing in Kaapstad en die weiering van Deedat om teen hom te debatteer.

##### 6.5.1. REAKSIE VAN DIE MOSLEMGEEMEENSKAP.

Sy besoek aan Kaapstad het 'n baie negatiewe reaksie onder die Moslemgemeenskap veroorsaak en na aanleiding van sy lesing sê David Marrs: "Dr Shorrosh's speech was described by Sheik Shahied Satardien, as a 'heavy attack on Islam' and provocative" (Cape Times:3).

In 'n artikel deur Kurt Swart (1990:2) van die Sunday Times word berig dat Satardien verder gesê het dat Shorrosh na Suid-Afrika genooi is om met 'n veldtog teen Islam te begin en dat hy: "Warned Dr Shorrosh that Cape Town Muslims were militant and quick to anger".

Die Muslim Judicial Council het 'n meer gematigde houding ingeslaan en teen die voorval eerder as die inhoud of optrede van Shorrosh se lesing gepraat: "Imam Ali Gamielien last night condemned the incident, since the MJC believes in tolerance" (Cape Times 1990:1).

Brian King, verslaggewer van die Sunday Tribune, se onderhoud met die Moulana Abdul Hadi Al Qaderi, 'n uitvoerende beampte van

die Jihad Movement of South Africa<sup>2</sup>, bring die volgende aspekte na vore (King 1990:5):

- a. Hulle sien Shorrosh as 'n "trouble maker".
- b. Shorrosh se opmerkings oor die profeet Mohammed was verkleinerend.
- c. Die bewoording van die lesing ('The Bible or the Qur'an: Which is God's Word?') "was also objectionable because it suggested that Muslims did not believe in the original revealed commandments to Christ".

Ten opsigte van Deedat is daar persone binne die Moslemgemeenskap wat voel dat hy die saak van Islam skade aangedoen het deur nie die uitnodiging van Shorrosh te aanvaar om met laasgenoemde in Durban te debatteer nie:

Muslims were highly disgusted at Mr Deedat's avoiding to debate Dr Shorrosh after an open invitation was made to Deedat, especially because Dr Shorrosh had just delivered an objectional lecture in Cape Town. Besides, with Mr Deedat's claim of having defeated Dr Shorrosh of the Qur'an and not the Bible, being the word of God, Dr Shorrosh could have been exposed once and for all (Makki 1990:28).

Die redakteur van die 'Muslim Digest', Mohammed Makki sê in dieselfde artikel dat:

Muslims fail to understand that while, on the one hand, Mr Deedat stated that he was prepared to debate Dr Shorrosh 'any time' on a mutually agreed subject, he also stated that the debate with Dr Shorrosh was unacceptable (Makki 1990:28).

Die rede vir hierdie huiwering om in verdere openbare debatte met Shorrosh op te tree word deur E.M. Mohammed (1990:29) van Chatsworth beskryf as: "It would become quite

---

<sup>2</sup> Politieke beweging wat sy oorsprong in Durban het.

clear that Mr Deedat could not answer Dr Shorrosh's false charges against Islam because Mr Deedat's knowledge of the Qur'an and Islam was sadly inadequate".

A M Adams van Overport sê ook dat Deedat vir jare openbare debatte teen predikante, priesters en NG-lede gesoek het. Hy het selfs in April 1988, aldus Adams, 'n skimdebat teen Shorrosh in Durban, gehad:

If he indeed defeated Dr Shorrosh in Birmingham, then why was he ducking the evangelist? The Muslim community has had enough discord and misunderstanding with Christians and Hindus through the utterings of Ahmed Deedat. It is about time that he stopped his unIslamic tactics as I am sure that the Qur'an forbids the vilifying of the beliefs of others (Adams 1990:27).

#### 6.5.2. REAKSIE VAN DIE CHRISTENGEMEENSKAP.

David Foster <sup>3</sup> (1990) maak in 'n brief aan die organiseerders van Shorrosh se besoek aan Suid-Afrika beswaar teen sommige gebeure rondom die besoek. Dit is belangrik om daarop te let dat Foster nie teen die besoek as sodanig, die publieke optrede of inhoud van Shorrosh se vorige debatte gekant was nie. Sy besware lê op 'n ander vlak. Sy besware is drievoudig. Eerstens het hy beswaar gemaak teen die feit dat die eerste vyftien rye sitplekke slegs vir Christene gereserveer was:

Think for example how the general Muslim public feel when they hear or read of what happened. They will certainly feel offended towards Christians, thus raising another barrier for us to overcome in our witness to Muslims (Foster 1990).

Verskeie Moslems het dan ook na die reservering as diskriminerend verwys.

---

<sup>3</sup>) Foster is 'n Baptiste sendeling van Kanada wat in Durban die Evangelie aan Moslems verkondig.

Foster teken ook beswaar aan teen die feit dat daar gesing is, en veral teen wat gesing is. Hy voel dat Moslems na die byeenkoms gegaan het om na Shorrosh te luister en nie om aan 'n Christelike erediens blootgestel te word nie:

I would not object to singing if it had been songs emphasising love and peace etc., but the songs which kept being repeated were militant songs 'demons will have to flee' and triumphalistic songs - 'we have the victory'. If we were trying to encourage Muslims to hear our message, we must admit that we failed. Our crusader-type songs provoked defensiveness and anger (Foster 1990).

Derdens voel Foster dat die kansellering van die toer as gevolg van die bedreiging van Shorrosh se lewe 'n swak smaak nagelaat het. Dit het die indruk gelaat dat die Christene nie bereid is om te sterf vir dit wat hulle glo nie. Volgens die brief het 'n Moslem aan hom gesê: "We Muslims are prepared to die for our convictions. Why was Shorrosh not courageous enough to present his beliefs to the public regardless of threats?" (Foster 1990).

Foster erken later in sy brief dat Shorrosh wel gereed was om sy lewe te gee. Hierdeur wil hy sy kritiek rig teenoor die organiseerders en algemene Christenpubliek dat die onwilligheid om die vergadering tot sy volle konsekwensies te laat voortgaan, 'n beeld van Christen-lafhartigheid by die Moslems nagelaat het.

John Gilchrist (1990:2) voel dat hierdie reaksie te wagte was:

This predictably led to a militant Muslim reaction and attempts were made to assault him in Cape Town while his Durban meeting had to be called off because of the Muslim threats made on his life.

In 'n persoonlike onderhoud voor die besoek van Shorrosh was Gilchrist positief oor die besoek en het hy ook gesê dat die tyd aangebreek het vir 'n nuwe benadering tot die kommunikasie van

die evangelie aan Moslems. Of dit die benadering is waarna hy gesoek het, is egter te betwyfel. Soos ek in 4.3.1. aangetoon het, is hierdie juis nie die nuwe benadering wat Gilchrist in gedagte gehad het nie aangesien dit nie in die styl en metode van sy aanbieding pas nie.

Onder die opskrif "Violent fervour like this should not be tolerated", skryf J V Higson (1990:2) van Plumstead dat hierdie byeenkoms 'n ontnugtering vir baie Christene was. In plaas daarvan dat die Moslems die vergadering (wat deur Christene gereël was) verlaat toe hulle nie saamstem nie,

the majority of Muslims present shouted abuse and barracked the speaker. I have no doubt many honest and truly God-fearing Muslims were as sickened that night as the Christians (Higson 1990).

Die Christensendingorganisasie Frontline Fellowship reageer ook negatief teenoor die gebeure in Kaapstad. Na aanleiding van die besoek aan Suid-Afrika van 'n Amerikaanse Moslem, Dr. Khalid Al-Mansour in Oktober 1990, op uitnodiging van die IPCI, sê die redakteur Peter Hammond (1990:2):

At least he was accorded the freedom to propagate his views in Cape Town. Earlier this year the Arab Christian professor, Dr Shorrosh, was not so fortunate. Screaming Muslim mobs attack him leaving him covered in blood and prevented him from speaking at several venues until his speaking tour was cancelled. The intolerance of Muslims for other faiths does little to recommend their own views.

Harald Froïse, 'n voormalige Algemene Sekretaris van die Sudan Inland Mission, skryf in 'n persoonlike brief aan my:

I did not envy your task as Chairman of that unruly mob. At the end of the meeting I heard one person say 'If that is what Muslims are like, it is not for me!' (Froïse 1990).

Die Uitvoerende Raad van die AGS van Suid-Afrika het na afloop van die besoek van Shorrosh besluit om ruimte in die kerk in te rig vir 'n meer gespesialiseerde benadering tot die Moslem-wêreld. 'n Uittreksel uit die notule (90/11.7) van hierdie Raad se vergadering gehou op 15 Augustus 1990 lui soos volg: "Dat weë en middele gevind moet word om 'n volledige afdeling binne die Sendingdepartement te ontwikkel met die oog op bewusmaking en uitreiking na Islam".

#### 6.5.3. SHORROSH SE REAKSIE OP DIE GEBEURE IN SUID-AFRIKA.

Shorrosh koester geen illusies ten opsigte van die reaksie wat hy verwag van die kant van Islam oor sy metode en bevraagtekening van sekere kerngedagtes van Islam nie:

When you discuss Mohammed, you are either banished, beheaded or buried. Therefore I prepared for the debate by picking out a cemetery lot in Baldwin County. I expected to come back in a box (Shorrosh 1990:1).

In 'n faks aan The Citizen (30 Julie 1990) sê Shorrosh: The unfortunate incident at Cape Town last Tuesday does not represent for me the attitude of the Muslim community. It is not proper to judge the entire community because of these violent acts of few.

Shorrosh ontken dat hy beledigend is, of was. Na afloop van sy Suid-Afrikaanse toer, sê hy in 'n geskrewe verklaring aan die AGS van Suid-Afrika:

My intention was to challenge the intellect, inform and instruct, not to deceive or insult. Please be reminded that Mr Deedat has written and spoken freely and openly on the same topics (30 July 1990).

Shorrosh vra dat die tyd nou sal aanbreek dat Islam die muur wat rondom homself en sy volgelinge opgebou is, afbreek en deelneem

aan 'n gesprek wat nie net sal handel oor die Bybel en Christenverwante aangeleenthede nie, maar ook oor die Qur'an en die profeet Mohammed. Want per slot van rekening beroep beide die Christendom en die Islam hulle daarop dat hulle die God van Abraham aanbid.

Aangesien die twee grootste godsdienste van die wêreld mekaar opponeer, moet aanvaar word dat altwee nie reg kan wees nie. Gesprek oor die Bybel en die Qur'an as die Woord van God in die besonder, en oor die Christendom en die Islam in die algemeen moet gevoer word (Shorrosh 1988:231).

Hierdie gesprekke moet nie beperk word tot die terrein van die westerse samelewing nie maar wel ook in publieke terreine soos die Midde-Oosterse kampusse:

I am hoping for more lively debates on radio and television, more magazines and newspaper articles and books, and more large meetings on college and university campuses in the Arab world, as well as wherever the two religions meet (Shorrosh 1988:231).

#### 6.5.4. REAKSIE VAN DIE MASSA-MEDIA.

Daar was 'n lewendige belangstelling van die kant van die nasionale koerante soos The Citizen, The Star en Sunday Times. Provinsiale koerante soos die Cape Times en Sunday Tribune het die gebeure wye dekking gegee. Die berigging was deurgaans objektief.

Die rol van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) voor en tydens Shorrosh se toer is baie interessant, aangesien die SAUK aan die begin van die toer dekking verleen het in die vorm van 'n persoonlike onderhoud deur Hennie Duvenhage op 'Koms van die Koninkryk' (SAUK:1990). Die SAUK het egter geweier om enige nuusdekking aan die gebeure in die Kaap en Durban te gee.



Laasgenoemde saak is deur die AGS in November 1990 aan die regering voorgelê en tot op datum (November 1992) is nog geen antwoord oor die redes vir die selektiewe berigging gegee nie.

#### 6.6. INTERNE EVALUERING.

In die evaluering van Shorrosh is dit seker belangrik om te vra wat Shorrosh se eie doelstellings en dié van sy toerorganiseerders was ten opsigte van Shorrosh se literatuur en debatte met Deedat. 'n Vasstelling van die waarde van Shorrosh se werk en metodes is dus slegs moontlik wanneer hierdie doelstellings in ag geneem word.

##### 6.6.1. VERDEDIGING EN TOERUSTING.

Soos reeds voorheen genoem, wou Shorrosh 'n boek daarstel wat as die beste verdediging teen die aanvalle van Moslems (soos Deedat) kan dien. Hierdie boek en debatte het dus ten doel om Christene toe te rus met kennis oor die Islam en gelyktydig as verdediging te dien oor sekere dimensies van die Evangelie, soos die Goddelikheid van Jesus Christus en die Bybel as die Woord van God.

Omdat Shorrosh se boek eers onlangs op die mark verskyn het, kan die waarde daarvan vir die lidmaat nog nie werklik bepaal word nie. Dit is dus moeilik om op hierdie stadium te bepaal of Shorrosh werklik vir die Christen 'n werk daargestel het wat algemeen gebruik kan word. Daar is egter genoeg inligting in die boek om 'n redelike agtergrond oor die IPCI, Islam, die Qur'an en die Bybel te gee vir die persoon wat soek na antwoorde op die argumente van die IPCI, sonder om in onnodige teologiese kwessies en terminologie verstrengel te raak.

Of Shorrosh enige effek op die kort termyn gaan hê ten opsigte van die 'immunisering'<sup>4</sup> van die massas teen die argumente van

---

<sup>4</sup> Onvatbaar maak vir en weerstand opwek teen die inwerking van bepaalde invloede.

die IPCI, is te betwyfel, aangesien hy 'n relatiewe laatkommer op die toneel is en gevolglik redelik onbekend binne die Christengemeenskap.

#### 6.6.2. BEWUSMAKING.

Sy toer was ten opsigte van bewusmaking van die teenwoordigheid van Islam in Suid-Afrika 'n redelike sukses. Hiervan getuig die mediadekking (Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie uitgesluit) en reaksies soos onder punt 6.4. bespreek. Die relatiewe sukses was nie soseer te danke aan die inhoud of aanbieding van sy materiaal nie, as wat die reaksie van die Moslemgemeenskap die kollig opnuut op die potensiële plofbaarheid van intergods-dienstige verhoudinge in Suid-Afrika laat val het.

#### 6.6.3. POLARISERING.

Deedat word deur Mohammed Makki, redakteur van die Muslim Digest, gekritiseer vir die rol wat hy speel om die Qur'an bloot te stel aan bespreking en kritiek deur diegene wat buite Islam staan. Deedat se kennis van die Qur'an word ook bevraagteken: "...does it mean that Mr Deedat's lack of Islamic knowledge, as referred to by the above correspondence, would have been exposed instead?" (Makki 1990:29).

Die gebeure rondom die toer van Shorrosh het daartoe bygedra dat bestaande verskille onder Moslems oor die rol van die IPCI verder beklemtoon is en dat die rol van Deedat as verteenwoordigend van die breër Moslemgemeenskap bevraagteken word.

#### 6.6.4. KLEMVERSKUIWING.

Shorrosh het op hierdie manier waarskynlik bygedra tot die oënskynlike koersaanpassing van die kantoor van Deedat deurdat die IPCI nou meer op sake rakende die Moslemgemeenskap konsentreer as om betrokke te raak by nuwe debatte rondom Christelike standpunte en die publisering van nuwe literatuur gemik teen die kerk van Jesus Christus. 'n Ander faktor wat hiertoe kon bydra is Deedat se ouderdom.

Sedert die laaste openbare debat tussen Shorrosh en Deedat in Engeland (1989), het laasgenoemde tot nog toe (Augustus 1991) nog nie weer persoonlik 'n openbare debat oor die onderwerp van die Bybel as die Woord van God, gevoer nie. Ook het daar geen nuwe literatuur rakende Christendimensies die lig gesien nie.

Sedertdien konsentreer Deedat hoofsaaklik op ander sake soos die Palestynse kwessie, die verspreiding van die Qur'an en liefdadigheidswerk.

#### 6.6.6. SAMEVATTING.

Die gebeure rondom Shorrosh vra van Christene in Suid-Afrika om opnuut na hulle verhouding met die Islam te kyk en 'n her-evaluering van hulle metodes en strategieë te maak. Dit het duidelik geword dat persone en instansies soos Foster, Gilchrist en Life Challenge die potensiële ploffbaarheid van Shorrosh se toer heeltemal onderskat het en dat die organiseerders en bogenoemde persone nie gereed was om hierdie reaktiewe karakter van Islam te hanteer nie. Of die metode van konfrontasie enige werklike waarde het, is debatteerbaar. Aan die een kant dra dit by tot verdere polarisasie van die godsdienstgemeenskap en maak dit wedersydse kommunikasie op die lang termyn moeiliker.

Volgens die redakteur van The Muslim Digest was die toer van Shorrosh "...ill-advised for the simple reason that it could not have come at a more inappropriate time when there are so many factors creating conflict and turmoil in our country, to be added with religious controversy among Muslims and Christians" (Makki 1990:24).

Geweld het ongelukkig 'n algemene en erkende kommunikasie-medium in Suid-Afrika geword en die aanval op Shorrosh moet aan die een kant in die lig van die huidige (1990's) sosiopolitieke klimaat van Suid-Afrika gelees word. Dit is nie meer vreemd dat

politieke vergaderings (The Citizen 1991:1) en sportbyeenkomste (Sunday Times 1991:23) met geweld ontsier word nie. Geweld tydens godsdienstige byeenkomste is in hierdie sin maar net nog 'n slagoffer van die tyd.

Die aanval op Shorrosh, die voortgesette dreigemente teen die lewe van Rushdie en die moord op die Japanese vertaler van Satanic Verses (Transvaler 1991:4), gee net meer stukrag aan 'n stereotipe onder Christene wat die Islam uitbeeld as 'n kompromielose, aggressiewe en bloeddorstige gemeenskap. Hoe meer hierdie stereotipe onder Christene posvat, hoe sterker word negatiewe en kontra-evangeliese tendense in die kerk wat Moslems eenvoudig as "die vyand" brandmerk.

Aan die anderkant het Shorrosh se pro-reaktiewe optrede skynbaar daartoe bygedra dat die stroom van negativisme en aggressie vanuit die IPCI - ten minste vir die huidige - gestuit is. Dit was ook 'n duidelike teken vanuit sekere Christenkringe dat daar nie saamgestem word met die metode, program of inhoud van die IPCI se aktiwiteite teen die Evangelie nie.

---

## HOOFSTUK 7

### 'n ALTERNATIEWE MODEL.

#### 7.1. INLEIDING.

Die geleentheid om die evangelie van Jesus Christus aan die Moslemwêreld te bring, is vandag een van die grootste uitdagings aan die kerk. Numeries verteenwoordig Islam die grootste onbereikte godsdienstblok in die moderne wêreld (McCurry 1979:13) en het as gevolg hiervan ook as 'n politieke faktor sterk op die voorgrond begin tree (Ford 1979:5).

Ten opsigte van die kerk se benadering tot Islam is dit vir Christene belangrik om te verstaan dat Islam nie net 'n godsdienst is nie maar 'n lewenswyse wat alle fasette van Moslems se lewe beïnvloed (Laffin 1988:1). In die Weste, waar veral die Evangeliese-en Pinksterchristene 'n duidelike onderskeid tussen die staat en kerk tref (Clark 1992:2), is dit soms moeilik om Islam en die invloed op Moslems se sosio-politieke lewe te verstaan. Vir Moslems is Islam nie net 'n godsdienst nie, maar 'n oorkoepelende lewenswyse (Nicholls 1979:155).

Tot 'n groot mate is die dryfkrag agter Islam een van reaksie en verwerping. Alhoewel hierdie invloede negatief mag voorkom, is dit werklike faktore wat sterk na vore tree, soos byvoorbeeld met sommige Moslemlande se opponering van ander godsdienste en politieke sisteme. Dit wil voorkom asof hierdie lande in reaksie is teen imperialistiese indringing, kommersiële uitbuiting en Christen-missionêre aktiwiteite. Die regering van die Ayatollah Khomeini in Iran was 'n voorbeeld hiervan. Hy reageer teen Westerse kulturele en sosiale waardes wat onder die bewind van die Shah in Iran ingevoer is. In die proses verwerp hy nie net die waardes nie, maar ook die oorsprong daarvan:

For him, as for all Islamic fundamentalists, everything that comes from the Christian West is decadent, immoral and ungodly (Laffin 1988:7).

Hierdie reaksie, gekoppel aan ongelukkige gebeure soos die Kruistogte en eeue van disputasie (sien Hoofstuk 2), dra daartoe by dat Islam sy verhouding met ander godsdienste sien as een van: "to prune, correct, purge and complete them" (Cragg 1984:10).

Dit is teen hierdie agtergrond wat Deedat as persoon, en Deedat as fenomeen gesien moet word. Deedat is nie uniek in wat hy verteenwoordig en deur die IPCI bewerkstellig het nie. Soos reeds aangetoon, staan hy in 'n eeue-oue tradisie van polemieë tussen Moslems en Christene. Enige waardebevestiging van die verskillende Christelike modelle in hierdie studie, en die oorweging van alternatiewe, moet egter teen die agtergrond van die tyd waarin ons beweeg, gedoen word.

## 7.2. DEEDAT - WAT HET HY VERMAG?

In hoofstukke 2-6 het ons gekyk na Deedat se publikasies en debatte asook sommige Christene se reaksie daarop. Dit is egter belangrik om nie in isolasie na die persoon van Deedat en sy publikasies en debatte te kyk nie, maar om hom ook te sien as 'n historiese fenomeen in Christen-Moslem verhoudings wat alreeds was en wat weer in die toekoms te voorskyn sal kom. In die lig van die besondere aard en geskiedenis van die verhouding tussen Christene en Moslems lyk dit waarskynlik dat figure soos Deedat telkens weer na vore kan tree.

### 7.2.1. DIE IPCI EN SY PUBLIKASIES.

Islam, meer as enige ander godsdienst, is so saamgestel dat dit die essensie van Christene se geloof direk aanspreek en uitdaag:

Islam has often been a disturbing, threatening, alarming reality for Christendom; and in fact for most Christians it still remains a sinister phenomenon, despite (and because of) our geographical nearness to it (Küng 1986:19).

Islam, as die enigste post-Christelike wêreldgodsdienst, beskou die Qur'an - en nie die Bybel nie - as die finale openbaring; Mohammed - en nie Jesus nie - as die laaste profeet en ontken enige goddelike aansprake in verband met die persoon van Jesus.

Deedat, as Moslem, volg hierdie patroon na om deur middel van sy publikasies en debatte ook die hart van die kerk uit te daag. Hy dwing die kerk om te sê wat, en òf, dit werklik glo. Die feit dat Deedat se publikasies en opnames van debatte (hoofstuk 3) internasionaal in aanvraag is, is genoegsame bewys dat Deedat sekere leemtes in sy eie godsdienswêreld raakgesien en alternatiewe ontwikkel het.

#### 7.2.1.1. Simplisties.

Die sukses van Deedat se publikasies lê nie in die uniekheid of akademiese kwaliteit van sy publikasies nie (soos in vorige hoofstukke uitgewys). Intendeel, die gewildheid van sy publikasies is eerder te vind in die gemaklik en leesbare wyse waarop Deedat bogenoemde kernaangeleenthede uitlig, opsom en op die man af antwoord. Deedat het dus 'n tipe volksteologie ontwikkel wat Moslems in staat stel om hulleself aggresief teen "gospel mongers" (Deedat 1980:62) te verdedig en met selfvertroue oor betrokke godsdienensaspekte te kan praat. Hierdie volksteologie is nie noodwendig diepgaande teologies verantwoord nie, maar eerder 'n populêre vorm van uitdrukking en verantwoording van Moslems se godsdienstebelevens in 'n situasie waar hulle as 'n minderheidsgroep in 'n dominante Christelike kultuur lewe.

Van al die Christenreaksies op die IPCI wat in hierdie studie bespreek is, is die "QUR'AN AND BIBLE SERIES" van Gilchrist die enigste wat werklik hierdie kriteria ontmoet en op die mens-in-die-straat gerig is ten opsigte van effektiewe eenvoud. Gilchrist openbaar ook die vermoë om pro-aktief die argument weg te swaai van Deedat en die fokuspunt te swaai na Evangeliese kerngedagtes. Die nadeel van Gilchrist se bogenoemde publikasies is dat dit egter reaksionêr van aard is en nie net op die impulse van die IPCI reageer nie, maar soms ook aanvallend is teen die persoon van Deedat.

#### 7.2.1.2. Rolmodel.

In sekere Moslemkringe (Hoofstuk 3.1.) het Deedat in 'n gesogte spreker ontwikkel wat as persoon aan jonger Moslems identiteit verleen en deur hulle nagevolg word (Nehls 1992). Hy word dus, as persoon, 'n model wat nageboots word en vervul die rol van 'n kampvegter vir Islam wat sy mense van die aanslae van die kerk bevry. Hierdie rolvervulling tree duidelik na vore met die eerste lesing van Shorrosh waartydens Sheik Satardien (sien 6.3.1.) hoofsaaklik sy repliek op die argumente en spreekstyl van Deedat gebou het.

Geeneen van die drie Christenmodelle kon (of het ten doel gehad om) enigsins hierdie ekwivalente rolmodel van Christenkampvegter teen die Islam te vervul nie. Shorrosh kom miskien die naaste aan so 'n figuur maar die gebeure rondom die Suid-Afrikaanse toer het die kompleksiteit en eiesoortigheid van sy bediening beklemtoon en Shorrosh se hele aanbieding is ook te sterk gebou om sy eie nasionale agtergrond as 'n Arabiese Christen.

#### 7.2.1.3. Jihad van die pen.

Deedat voer 'n "jihad"<sup>1</sup> met die pen en sy styl is aggressief, aanvallend en dikwels verkleinerend. Sy argumente, soos in sy publikasies uiteengesit, is voldoende deur al drie Christenmodelle van hierdie studie beantwoord. Deedat se publikasies het egter 'n breër rykafstand en die drie modelle se neutraliserende invloed is minimaal in vergelyking met die sirkulasie en geografiese penetrasie van Deedat.

#### 7.2.2. DEEDAT AS FENOMEEN.

Deedat is egter ook verteenwoordigend van Islam as godsdiens en verteenwoordig 'n model van konfrontasie wat nie uniek aan hom

---

<sup>1</sup> "Jihad" is 'n verdedigende oorlog wanneer Islam bedreig word.



of sy tyd is nie. Hy staan eerder verteenwoordigend van 'n geskiedkundige (wan-)verhouding tussen die kerk en Islam: 'n Verhouding van ons teen hulle, ons is reg en hulle verkeerd. Hierdie polarisasie is ook beklemtoon deur 'n politieke bestel wat deur wetgewing aanleiding gegee het tot 'n Wit-apartheid-Christendom teen die res, met Islam as deel van en simpatiseerder met laasgenoemde.

Dit is dus belangrik dat daar nie net aandag aan die persoon van Deedat gegee word nie, maar ook aan die historiese fenomeen wat hy verteenwoordig. Hiervoor is Christelike selfkritiek in die lig van ander godsdienste nodig asook Christenkritiek van die ander godsdienste in die lig van die Evangelie.

Die vraag is dus nie net hoe die kerk behoort te reageer nie, maar ook hoe die kerk en Islam wederkerig deur die eeue gereageer het, en of die geskiedenis homself gaan herhaal.

### 7.3.1. DRIE CHRISTENMODELLE - DRIE BENADERINGS.

In hierdie studie is daar na drie modelle gekyk wat beide Deedat as persoon en hom as fenomeen aanspreek. Die modelle was suksesvol ten opsigte van die onderskeie interne doelstellings wat hulle aan hulleself gestel het. Die vraag of daar egter in die geheel gesien, gesamentlik of afsonderlik 'n ideale benadering na vore gekom het, word aan die hand van 'n alternatiewe model in 7.5. bespreek. Opsommend lyk die Christenmodelle as volg:

#### 7.3.1.1. Openbare konfrontasie.

Shorrosh poog om deur middel van 'n openbare platform die negatiewe stroom van IPCI publikasies en debatte te stuit. Om dit suksesvol deur te voer, skep hy openbare konfrontasie deur die Qur'an die middelpunt van debattering te maak. Die doel van van Shorrosh se optrede om:

- a. 'n duidelike boodskap aan Moslems deur te gee, dat indien Deedat sou voortgaan om disrespekvol van die Bybel en Jesus

te praat hy, Shorrosh, hom die reg voorhou om op dieselfde wyse oor die Qur'an en Mohammed te praat.

b. die IPCI sover te kry om hom toe te spits op dit wat die naam aandui, naamlik die propagering van Islam, en dus nie 'n anti-Christelike instansie moet wees nie.

c. polarisasie binne die Moslemgemeenskap te skep rondom die meriete van Deedat se optrede.

#### 7.3.1.2. Konfrontasie deur getuienis.

Nehls hanteer die argumente, soos vervat in die publikasies en debatte van Deedat, op 'n heel ander wyse. Hy skryf handleidings vir Christene teen laasgenoemde se argumente, wek individue op, rus hulle toe en stuur hulle na Moslems om die Evangelie te verkondig en in die proses, waar dit nodig sou wees, Deedat se argumente teen te spreek. In die proses:

a. stel hy die beste opleidingsmateriaal op wat op die Suid-Afrikaanse mark beskikbaar is.

b. laat hy 'n infrastruktuur na vir uitreiking na Moslems wat deur geen ander model geëwenaar word nie.

#### 7.3.1.3. Konfrontasie van kennis.

Gilchrist beweeg tussen die twee modelle en kom met 'n pro-reaktiewe benadering wat nie net daarop ingestel is om Deedat te antwoord nie maar om:

a. ook die Evangelie in die proses duidelik te maak en in kontras met Islam te stel.

b. publikasies te produseer wat gerig is op die mens in die straat.

c. opleiding te gee aan Christene in Moslemevangelisasie in die besonder, maar ook oor Islam in die algemeen.

#### 7.4. BENADERING TOT ISLAM.

Ongelukkig is die algemene reaksie van Christene op die uitbreiding van Islam (sien 7.1.) nie een wat bydra tot beter wedersydse begrip vir mekaar se standpunte nie en het 'n "deep-rooted

intolerance of and resentment against the Muslim" (Challen 1988: 13) deur die eeue ontwikkel.

Ontwikkelinge binne die kerk, soos die skeiding van gemeente en sending (sien 7.5.), het ook nie bygedra tot beter toerusting van die lidmaat en die bou aan kruisgodsdienstige kommunikasie-modelle nie. Dit het op sy beurt weer daartoe bygedra dat Christene teenoor aanhangers van ander godsdienste in aparte wêrelde leef en dat ook die akademiese bestudering van Christelike teologie afgesny bly van ander godsdienste:

More and more theologians nowadays consider it a disaster that as a result of the theological revolution after World War II, Christian theology on one side and the history of religion, the phenomenology of religion, and religious studies in general have gone their separate and often hostile ways (Küng 1986:xv).

Dit is 'n noodsaaklikheid dat 'n benadering met 'n multidimensionele karakter, wat beide op die kerk sowel as Islam gerig is, ontwikkel word. 'n Benadering van die kerk teenoor Islam vra vir die heroriëntering van verhoudinge tussen die twee godsdienste en die aanvaarding van Moslems as kultuurmense, wat leef onder 'n oorkoepelende sambreel - dié van Islam:

The complex interplay of economic, culture and political forces in any nation makes it difficult to understand these societies simply in terms of its different people groups (Lausanne:7).

#### 7.4. ONTMOETING EN REAKSIE.

Wanneer twee partye wat fundamenteel verskil mekaar met vooropgestelde agendas ontmoet, is daar sekere interaksiepatrone of ideologieë (Lochhead 1988) wat in die algemeen van toepassing is. Hierdie reaksies volg, ongeag of die verskille godsdienstig of sosio-polities van aard is, en kan onder die volgende hoofde uitval:

#### 7.4.1. ISOLASIE.

Die eerste reaksie op die onbekende (wat as 'n bedreiging geïnterpreteer word) is gewoonlik een van laertrek en die saamgroepering van bekendes en van hulle wat dieselfde oortuigings huldig. Uit hierdie laertrek volg 'n definisie van wat reg en verkeerd is en daarna is die groep primêr aan homself verantwoordelik vir handelinge voortspruitend uit hulle siening van waarheid en realiteit. Alternatiewe gesigspunte het weinig indien enige invloed binne die groep. Diegene wat "buite" staan en nie konformeer nie, word uitgemaak as oningelig, vals en die vyand:

The isolated community is marked by one basic attitude. The isolated community defines reality for itself (Lochhead 1988:7).

Isolasie is hier nie noodwendig 'n geografiese onttrekking nie, maar kan ook sosiaal wees. In vandag se moderne, gesekulariseerde samelewing ontwikkel godsdiens as 'n private inisiatief en mense onttrek in 'n denkbeeldige begrensing te midde van die breë samelewing.

#### 7.4.2. ANTAGONISME.

Wanneer bogenoemde begrensde gemeenskap, vir watter rede ookal uitgedaag of gekonfronteer word, word die handelinge van die ander as 'n bedreiging ervaar (Lochhead 1988:12). Die bedreiging (reëel of gefabriseerd) gee dan aanleiding daartoe dat enige optrede van die ander by voorbaat met agterdog bejeën word. Belangrik is dat hierdie uitdaging ervaar word as 'n direkte aanslag op God, wat op sy beurt weer lei tot 'n gevoel van die 'heiliges' teen die 'bose'. Motivering vir 'n "jihad" of kruistog kan dan ook met sukses vanuit hierdie milieu gelewer word.

Alhoewel die 'heilig - boos' polarisasie in die besonder van toepassing kan wees in gevalle waar Christene Allah as 'n afgod

beskou (Lochhead 1988:16f), is dit nie beperk tot intergodsdienstige verhoudinge nie. Kerklike verskille en identiteite binne die Christendom (byvoorbeeld Rooms Katoliek teen Protestant) neem ook soms die vorm van so 'n polarisasie aan.

Deedat en Shorrosh (hoofstukke 3 en 5) rig hulle publikasies juis tot hulle onderskeie gehore wat onderskeidelik 'bedreig' word deur die voordurende aanslae van Christen-evangeliste of van Deedat. Hulle doen oproepe op hulle onderskeie gemeenskappe om op te staan en hulle met argumente teen hierdie aanslae toe te rus.

#### 7.4.3. KOMPETISIE.

Hierdie interaksiepatroon gee aanleiding daartoe dat die deelnemers (onuitgesproke) aanvaar dat hulle 'in dieselfde besigheid' is en dus in kompetisie met mekaar se oortuigings is. Daarom word verskille eerder as ooreenkomste beklemtoon. Dit word 'n geval van "ons is beter, vinniger en sterker as die ander" en volgens Lochhead (1988:22) is die invloed van die Noord-Amerikaanse verbruikerskultuur hier merkbaar:

Ultimately, however, all people are called to acknowledge Jesus Christ as Savior and Lord. Other traditions, which point humanity to other lords and saviors, can only be viewed as competitors to the Christian faith (Lochhead 1988:21).

Alhoewel beide Deedat en Shorrosh (die Bybel versus die Qur'an) ook in hierdie benaderingsraamwerk figureer is dit veral Nehls en Gilchrist wat hier tuis behoort. Life Challenge in die vorm van evangelisasiespanne wat uitreik met die beter alternatief, en 'Jesus to the Muslims' se QUR'AN AND BIBLE SERIES, wat beter Bybelse inhoud en beter teologiese ontleding aanbied. In alle gevalle word daar op foute, verskille en tekortkomminge in die Islam gekonsentreer om spesifieke Christelike standpunte te beklemtoon.

#### 7.4.4. OPSOMMEND.

Die feit dat daar wel interaksie tussen die aanhangers van Jesus en Moslems is, is volgens my baie positief. Hierdie godsdienste kon vir jare in onderlinge isolasie langs mekaar bly voortleef sonder om wedersydse erkenning aan mekaar se bestaan te gee. Die feit dat beide (Christene en Moslems) in interaksie gewikkel is, sê egter iets van die vitaliteit wat in elkeen se oortuigings opgesluit lê. Dit spreek ook boekdele dat hulle bereid is om vir hulle onderskeie oortuigings op te staan - al geskied hierdie kommunikasie in die vorm van onttrekking, antagonisme, kompetisie of soms verbale konfrontasie.

Hierdie kommunikasie vind plaas op vlakke waarvan die aanhangers van beide oortuigings die doel en motief van hulle kommunikasie duidelik (volgens hulle interpretasie) verstaan. Daar word dus binne 'n sekere konteks of raamwerk gekommunikeer en dit op sigself kan as vertrekpunt vir beter kommunikasie gebruik word.

'n Interaksiepatroon van vennootskap ("partnership" - Lochhead 1988:23 e.v.), waar 'n Christengroep met Deedat (as persoon en fenomeen) sou saamwerk teen gemeenskaplike sosiale probleme, is ondenkbaar vir die Christenmodelle van hierdie studie as gevolg van albei kante se eksklusiwistiese benadering tot hulle geloofsoortuigings. Informele samewerking tussen Shorrosh, Gilchrist en Nehls bestaan wel en daar is ook 'n mate van onderlinge samewerking tussen Nehls en Gilchrist met sekere kerke (sien 7.4.).

Politiek (in Suid-Afrika) het bygedra tot die geforseerde isolering van Moslems uit die sogenaamde Indiër- en Kleurling gemeenskappe (sien Hoofstuk 2). Hierdie isolering het veroorsaak dat mense teruggryp na bekende kulturele en godswaardes en daardeur is die fondament gelê vir kommunikasie deur middel van antagonisme. Ironies genoeg is dit weereens politiek (die keer die verwydering van apartheid) wat besig is om veral die blanke Christendom stelselmatig te isoleer. Laasgenoemde het vir jare 'buite' die ander godswêreld

geleef en is nou onseker hoe om binne 'n multi-godsdienstige konteks te leef en te kommunikeer. As gevolg van 'n gebrek aan kennis tree onsekerheid in en word die multi-godsdienstige samelewing as 'n "groot gevaar" ervaar en vind spontane en informele isolasie plaas wat op sy beurt weer die teelaarde vir antagonisme en konfrontasie kan word.

#### 7.5. GEMEENTE - GESENTREERDE BENADERING.

Die plaaslike gemeente as basis vir 'n alternatiewe model kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit is belangrik dat Christelike getuienis aan Moslems nie gebou behoort te word op die bekamping of bestryding van bewegings soos die IPCI nie, maar op die daaglikse lewe van 'n plaaslike Christelike gemeente. Die basis vir uitreiking is dus positief.

Die deur-tot-deur model van Life Challenge is nie uniek aan die organisasie nie en Moslems bied 'n groot mate weerstand teen hierdie metode aangesien dit reeds deur ander instansies soos Jehowa se Getuies oorbenut is. Hierdie model het eerder daartoe bygedra dat die gemiddelde Moslem geïmmuniseer is teen die proses van evangelisering.

Die plaaslike gemeente daarteenoor vorm egter 'n permanente onderdeel van die plaaslike gemeenskap. Die plaaslike gemeente is 'n sigbare en tasbare entiteit wat nie kan onttrek wanneer omstandighede nie na wense verloop nie. Daar is dus minder ruimte binne die plaaslike gemeente vir 'n 'tref-en-trap' benadering tot Moslems.

Dit is belangrik om Deedat in verhouding met die gemeenskap te sien want hy (Deedat) val nie net die Bybelse waarhede aan nie, maar ook die liggaam van gelowiges binne die gemeenskap. Deedat as verteenwoordigend van die Moslemgemeenskap, plaas laasgenoemde in direkte verhouding met die Christengemeenskap en die

konsekwensies daarvan. Deedat en die drie Christenmodelle se optredes het dus 'n bepaalde invloed op die kommunikasie-verhouding van die aanhangers van beide godsdienste binne dieselfde gemeenskap (sien 7.4.).

In retrospek sou dit beter gewees het as Shorrosh se publieke optredes in Suid-Afrika in samewerking met plaaslike gemeentes gereël was. Enige aanval op Shorrosh sou dan ook 'n aanval op die Christengemeenskap gewees het. Omgekeerd sou Shorrosh met groter verantwoordelikheid teenoor beide gemeenskappe sy rede gelewer het.

Die gemeente bied 'n platform vanwaar die verskeie modelle en metodes van Moslemevangelisering geïnisieer, geïmplimenteer en gekontroleer kan word. Die gemeente is ook die springplank vanwaar sending geloods behoort te word. Die gemeentelike uitwaartse beweging (sending) is 'n kardinale onderdeel van die plaaslike gemeente en mag eerstens nie van die wese van die gemeente geskei word nie:

Missions is not an imposition upon the Church for it belongs to her nature (Peters 1972:200).

Tweedens moet daarteen gewaak word dat die gemeente nie sy uitreikingsverantwoordelikheid aan interkerklike organisasies soos dié van Nehls en Gilchrist oordra nie (Peters 1972:229). My kritiek is nie soseer op die organisasies nie, maar eerder by die historiese onwilligheid van plaaslike gemeentes om verantwoordelikheid vir sending deel van dissipelskap te maak. Mense bekeer hulle nie van die hel nie maar tot Jesus Christus as Koning van 'n Koninkryk, waarvan hulle dan ook getuies word:

Conversion is, however, not the joining of a community in order to procure "eternal salvation"; it is, rather, a change in allegiance in which Christ is accepted as Lord and center of one's life (Bosch 1991:488).



### 7.5.1. DIE KOINONIA EN DIE UMMAH.

Paulus gebruik die woord Koinonia (deelgenootskap) in Filippense 1:5 om sy eie verhouding met die gemeente toe te lig. Peters (1972:234) praat van "your joint-participation (with me) in the furtherance of the good news". Deelgenootskap vorm een van die belangrikste aspekte van enige vorm van effektiewe Christelike inisiatiewe. Dit beteken om deelgenote te wees in die reserwes van die Christengemeenskap (Peters 1972:235). Reserwes van aanvaarding, betrokkenheid, gelykheid, beskerming en van 'n alternatiewe familie. Dit impliseer verder 'n voortgesette en permanente vennootskap waardeur geestelike en verhoudingsgroei binne die gemeente plaasvind en vanuit die gemeente oorspoel na die omringende gemeenskap.

Moslems is almal deel van die Ummah, of samelewing, van Islam. Dit is binne hierdie Ummah wat Moslems deel het aan 'n groter gemeenskap waarbinne hulle veilig voel en hulle waardes uitleef. Hierdie gemeenskap vorm hulle hele godsdienslewe, lewenswyse en lewensbeskouing asook hulle vooropgestelde opvattinge en reaksies teenoor ander godsdienste:

Unless the fellowship in the Christian assembly is far superior to that which can be found anywhere else in society, then the Christians can talk about the transforming love and the power of Jesus till they are hoarse, but people are not going to listen very hard (Engel 1979:30).

Om effektief te kommunikeer beteken dus om 'n lewensalternatief in die vorm van die Christen-koinonia (fellowship), binne die Moslemgemeenskap aan te bied. Hierdie sigbare, alternatiewe gemeenskap is die plaaslike gemeente (soos bo uiteengesit) waarbinne Moslems die krag van die evangeliese waarhede in werking behoort te sien. Dit is ook hier waar hulle die lewe van individue binne hulle gemeenskap verander behoort te sien:

A modern Muslim may be indifferent to his religious faith but he will want to remain a Muslim for cultural reasons. To change his religion would mean to cut himself off from his family and the whole Islamic society (Nicholls 1979:155).

Dit is binne hierdie gemeenskap wat bekeerde Moslems hulle alternatiewe familie ontmoet, veilig voel en hulle sosiale lewe asook geloofslewe ervaar. Gilchrist (1988:111) sluit by hierdie beginsel aan en sê dat bekeerde Moslems: "should be received as beloved members of a Christian church".

Maar dit is juis hier waar al drie getuienismodelle van hierdie studie tekort skiet. Shorrosh bied geen raamwerk waarbinne bekeerlinge moet beweeg nie, terwyl Nehls en Gilchrist bespiegel oor die moontlikheid van die opname van Moslembekeerlinge in 'n eiesoortige gemeenskap wat uitsluitlik na laasgenoemde se belange omsien. Hier word dus nie verwys na die plaaslike gemeente binne die bepaalde gemeenskap waar Moslems bearbei word nie.

Life Challenge en Jesus to the Muslims se evangeliste werk nie primêr vanuit die plaaslike gemeentes binne enige bepaalde gemeenskap nie. Hulle bly nie binne die gemeenskap nie, aanbid nie saam met die gemeenskap in die gemeenskap se kerke nie en verbeur daardeur 'n belangrike geleentheid vir getuienis binne die gemeenskap. As die "liggaam van Christus" binne die gemeenskap nie goed genoeg is om mee saam te werk nie, is dit ook nie goed genoeg vir Moslems om daardeur tot bekering te kom of hulle daarby aan te sluit nie.

Hierdie situasie, gekoppel aan die feit dat die meeste evangeliste van die betrokke modelle uit die blanke gemeenskap kom, plaas 'n vraagteken oor die effektiwiteit van die bedieninge aangesien die meeste Moslems in Suid-Afrika in swart woongebiede woon. In hierdie situasie skep die drie getuienismodelle wat bestudeer is ongelukkig ook die indruk dat ons hier met 'n tipiese Westerse sendingbenadering te doen het wat met afstandskoinonia besig is.

Dit sou egter verkeerd wees om die gebrek aan gemeentelike samewerking en betrokkenheid net aan die voete van Nehls en Gilchrist te lê. In onderhoude met Nehls (1992) en Gilchrist

(1992) sê beide dat die gemeentelike model vir hulle 'n hoë prioriteit is, maar dat samewerking (veral oor 'n lang termyn) nie maklik verkry word nie.

#### 7.5.2. DIE GEMEENTE - 'N ADRES.

Die doel van die plaaslike gemeente is om saam (ook in die kerk) met mede-Christene, God te ontmoet. Om saam mekaar te ontmoet en saam die gemeenskap, waarbinne die gemeente bestaan, te ontmoet. Hierdie ontmoeting impliseer 'n verantwoordelikheid teenoor God, die lidmaat en die medemens.

##### 7.5.2.1. Wie se verantwoordelikheid?

Gilchrist wys op 'n belangrike aspek dat beide die gemeente en ook die voornemende bekeerling uit Islam, onwillig is om die konsekwensies van hulle besluite, ten opsigte van hulle verhouding met Islam in die algemeen en Deedat in die besonder te dra:

Very often local Christian churches, especially those in a predominantly Muslim environment, are unwilling to receive Muslim converts for fear of the consequences and possible wrath of the Muslim community upon themselves (Gilchrist 1988:12).

Hierdie reaksie om te isoleer is gebore uit vrees, vrees vir die onbekende vanweë ontoereikende opleiding op gemeentevlak. Om die persoon van Deedat, en veral die fenomeen in die toekoms te ontmoet, (om sodoende 'n breër fondament vir effektiewe kommunikasie te kan lê), is 'n uitgebreide program van inligting en opleiding nodig. Inligting in verband met die aard van die uitdaging van Deedat en opleiding oor die gemeentelike verantwoordelikheid ten opsigte van uitreiking, bekering en nasorg. Opleiding is dus noodsaaklik indien die gemeente die koinonia wil word vanwaar die gemeenskap bereik en bekeerlinge vanuit die gemeenskap versorg sal word.

#### 7.5.2.2. Pastorale versorging van die sendeling.

Die verantwoordelikheid van die pastorale versorging van sendelinge moet ook hier uitgelig word. Gilchrist het sy healtydse bediening in die hartland van Deedat vaarwel toegeroep wanweë 'n tekort aan pastorale versorging wat ten tye van kultuurskok, gebrek aan finansies en morele ondersteuning afwesig was.

Hierdie gebeure onderstreep die belangrikheid van gemeentelik gebaseerde uitreiking en ook intergemeentelike samewerking, in dié geval tussen die sendendegemeente en die operasionele gemeente (vanwaar die bediening bedryf word). Die missiologiese vraag van die verhouding tussen gemeente en sending is dus hier (nogmaals) relevant.

#### 7.5.3 GEMEENTE EN SENDING - 'N VENNOOTSKAP.

Om die uitdaging van die proliferasie van Deedat se argumente deur sy publikasies en debatte te ontmoet, sal die stukrag van die teenwerking verplaas moet word na die plaaslike gemeente en veral die lidmaat. Die taak op hande is sekerlik (Bybels) nie die taak van interkerklike organisasies (alleen) nie, maar die taak van die gemeente wat die draers en verteenwoordigers van die Evangelie is:

The command of Christ which summons us to be His fellow workers in seeking to win for Him the community of Islam is a call to the whole Church. The task is too arduous and immense to be left to the valiant efforts of little half-neglected groups representing but a fraction of the mighty Christian forces potentially available (Addison 1966:33).

Om die bestaansreg van parakerklike organisasies en hulle verhouding met die kerk te bepaal, val nie binne die bestek van hierdie studie nie en is ook deur die eeue nog nie heeltemal uitgepluis nie. Genoegsaam is egter om te sê dat hierdie groepe terreine betree het waarop die kerk huiwerig is om op te beweeg.

Dit gaan dus nie hier oor die een òf die ander nie, maar die kerk en para-kerklike instansies moet self verby die kommunikasie Modelle van isolasie (nie nodig), antagonisme (onbybels) en kompetisie beweeg, alvorens daar effektief met die aktiwiteite van die IPCI gehandel kan word. 'n Kommunikasie Model van vennootskap en wedersydse erkenning van mekaar se funksie, bediening en spesialisasie is noodsaaklik.

#### 7.5.4. OPLEIDING.

Deedat se aansprake en interpretasie van die Bybel en die goddelikheid van Jesus Christus vra aan die een kant vir 'n apologetiek wat verteenwoordigend van die breë kerk is. Aan die anderkant spreek Deedat ook indirek die verhouding tussen kerk en sending aan. In Suid-Afrika is nóg die kerk in die breë, nóg die kerk in sending georganiseerd betrokke by Moslemevangelisasie. Die gevolgtrekking is enersyds dat die kerk bogenoemde as die taak van interkerklike organisasies beskou en andersyds dat die Islam nie 'n missionêre prioriteit van die kerk is nie.

Om Deedat (as mens en fenomeen) se "mens-in-die-straat-teologie" effektief te beantwoord, sal groter samewerking tussen verskillende denominasies vereis word asook oorkoepelende teologiese verklarings. Deedat (sien Hoofstuk III) baseer juis sommige van sy argumente op teenstrydige teologiese standpunte, komende van verskillende denominasies.

Bogenoemde probleme kan tot 'n groot mate uitgeskakel word as die rol van die plaaslike gemeente, as 'n teologiese prioriteit vir kerk-in-sending meer beklemtoon word tydens die opleiding van aspirant leraars. Die Bybelse beginsels van 'n gemeentegekonsentreerde teologie behoort ook deur die leraar afgewentel te word na die lidmaat. Interkerklike organisasies (soos in hierdie studie behandel) kan 'n groot rol speel in die opleiding en toerusting van leierskap en lidmate ten opsigte van Moslemevangelisering vanuit plaaslike gemeentes.

Opleiding veronderstel nie primêr die maak van bekeerlinge nie, maar eerder die toerusting van beide die leraar sowel as die lidmaat, met bekering as die natuurlike uitvloeisel van hierdie dissipelskapproses:

By its very nature and assumptions, programmatic evangelism tends to have its goal decisions for Christ, not disciples (Wimber 1985:56).

#### 7.5.4.1. Lekebediening.

Deedat se sukses (7.2.1.1.) lê juis ook in die toerusting en mobilisering van leke-Moslems. Soos reeds genoem, bied die gemeente die ideale platform vanwaar Christene gemotiveer en toegerus kan word om nie net die argumente van Deedat gemaklik te kan hanteer nie, maar ook om vrymoedig met Moslems te kommunikeer op nie-godsdiensstige vlakke soos op sosiale gebied, sport- en werkterrein. Dit skep 'n meer ontspanne omgewing waar Christen en Moslem mekaar nie primêr as godsdienswesens ontmoet nie, maar eerder as mense:

A laity highly motivated and enthusiastic about their faith in Jesus Christ will be the key to effective outreach among Muslims. Resources should be directed toward the establishment of such a lay movement (Parshall 1980:174).

Dit dien ook as vertrekpunt vir vriendskapevangelisasie aangesien die primêre motief van vriendwees hier na vore kom, naamlik medemenslikheid:

Muslims are unlikely to become your bretheren until they first become yours friends (Gilchrist 1988:37).

#### 7.5.5. VRIENDSKAP-EVANGELISASIE.

Bogenoemde stelling veronderstel nie dat Bybelse waarhede ondergeskik aan sosiale (of ander) waardes gestel word nie. Dit dwing egter lidmate om te beseft dat hulle godsdiens nie net 'n vertikale dimensie is wat in 'n vakuum bedryf word nie maar ook 'n verhouding, met ander mense. Dit is wanneer lidmate binne die gemeenskap, met mense buite hulle koinonia ontmoet (dit wil sê buite die gemeentelike isolasie) en hulle medemens nie net

as godsdienstige of politieke wese sien nie, dat bande van vriendskap gebou kan word. Dit is juis hierdie bande wat behoudend is in tye van konfrontasie:

The presupposition of genuine dialogue is not that the partners agree beforehand to relativise their own convictions, but that they accept each other as persons (Anderson 1984:184).

Alhoewel vriendskapevangelisasie 'n belangrike model van evangelisering is, val 'n breër bespreking van die waarde daarvan buite die bestek van hierdie verhandeling. Dit is genoegsaam om te sê dat die plaaslike gemeente die platform is vanwaar vriendskapevangelisasie behoort bedryf moet word. Dit oorbrug Nehls se argument dan ook wat sê dat evangelisasie en vriendskap twee onversoenbare begrippe is (sien 4.3.2.). Hierdie begrippe is onversoenbaar as (soos in Nehls se geval) 'afstandsevangelisasie' toegepas word. Wanneer dit so beoefen word ontmoet mense mekaar as godsdienwesens en nie as medemense binne 'n bepaalde gemeenskap nie.

Vriendskapevangelisasie veronderstel ook nie net 'n deur-tot-deur model wat deur individue in die gemeente bedryf moet word nie, maar meer, dit gaan ook om gesin in ontmoeting met gesin, ouer tot ouer en kind tot kind. Hierdie kan egter slegs 'n realiteit word wanneer die gemeentelidmate behoorlik toegerus is ten opsigte van kennis van God en die Godsbegrippe van diegene wat nie hulle geloofsoortuiginge deel nie (sien 7.5.4.).

#### 7.6. VRAE VIR VERDERE NAVORSING.

Daar is sekere vrae wat nie deur hierdie studie beantwoord is nie en ek wil ten slotte drie daarvan uitlig:

##### 7.6.1. BLANKESENDING.

Die feit dat blanke sendelinge in Suid-Afrika 'n leidende rol in Moslemevangelisering speel kan nie negatiewe kritiek uitlok nie.

Die vraagteken is nie oor die aanwesigheid van blanke sendelinge nie maar eerder oor die afwesigheid van Christene afkomstig vanuit ander kultuurgroepe.

Vrae wat nie deur hierdie studie gedek is nie, is onder andere:

- a. Waarom die oënskynlike gebrek aan belangstelling by die ander kultuurgroepe?
- b. Hoe oordraagbaar is die Westerse-blanke uitreikingsstyl na ander kultuurgemeenskappe?
- c. Kan so 'n model oorgeplaas word sonder die hulp van Westerse kapitaal?
- d. Watter moontlike resultate kan verwag word van 'n gemeenskapgebaseerde uitreikingsaksie?
- e. Hoe sou iemand van 'n ander kultuuragtergrond as ek, hierdie studie aanpak?

#### 7.6.2. PARA-KERK.

Die verhouding (of eerder die gebrek daaraan) tussen die kerk en para-kerk organisasies word weereens in hierdie studie uitgelig. Aan die kant van die kerk is daar 'n oënskynlike traagheid om direk by Moslemevangelisasie betrokke te raak en alhoewel kennis van organisasies soos dié in hierdie studie genoem word, is daar nie werlik betrokkeheid, samewerking of finansiële steun aan die organisasies nie (Gilchrist 1992 & AGS 1991).

Wat die verhouding behoort te wees en hoe daar groter samewerking tussen die genoemde partye kan, of behoort te wees, bly 'n ope vraag.

#### 7.6.3. PINKSTER.

Nie een van die modelle van hierdie studie is in hulle teologie of benadering tot die Islam, pinkstergeorïenteerd nie. Dit spreek enersyds van 'n gebrek aan belangstelling aan die kant van die Pinkstergemeenskap. 'n Gebrek wat moontlik gebore is uit die feit dat Islam tradisioneel 'n moeilike sendingveld is en dus nie so resultaatlewerend ten opsigte van bekeerlinge soos ander velde is nie. Andersyds kan dit bloot wees as gevolg van



gebrekkige dokumentasie deur Pinkstermense van hulle betrokke-  
heid in hierdie veld, of gebrek aan navorsing van die werks-  
metodes van hierdie groep. Hoe daar ookal na die vraag gekyk  
word, bly die feit staan dat pinkster 'n kardinale onderdeel van  
enige vorm van evangelisering behoort te wees:

The book of Acts pictures the apostles as wonder-workers.  
This is in continuity with the praxis and the beliefs,  
especially populist, both in Judaism and in the Greco-Roman  
culture (Anderson 1981:11).

Pinksterteologie is ook in sy wese konfrontasie teologie, die  
konfrontasie van lig en duisternis (Stacey 1978:444), of soos  
Alan Tippett dit noem: "power encounters, the clashing of  
Kingdoms" (1971:56). Dit is juis daarom vreemd dat die gebrek  
aan die pinkstergebeure so opvallend in hierdie studieveld was.

#### 7.7. TEN SLOTTE.

In hierdie studie is daar na Christene se reaksie op die publi-  
kasies en debatte van die IPCI aan die hand van drie missionêre  
modelle gekyk. Hierdie was seker nie die laaste of enigste  
ontmoeting tussen die kerk en Islam nie en daar kan met  
vrymoedigheid aanvaar word dat sorgelyke ontmoetings reeds  
besig is om plaas te vind. Die kerk se reaksie op hierdie  
gebeure sal afhang van die mate waarin dit voorberei is vir  
sodanige ontmoeting. In hierdie verband is daar basies drie  
aspekte waaraan aandag geskenk kan word. Die eerste vereis dat  
die kerk toegerus sal wees ten opsigte van kennis "which  
includes a personal knowledge of God through Jesus Christ"  
(Stacey 1978:443). Ook kennis van die Islam, Moslems as mense  
en die kultuuragtergrond waarbinne Moslems hulle godsdienstige  
lewe ervaar:

Religion is a believing view of life, approach to life, way  
of life, and therefore a fundamental pattern embracing the  
individual and society, man and the world, through which a  
person sees and experiences, thinks and feels, acts and  
suffers everything (Küng 1986:xvi).

Tweedens sal die sukses van verdere ontmoetings afhang van die vermoë van beide partye om met mekaar te kommunikeer, die vermoë om oor kultuur- en godsdiensgrense aan Moslems as mense, die boodskap van die Goeie Nuus in Jesus Christus te bring. Die vraag wat Jesus in Johannes 16:13 aan Sy dissipels vra "Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?", bly ook vir die Moslem-wêreld relevant. Die gaan dus ook oor die luister sowel as die verkondiging.

Die laaste en bepalende faktor is die wil om lief te hê. Soos Paulus tereg in 1 Korintiërs 13:1-3 opmerk vorm liefde die beter, alternatiewe weg:

Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is

Al praat ek die tale van mense en engele,

maar ek het geen liefde nie,

het ek 'n stuk klinkende metaal,

'n galmende simbaal geword.

Al het ek die gawe om die boodskap te verkondig

en ken al die geheimenisse

en besit al die kennis,

en al die geloof om berge te versit,

dan is ek niks.

Al deel ek al wat ek het aan ander uit,

en al gee ek my liggaam prys

om my daarop te kan beroem,

maar ek het geen liefde nie,

baat dit my niks.

---

ADDENDUM I.

LYS VAN ARABIESE- EN ANDER WOORDE.

Allah - Die Arabiese woord vir God.

Ayah - Vers van die Qur'an.

Buruz - Die reïnkarnasie van 'n persoon.

Hadith - Nuus, inligting of tradisie. Dit het 'n spesiale betekenis in Islam en verwys na die gesaghebbende oorelewings aangaande die lewe en uitsprake van die profeet Mohammed (Sarwar 1984:196).

Hijra - Migrasie. Dit verwys na Mohammed se verhuising van Mekka na Medina in die jaar 622 n.C. Dit word deur die Moslems gereken as die begin van die Islamitiese jaartelling, bekend as anno hegirae - afgekort A.H.

Imàn - Geloof (Cooper 1985:212).

Imam - Gebedsleier asook godsdienstige leier in 'n gemeenskap.

Injil - Die Evangelie. "The book brought by Jesus" (Cooper 1985:212). Volgens Moslems het die oorspronklike Injil verlore gegaan.

Islam - "To submit; submission to the will of Allah or the law of Allah (Cooper 1985:212).

Jihad - Om jou allerbeste te lewer. "Jihad is the use of all our energies and resources to establish the Islamic system of life, in order to gain Allah's favour (Sarwar 1984:81)." Ook 'n heilige oorlog (Cooper 1985:213).

Mahdi - 'n Persoon wat jou bystaan of begelei. "A figure many Muslims believe will appear at the end time to restore righteousness briefly before the end of the world, the day of judgement" (Glassé 1989:246).

Maulvi - 'n Urdu-woord vir 'n Moslemgeleerde, wat veral deur Indiërmoslems gebruik word.

Mawlana - Onderwyser (sinoniem met Maulvi).

Moslem - Aanhanger van Islam.

Mujaddid - Die verwagting is dat daar elke honderd jaar 'n persoon sal kom om die mensdom te vernuwe ten opsigte van hulle geloof.

Nabi - Profeet.

Qur'an - Die boek waarin die openbarings volgens Mohammed saamgevat is.

Salàh - Die tweede pilaar van Islam naamlik vasgestelde gebed.

Shahadah - Die geloofsbelydenis van Islam, waarin die eenheid van God en die profeetskap van Mohammed bely word.

Sura - Hoofstuk van die Qur'an. Daar is 114 hoofstukke in die Qur'an.

Ulama - Meervoud van `alim. Kenner van die wet van Islam.

Ummah - Die Moslemgemeenskap van gelowiges.

Zakàt - Vorm die derde pilaar van Islam. Zakàt word jaarliks betaal en is ongeveer 2.5% van 'n persoon se inkomste.

Zill - Reïnkarnasie.

ADDENDUM II

Deedat se lektuur bestaan uit die volgende geadverteerde titels:

- a. What the Bible says about Muhammed.  
(Eerste uitgawe in Mei 1976. Oplaag gedruk tot November 1985 is 320,000)
- b. What was the sign of Jona?  
(Eerste uitgawe, November 1977. Oplaag gedruk tot Maart 1988 is 220,000.)
- c. Who moved the stone?  
(Eerste uitgawe verskyn November 1977. Oplaag gedruk tot Maart 1988 is 220,000.)
- d. "50,000 Errors in the Bible?"
- e. Resurrection or Resuscitation?  
(Eerste uitgawe verskyn in Januarie 1978. Oplaag tot April 1983 is 20,000
- f. Al-Quran - The ultimate Miracle.  
(Eerste uitgawe verskyn in Februarie 1979. Oplaag tot op Oktober 1984 is 60,000).
- g. Is the Bible God's Word?  
(Eerste uitgawe verskyn in Maart 1980. Oplaag tot Desember 1987 is 360,000).
- h. What is His Name?  
(Eerste uitgawe verskyn Desember 1981. Oplaag gedruk tot Januarie 1986 is 170,000).

i. The God that Never Was.

(Eerste uitgawe verskyn Februarie 1983. Oplaag gedruk tot en met Mei 1990 is 340,000).

j. Islam's Answer to the Racial Problem.

(Enigste uitgawe gedruk is in Mei 1983 met 'n oplaag van 50,000).

k. Christ in Islam.

(Eerste uitgawe verskyn Augustus 1983. Oplaag gedruk tot en met Oktober 1985 is 200,000).

l. MUHUMMED The Prophet of Islam.

(Eerste uitgawe verskyn April 1985 en oplaag gedruk tot September 1987 is 130,000).

m. Crucifixion or Cruci-Fiction?.

(Eerste uitgawe verskyn in Maart 1984. Oplaag gedruk tot Oktober 1985 is 200,000).

---

ADDENDUM III

Lys van lesings van Mnr Deedat wat in 1989 op kassette beskikbaar was van die IPCI in 1989:

<u>Titel</u>	<u>Plek</u> (waar dit gelewer is)
What the Bible says about Muhammed.	Kaapstad
Was Christ Crucified.	Kaapstad
Muhammed - The Natural successor to Christ. (x2)	Durban Stadsaal
Muhammed - The Greatest.	Durban Stadsaal
Missionary Mennace	
Why Comparative Religion?	
Is the Bible the Word of God?	Port Shepstone
Islam (x2)	
Trinity (x2)	
Discussion on the Bible	
Christ in Islam	
Islam to the Africans	
Original Sin	Wellington
What is Atonement	
Jesus - Man, Myth or God? (x2)	
Was Christ Crucified? - 1977 version (x2)	
Black Muslims (x2)	
Lecture to Visitors to the Mosque	
Christianity, Communism or Islam?	Durban Stadsaal
Was Christ Crucified? (x2) - Deedat versus Professor Floyd	Royal Albert Hall - Engeland
Is Jesus God?	Ladysmith
The Qur'an or the Bible? - Which is Gods Word?	
After Dinner Dialogue with Christians	

Was Christ Crucified?	Benoni
Was Christ Crucified? (Deedat only)	West Ridge Park
Ahmed Deedat and Josh Mc Dowell (VSA)	West Ridge Park
Ahmed Deedat and Hafez Abu Baker	Iran
Deedat vs Dr Lottem - Israel versus Arabs	Universiteit van Natal
Christ in Islam	
Deedat and Gary Miller-Islam and Christianity	West Ridge Park
Arabs and Israel - Conflict or Conciliation	Hanover Park
Crucifixion or Cruci-fiction	
Jimmy Swaggart - Ahmed Deedat	
Is the Bible Gods Word November 3 86	Louisana USA
Swaggart - Deedat Questions & Answers	Louisana USA
Muhummed the Natural Successor to Christ	
Muhummed the Greatest (x2)	Civic Centre Retreat Cape
Is Jesus God?	
What the Bible says about Muhummed	
What the Bible says about Muhummed	Cape
From Hinduism to Islam	
Is Jesus God? Deedat versus Anis Shorrosh	Royal Albert Hall
Ahmed Deedat on Radio Birmingham	
Quranic Recitals by Leading Oaris	
Questions and Answers	Capital Radio

---



ADDENDUM IV

---

Die volgende is 'n gepubliseerde lys van materiaal beskikbaar van SIM/Life Challenge.

A. VIDEOS:

ISLAM IN PERSPECTIVE - G NEHLS  
ISLAMIC ATTACKS AGAINST THE CHRISTIAN FAITH - G NEHLS  
OUR CHRISTIAN WITNESS TO MUSLIMS

B. BOEKE:

1. VIR DIE CHRISTEN:

THE GREAT COMMISSION, YOU AND THE MUSLIM - G Nehls  
WHO CARES? - G Nehls

2. BYBEL KORRESPONDENSIE:

AL-KITAB - G Nehls in samewerking met Bybelkor

3. STUDIEMATERIAAL VIR CHRISTENE EN MOSLEMS:

CHRISTIANS ANSWER MUSLIMS - G Nehls  
CHRISTIANS ASK MUSLIMS - G NEHLS  
REALITY AND TRUTH - G NEHLS

4. LITERATUUR VIR MOSLEMS:

DEAR ABDALLAH - G NEHLS  
HIS NAME SHALL BE WONDERFUL - W M MÜLLER  
A TESTIMONY TO THE TRUTH OF THE HOLY WRITINGS  
- SULTAN MUHAMMAD KHAN

COMPARING CONFUSING CONSIDERING CONCLUDING - G NEHLS

DESTINATION UNKNOWN - G NEHLS

PURPOSE AND AIM - G NEHLS

5. STUDIEMATERIAAL VIR CHRISTENE:

ISLAM - HOW IT SEES ITSELF, AS OTHERS SEE IT, AS IT IS

ISLAM - ATTACKING THE CHRISTIAN FAITH

ISLAM - A TACTICAL AND PRACTICAL EVANGELISTIC APPROACH

- G NEHLS

---

ADDENDUM V

---

Die volgende is 'n lys van gepubliseerde materiaal beskikbaar van Jesus to the Muslims.

A. AUDIO-KASSETTE:

A PERSONAL TESTIMONY - B Sheikh  
BASIC LECTURES ON MUSLIM EVANGELISM - J Gilchrist  
THE GOSPEL AND ISLAM - J Gilchrist  
THE CRUCIFIXION: FACT NOT FICTION - J Gilchrist  
WAS CHRIST CRUCIFIED? - Josh McDowell and Ahmed Deedat  
IS THE BIBLE THE WORD OF GOD? - J Gilchrist and Yusuf Buckas  
THE BIBLE AND THE QUR'AN - Steven Masood and Allan Ashurst  
JESUS IN THE QUR'AN AND THE BIBLE - J Gilchrist and Adam Peerbai

B. Boeke:

Deur John Gilchrist:

DIE QUR'AN AND BIBLE SERIES:

The Crucifixion of Christ: A Fact, or Fiction (1985).

What indeed was the sign of Jona?

The Textual History of the Qur'an and the Bible.

Christ in Islam and Christianity.

Is Muhammad Foretold in the Bible?

Origins and Sources of the Gospel of Barnabas.

CHRISTIANITY AND ISLAM.

MUHAMMAD AND THE RELIGION OF ISLAM (1986).

THE CHRISTIAN WITNESS TO THE MUSLIM (1988).

ADDENDUM VI

Die volgende is 'n gepubliseerde lys van materiaal beskikbaar van die Anis Shorrosh Evangelistic Association.

A. BOEKE:

1. The Glory of Christ: A Commentary on Ephesians (in Arabic).  
Anis Shorrosh:Jordan 1965.
2. An Ambassador for Jesus.  
Mobile:Harvard 1968.
3. The Liberated Palestinian.  
Wheaton:Victor Books 1977.
4. Jesus, Prophecy and the Middle East.  
Nashville:Thomas Nelson 1979.
5. The Exciting discovery of the Ark of the Covenant.  
Winona Minnesota:Justin Books 1984.
6. Islam Revealed.  
Nashville:Thomas Nelson 1988.

B. VIDEOS:

1. "Heritage U.S.A.":  
Testimony and Challenge of Islam .
2. "Is Jesus God":  
Shorrosh and Deedat debate, London 1985.
3. "The Qur'an and the Bible. Which is Gods Word?":  
Shorrosh and Deedat debate, England 1988.
4. "The Qur'an, Word of God or Mohammed":  
Dr Badawi and Dr Shorrosh. Debate at University of Kansas,  
September 1989.

C. ODUDIO KASSETTE:

1. The Liberated Palestinian.
2. The Exciting Discovery of the Ark of the Covenant.
3. Christian-Muslim Debate, "Is Jesus God?".  
Shorrosh and Deedat debate.
4. "The Qur'an and the Bible. Which is Gods Word?".  
Shorrosh and Deedat debate.
5. Islam Revealed.
6. Jesus, Prophecy and the Middle East.

BRONNELYS.

Abassi, M O 1953. The Mirror. Durban.

Abdalati, Hammudah 1988. Islam in Focus. India: Crescent Publishing Company.

Abdul-Haqg, Abdiyah Akbar 1980. Sharing your Faith with a Muslim. Minnesota: Bethany Fellowship.

Adams, Charles C 1933. The MacDonald Presentation Volume. London: Princeton.

Adams, A M 1990. Why Was Deedat Ducking?. Muslim Digest, 27.

Addison, James Thayer 1966. The Christian Approach to the Muslim. New York: AMS Press.

Africa Events, 1986. Islam declared a False Religion.

Agjee, A 1988. Persoonlike Onderhoud. Sekretaris Generaal van die IPCI in Durban.

AGS van Suid-Afrika, 1990. Uitvoerende Raad besluit no. 90/11.7), November.

Ahmad, Aziz 1965. An Intellectual History of Islam in India. in Greyling, C J A 1976. Die Invloed van Strominge in die Islam op die Jesusbeskouing van die Suid-Afrikaanse Moslems. D.Th. proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Ahmad, Ghulam 1901. A Misunderstanding Removed. Indië: Rabwah.

Ahmad, Mubarak 1965. Our Foreign Missions. Indië: Rabwah.

Ahmad, Nazir 1956. Jesus in Heaven on Earth. Zurich: Press.

Al-Balaagh, 1987. Attack Deplored. May/June Vol.12 No.4.  
Johannesburg.

Al-Balaagh, 1987. A Muslims Mission. May/June Vol.12 No.4.  
Johannesburg.

Al-Balaagh, 1989a. Dear Theophilus. November/December Vol.12  
no.4. Johannesburg.

Al-Balaagh, 1989b. Jesus Christ. November/December Vol.12  
no.4. Johannesburg.

Al-Balaagh, 1992. The Islam Bashing. May/June Vol.17 No.2.  
Johannesburg.

Al-Balaagh, 1992. Gerhard Nehls' Challenge Accepted.  
Aug/Sept Vol17 No.4. Johannesburg.

Ali, Muhammad 1950. The Religion of Islam.  
Lahore: The Ahmadiyyah Arjuman Isha`at Islam.

Al-Qalam, 1980. Missionary activity among Muslims. October  
9,8.

Anderson, Norman 1985. The World's Religions. England:  
Inter-Varsity Press.

Anderson, Norman 1984. Christianity and World Religions.  
England: Inter-Varsity Press.

Arabia, 1986. Interview with Ahmed Deedat. Saudi Arabia.

Awake, 1957. 50,000 Errors in the Bible. September 8,25.

Bavinck. J H 1960. An Introduction to the Sceince of Mission. Philadelphia: Presbyterian Publishing Co.

Behardien, Ahmed 1960. The Cross or Crescent. Cape Town: Church of the Province.

Biggs, Wilfred W 1965. Introduction to the History of the Christian Church. London: Edward Arnold.

Bosch, David J 1991. Transforming Mission. New York: Orbis Books.

Brockelman, Carl 1982. History of the Islamic Peoples. London: Routledge and Kegan Paul.

Cape Times, 1990. Heavy Attack on Islam. Sheik Shahied Satardien, June 23,1. Cape Town.

Chadwick, Owen 1977. The Reformation. Great Britain: Hazell Watson and Viney.

Challen, Edward F 1988. To Love a Muslim. Great Britain: Cox and Wyman.

Christensen, Jens 1977. The Practical Approach to Muslims. Canada: North African Mission.

Citizen 1990, Evangelist flee from South Africa. June 27,3.

Citizen 1991, Violence and Sport. November 25,18. Johannesburg.

Clark, Mathew S 1989. Pentecostal Theology. Pretoria: University of South Africa.

Clark, Mathew S 1992. Resource Notes. Unpublished. Johannesburg: AGS.

Cooper, Anne 1985. Ishmael my Brother. Kent: STL Books.

Crafford, Dionne 1991. Islam ons groot uitdaging. Die Sendingblad, April.

Crafford, Dionne 1986. N G Kerk Sinodale verslag. Algemene Sinode van die N G Kerk. Pretoria.

Cragg, Kenneth 1970. Alive to God. London: Oxford University Press.

Cragg, Kenneth A. 1978. Islamic Theology: Limits and Bridges, in McCurry, Don M. The Gospel and Islam. California: MARC, 196-204.

Cragg, Kenneth 1985. The Call of the Minaret. New York: Orbis Books.

Deedat, Ahmed 1960. Was Christ Crucified?. Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1977. Muhammad the Natural Successor to Christ. Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1980. AL-QUR'AN: The Ultimate Miracle. Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1981. Who Moved The Stone? Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1983a. Christ in Islam. Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1983b. What was the Sign of Jonah? Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1984. Crucifixion or Cruci-Fiction? Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1985. Resurrection or Resuscitation? Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1986. The God That Never Was. Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1987. Is the Bible God's Word? Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1988. What is His Name? Islamic Propagation Centre in Durban.

Deedat, Ahmed 1989. Arabs and Israel. Durban: Islamic Propagation Centre.

Deedat, Ahmed 1990. What the Bible says about Muhammed. Durban: Islamic Propagation Centre.

Die Burger 1961. Ds Pypers Aanvaar Uitdaging van Mohammedane. Augustus 6, 9.

Die Sendingblad 1987. Nuwe Video vir Mema. Jaargang 23, Mei No.5. Bloemfontein: N G Sendingpers.

Die Sendingblad 1991. Moslemsending. Jaargang 27, April No.4, 5-13.

Engel, James F. 1975. Contemporary Christian Communications. Nashville: Thomas Nelson Publishers.



Findley, Paul 1985. They Dare to Speak Out. Durban: Islamic Propagation Centre International.

Ford, Leighton 1978. Foreword, in McCurry, Don M. The Gospel and Islam. California: MARC, 5-6.

Frontline Fellowship, 1990. Islam in Africa. Edition 2. Newlands.

Fry, George & King, James R 1981. Islam a Survey of the Muslim Faith. Michigan: Baker Book House.

Gilchrist, John 1977. The Challenge of Islam in South Africa. Benoni: Industrial Press.

Gilchrist, John 1979. Is Muhammad Foretold in the Bible? Roodepoort: Roodepoort Mission Press.

Gilchrist, John 1985a. The Textual History of the Qur'an and the Bible. Roodepoort: Roodepoort Mission Press.

Gilchrist, John 1985b. What Indeed was the Sign of Jonah? Roodepoort: Roodepoort Mission Press.

Gilchrist, John 1985c. The Crucifixion of Christ: A Fact not Fiction. Roodepoort: Roodepoort Mission Press.

Gilchrist, John 1986. Muhammad and the Religion of Islam. Roodepoort: Roodepoort Mission Press

Gilchrist, John 1988. The Christian Witness to the Muslim. Roodepoort: Roodepoort Mission Press.

Gilchrist, John 1990. Our Approach to Islam: Charity or Militancy? Benoni: Industrial Press.

Gilchrist, John 1992. Persoonlike onderhoud, Benoni.

Glassé, Cyril 1989. The Concise Encyclopaedia of Islam.  
London: Stacey International.

Glasser, Arthur F. 1978. Power Encounter in Conversion from  
Islam, in McCurry, Don M. The Gospel and Islam. California:  
MARC, 129-142.

Gleaner, 1987. Unlocking the Islamic Door. August/September.  
White River: Africa School of Mission.

Greyling, C J A 1976. Die Invloed van Strominge in die Islam  
op die Jesusbeskouing van die Suid-Afrikaanse Moslems. D.Th.  
proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Hengel, Martin 1971. Was Jesus a Revolutionist?  
Philadelphia: Fortress Press.

Kateregga, B & Shenk, D 1981. Islam and Christianity: A  
Muslim and a Christian in Dialogue. Grand Rapids: Eerdmans.

Kairanvi, M R 1989. Izhar-ul-Haq. London: TaHa Publishers  
Ltd.

Kritzinger, J J 1985. Statistiese Beskrywing van die  
Godsdienstige Verspreiding van die Bevolking van Suid-  
Afrika. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Kuper, Hilda 1960. Indian People in Natal. Pietermaritzburg:  
University of Natal Press.

Küng, Hans 1976. The Church. Great Britain: Biddles Ltd.

Küng, Hans 1985. Christianity and the World Religions.  
London: Collins Publishers.

Lambert, Lance 1988. Call to Prayer. Cape Town: Maranatha Press

Laffin, John 1988. The Impetus of Islam. Oxon: Souldern.

Lochhead, David 1988. The Dialogical Imperative. New York: Orbis Books.

Makki, Mohammed 1990. Mr Deedat's Lack of Islamic Knowledge. Muslim Digest. June/July, 15.

Mandivenga, E C 1983. Islam in Zimbabwe. Zimbabwe: Mambo Press.

Marsh, Charles R 1980. Share your Faith with a Muslim. Chicago: Moody.

McCurry, Don M. (ed. )1978. The Gospel and Islam. California: MARC.

Meer, Fatima 1969. Portrait of Indian South Africans. Durban: Avon House.

Miller, William 1986. A Christian's Response to Islam. Kent: STL Books.

Müller, A L 1963. Die Ekonomiese Posisie van die Asiaat in Suid-Afrika en enkele ander gebiede in Afrika. In Greyling, C J A 1976. Die Invloed van Strominge in die Islam op die Jesusbeskouing van die Suid-Afrikaanse Moslems. D.Th. proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Muslim Digest, 1989. Muslim Scholar of Christian Bible. June/July Vol.39. Cape Town.

Muslim Digest, 1988. Deedat continues to promote Ahmadi. June/July. Cape Town, 18-19.

Muslim Digest, 1990. Deedat turns down challenge. August/September. Cape Town, 24.

Muslim Digest, 1992. Deedat a Muslim or not a Muslim? March/April. Cape Town, 288.

Muslim Views 1987. A Challenge to the Church and State. Aug/Sept. Cape Town, 12.

Nehls, Gerhard 1975. The Great Commission: You and the Muslim. Belville: Evangelical Mission Press.

Nehls, Gerhard 1987. Christians ask Muslims. Belville: Evangelical Mission Press.

Nehls, Gerhard 1988. Christians answer Muslims. Belville: Evangelical Mission Press.

Nehls, Gerhard 1990. Premises and Principles of Muslim Evangelism. Bombay: GLS Press.

Nehls, Gerhard 1992a. Persoonlike Onderhoud. Johannesburg.

Nehls, Gerhard 1992b. Resource Notes. Johannesburg: Life Challenge.

Nicholls, Bruce J 1979. New Theological Approaches in Muslim Evangelism. California: MARC.

Palmer, Bernard 1980. Understanding the Islamic Explosion. Alberta: Horizon Books.

Pfander, C G 1986. The Mizan-ul-Haqg. Austria: Light of Life.

Peters, George W 1972. A Biblical Theology of Missions. Chicago: Moody.

Parshall, Phil 1975. The Fortress and the Fire. Bombay: India Printing Works

Parshall, Phil 1980. New Paths in Muslim Evangelism. Michigan: Baker Book House.

Pomerville, Paul A 1985. The Third Force in Mission. USA: Hendrickson Publishers.

Renwick, A M 1977. The Story of the Church. Great Britian: J W Arrowsmith.

Rosenthal, Stanley 1978. One God or Three? Fort Washington: Christian Literature Crusade.

SABRA, 1956. Die Asiaat en Afrika. Kaapstad: SABRA.

Sarwar, Ghulam 1984. ISLAM: Beliefs and Teachings. Nottingham: The Muslim Education Trust.

Schaeffer, Francis A 1968. Escape from Reason. England: Inter-Varsity Press.

Schlink, Basilea 1984. Allah or the God of the Bible - What is the Truth? Great Britain: Lakeland.

Shorrosh, Anis A 1988. Islam Revealed. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

SIM, 1987. Internal Memo from Harald Fuller to management of Sudan Inland Mission, USA.

Stacey, Vivienne 1978. Levels, Styles and Locations of Training Programs, in McCurry, Don M. The Gospel and Islam. California: MARC, 442-451.

Stendahl, Krister 1981. A Biblical Vision, in Anderson Gerald H (ed), Christ's Lordship and Religious Pluralism. New York: Orbis, 7-18.

Sunday Times, 1991. Unruly Crowds. November 25,32.

Taheri, Amir 1987. Holy Terror. London: Cox and Wyman.

Tippet, Alan R 1971. People Movements in Southern Polynesia. Chicago: Moody Press.

The Star 1986. Solidarity with Ghaddafi. Junie 22,10.

The Star 1977. Court Decision in Favour of Attorney. May 17,3.

Thompson, L M 1952. Indian Immigration into Natal. Kaapstad.

Transvaler, 1991. Vertaler van Satanic Verses vermoor. Augustus 8,1.

Van Gerpen, Emory 1983. Notes on Islam. Illinois: Oasis Books

Watt, W M 1976. MUHAMMAD: Prophet and Statesman. Oxford: Oxford University Press.

Wessels. Antonie 1978. De Moslimse Naaste. Kampen: J H Kok.

Wimber John 1985. Power Evangelism. London: Hodder and Stoughton.

World Christian, 1986. South Africa. May/June, 3.

Zwemer, Samuel M 1907. Islam - A Challenge of Faith. New York: Student Volunteer Movement

---